

DIE EVANGELIE VOLGENS MATTEUS

Inleiding

Dit is onseker wanneer hierdie Evangelie ontstaan het. Aangesien Matteus van *Die Evangelie volgens Markus* gebruik maak, moes *Die Evangelie volgens Matteus* ná *Markus* ontstaan het. Indien ons aanvaar dat *Markus* in die tydperk rondom 65 nC in Rome geskryf is en dat *Matteus* êrens in Klein-Asië ontstaan het, moes daar 'n tydperk verloop het voordat die volledige *Markusevangelie* in Klein-Asië beskikbaar was. Verder aanvaar baie navorsers dat die verwysing na die afbranding van die stad van diegene wat nie na die koning se bruilofsmaaltyd wou kom nie (Matt 22:7), 'n terugflits is na die vernietiging van Jerusalem wat in 70 nC plaasgevind het. As alle faktore in ag geneem word, kan ons aanvaar dat *Matteus* tussen 70 en 80 nC, of miskien selfs effens later, ontstaan het.

Oor die plek van ontstaan is daar ook onsekerheid. Hierdie Evangelie kon heel moontlik in die Siriese stad Antiogië, of verder suid in die antieke Sirië, of selfs Galilea, ontstaan het.

Volgens die vroegkerklike tradisie (vgl Papias ± 135 nC) was die skrywer van hierdie boek Matteus, die voormalige tollenaar en latere apostel, wat deur Markus en Lukas ook Levi genoem word. Of die apostel Matteus inderdaad die skrywer was, bly egter onseker.

Uit *Die Evangelie volgens Matteus* blyk dit dat die eerste lesers waarskynlik Griekssprekende Jode, of ten minste volgelingen van Jesus met 'n sterk

Joodse agtergrond was. Hulle was in 'n stryd gewikkel om teenoor die Jode, met hulle sterk beklemtoning van die wet van God, hulle eie identiteit as volgelingen van Jesus te ontdek.

Matteus behoort tot die evangelie-genre. Dit hou in dat die historiese gegewens omtrent Jesus in 'n verhaalvorm gegiet word waarin onder meer karakteruitbeelding, sowel as seleksie en verwerking van materiaal, 'n belangrike rol speel. Verder bevat die Evangelie 'n sterk verkondigingselement. *Matteus* gee nie maar net koue feite weer nie, maar hy wil sy lesers beweeg om volgelingen van Jesus te word.

Temas wat deurlopend in *Matteus* voorkom, is die klem op die koninkryk van die hemele, die uitleef van die wet van God in terme van geregtigheid, liefde en barmhartigheid (5:20; 23:23), onderlinge verhoudings in die kerk (*Matteus* is die enigste Evangelie wat die woord “kerk” gebruik — 16:18; 18:17), gelowiges se sending na die wêreld (28:18-20), en die Here Jesus se teenwoordigheid by sy mense tot aan die einde van die wêreld (1:23; 18:20; 28:20).

Matteus se vertelling van Jesus se optrede en prediking is noukeurig opgebou. Dit bevat vyf groot eenhede waarin Jesus se lering vervat is (vgl Matt 5 — 7; 10; 13; 18 en 23 — 25), wat telkens afgesluit word met die frase “Toe Jesus sy redevoering voltooi het”, of klein variasies daarop (vgl 7:28; 11:1; 13:53; 19:1 en 26:1).

Die boek kan soos volg ingedeel word:

- 1 — 4 Jesus se geboorte en die voorbereiding vir sy optrede
- 5 — 7 Onderrig: Die bergrede
- 8 — 9 Kragtige dade van Jesus
- 10 Onderrig: Jesus gee opdragte aan die twaalf

- 11 — 12 Jesus se uitnodiging word verwerp
 13 Onderrig: Gelykenisse van die koninkryk
 14 — 17 Jesus deur Israel verwerp, maar deur sy dissipels bely
 18 Onderrig: Verhoudings in die kerk
 19 — 22 Die dissipels se onbegrip; Jesus in Jerusalem
 23 — 25 Onderrig: Oordeel en koms van die koninkryk
 26 — 28 Jesus se verhoor, kruisiging en opstanding

1

Geslagsregister van Jesus

(Luk 3:23-38)

¹ Die geslagsregister* van Jesus Christus,^a die •Seun van Dawid,* die Seun van Abraham:*

² * Abraham het Isak verwek,

Isak het Jakob verwek,

Jakob het Juda en sy broers verwek,

³ * Juda het Peres en Serag by Tamar verwek,

Peres het Gesron verwek,

Gesron het Ram verwek,

⁴ * Ram het Amminadab verwek,

* **1:1 geslagsregister:** Gen 5:1

^a**1:1 Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

* **1:1 Seun van Dawid:** 1 Kron 17:11

* **1:1 Seun van Abraham:** Gen 22:18

* **1:2** Gen 21:3,12; 25:26; 29:35; 1 Kron 1:34

* **1:3** Gen 38:29-30; 1 Kron 2:4-5,9; Rut 4:12,18-19

* **1:4-5** Rut 4:13,17-22; 1 Kron 2:10-12

Amminadab het Nagson verwek,
Nagson het Salmon verwek,
⁵ Salmon het Boas by Ragab verwek,
Boas het Obed by Rut verwek,
Obed het Isai verwek
⁶ en Isai het Dawid, die koning, verwek.*

Dawid het Salomo by die vrou van Urija verwek,*
⁷ *Salomo het Rehabeam verwek,
Rehabeam het Abia verwek,
Abia het Asa verwek,
⁸ Asa het Josafat verwek,
Josafat het Joram verwek,
Joram het Ussia verwek,
⁹ Ussia het Jotam verwek,
Jotam het Agas verwek,
Agas het Hiskia verwek,
¹⁰ Hiskia het Manasse verwek,
Manasse het Amon verwek,
Amon het Josia verwek
¹¹ en in die tyd van die wegvoering na Babilon*
het Josia Jojagin en sy broers verwek.*

¹² Ná die wegvoering na Babilon het Jojagin Sealtiël verwek,

* **1:6** *Isai ... koning, verwek:* Rut 4:17,22; 1 Kron 2:13-15

* **1:6** *Dawid ... Urija verwek:* 2 Sam 12:24

* **1:7-10** 1 Kron 3:10-14

* **1:11** *wegvoering na Babilon:* 2 Kon 24:12-16; 2 Kron 36:10; Jer 27:20

* **1:11** *Josia ... verwek:* 1 Kron 3:15-16; 1 Esra 1:32

Sealtiël het Serubbabel verwek,*

¹³ Serubbabel het Abihud verwek,

Abihud het Eljakim verwek,

Eljakim het Asor verwek,

¹⁴ Asor het Sadok verwek,

Sadok het Agim verwek,

Agim het Elihud verwek,

¹⁵ Elihud het Eleasar verwek,

Eleasar het Mattan verwek,

Mattan het Jakob verwek

¹⁶ en Jakob het Josef verwek, die man van Maria,

uit wie Jesus, wat bekend staan as Christus,* gebore is.

¹⁷ Al die geslagte dan van Abraham tot by Dawid* was veertien geslagte, en van Dawid tot by die wegvoering na Babilon* veertien geslagte, en van die wegvoering na Babilon tot by die Christus*^b veertien geslagte.

Geboorte van Jesus Christus

(Luk 2:1-7)

¹⁸ Die geboorte van Jesus Christus^c het só gebeur. Toe Maria, sy moeder, reeds aan Josef verloof was,* maar nog voordat hulle gemeenskap gehad

* **1:12** *Jojagin ... Serubbabel verwek:* 1 Kron 3:17,19; Esra 3:2

* **1:16** *Jesus ... Christus:* Matt 27:17,22

* **1:17** *Abraham ... Dawid:* Matt 1:2-6

* **1:17** *Dawid ... Babilon:* Matt 1:6-11

* **1:17** *Babilon ... Christus:* Matt 1:12-16

^b**1:17** *die Christus:* Vgl die voetnoot in 1:1.

^c**1:18** *Christus:* Vgl die voetnoot in 1:1

* **1:18** *Maria ... verloof was:* Luk 1:27

het,^d het dit geblyk dat sy swanger geraak het uit die Heilige Gees.*

¹⁹ Omdat Josef, haar man, wetsgetrou was maar haar nie in die openbaar wou verneder nie,^e het hy besluit om in die geheim van haar te skei.

²⁰ Terwyl hy daaroor nagedink het, het daar skielik 'n engel van die Here in 'n droom aan hom verskyn en gesê: “Josef, seun van Dawid, moenie bang wees om Maria as jou vrou by jou te neem^f nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees. ²¹ Sy sal geboorte gee aan 'n seun, en jy moet Hom Jesus^g noem, want Hy sal sy volk van hulle sondes verlos.*”

²² Dit het alles gebeur sodat wat die Here deur die profeet gesê het, vervul kon word:

²³ “Kyk, die maagd sal swanger word
en aan 'n seun geboorte gee,
en hulle sal Hom Immanuel noem,”^h —

wat, as dit vertaal word, beteken: “God is met ons.”*

²⁴ Toe Josef uit die slaap wakker word, het hy gemaak soos die engel

^d**1:18 verloof ... gehad het:** Volgens gebruik was 'n verloofde paartjie reeds as man en vrou aan mekaar verbind (Matt 1:19), alhoewel hulle voor die bruilof nog nie seksuele omgang gehad of in dieselfde huis gaan woon het nie.

* **1:18 swanger ... Gees:** Luk 1:35

^e**1:19 in die ... verneder nie:** Volgens Deut 22:20-21 moes 'n verloofde man die ontrou van sy verloofde openbaar maak en moes sy gestraf word.

^f**1:20 by te neem:** Die gebruikelike afronding van die huwelikseremonie wanneer die egpaar in dieselfde huis gaan woon.

^g**1:21 Jesus:** Daar is 'n verband tussen die naam “Jesus” en die Hebreeuse woord vir ‘verlos’; vgl Matt 1:25; Luk 1:31; 2:21.

* **1:21 Hy ... verlos:** Hand 4:12

^h**1:23 Kyk ... noem:** Aanhaling uit Jes 7:14 as heenwysing na Jesus Christus.

* **1:23 God ... ons:** Jes 8:8,10 •Septuagint

van die Here hom beveel het en haar as sy vrou by hom geneem. ²⁵ Hy het nie met haar gemeenskap gehad totdat sy aan 'n seun geboorte gegee het nie. En hy het Hom Jesus genoem.*

2

Sterrekeners uit die Ooste

¹ Jesus is in Betlehem, Judea, gebore,* in die dae van koning Herodes,^{i*} en kyk, daar het sterrekeners^j uit die Ooste in Jerusalem aangekom.

² Hulle het gevra: “Waar is die koning van die Jode wat gebore is? Want ons het sy ster^k in die Ooste gesien en ons het gekom om eer aan Hom te bewys.” ³ Toe koning Herodes dit hoor, was hy ontsteld, en die hele Jerusalem saam met hom. ⁴ En nadat hy al die leierpriesters en skrifkeners uit die volk bymekaareroep het, het hy by hulle navraag gedoen waar die Christus^l gebore sou word. ⁵ Hulle het vir hom gesê: “In Betlehem,* Judea, want so staan daar deur die profeet geskryf,

^{6 m}“ ‘En jy, Betlehem, in die grondgebied van Juda, jy is glad nie die geringste onder die regeerders van Juda nie.

* **1:25** En ... genoem: Matt 1:21; Luk 1:31; 2:21

* **2:1** Jesus ... gebore: Luk 2:4-7

ⁱ**2:1 Herodes:** Daar was meer as een •Herodes. Hier is dit Herodes die Grote. Hy was koning van Palestina vanaf 37 vC tot 4 vC.

* **2:1** in die dae ... Herodes: Luk 1:5; 3:1

^j**2:1 sterrekeners:** Iemand wat die sterre bestudeer en ook daaruit voorspellings maak het.

^k**2:2 sy ster:** Verwys na Num 24:17 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 2:9.

^l**2:4 Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

* **2:5 Betlehem:** Joh 7:42

^m**2:6** Aanhaling uit Miga 5:1 as heenwysing na Jesus Christus.

Want uit jou sal daar 'n leier kom
wat my volk Israel as herder sal lei.*' ”

⁷ Daarop het Herodes die sterrekeners in die geheim ontbied, noukeurig by hulle navraag gedoen oor wanneer die ster verskyn het, ⁸ en hulle toe na Betlehem gestuur met die opdrag: “Gaan vind noukeurig alles oor die Kindjie uit; en wanneer julle Hom gekry het, laat my weet, sodat ek ook kan gaan en aan Hom eer bewys.”

⁹ Nadat hulle gehoor het wat die koning sê, het hulle vertrek. En kyk, die ster wat hulle in die Ooste gesien het,* het voor hulle uit beweeg totdat dit tot stilstand gekom het reg bo die plek waar die Kindjie was. ¹⁰ Toe hulle die ster sien, het hulle 'n onbeskryflike groot vreugde ervaar. ¹¹ Nadat hulle die huis binnegegaan het, het hulle die Kindjie by Maria, sy moeder, gesien* en neergekniel en aan Hom eer bewys.ⁿ Toe het hulle hulle skatte oopgemaak en vir Hom geskenke aangebied: goud, wierook en mirre.^o ¹² En omdat hulle in 'n droom 'n waarskuwing van God ontvang het* om nie na Herodes terug te keer nie, het hulle met 'n ander pad langs na hulle land teruggegaan.

Die vlug na Egipte

¹³ Die sterrekeners het teruggekeer, en kyk, daar het 'n engel van die

***2:6** wat ... lei: 2 Sam 5:2; 1 Kron 11:2

***2:9** die ster ... gesien het: Matt 2:2

***2:11** hulle die huis ... gesien: Luk 2:16

ⁿ**2:11** aan ... bewys: Die •bronteks kan ook vertaal word “Hom aanbid”; vgl Matt 28:17. Verwys na Ps 72:10-11,15 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Jes 60:6.

^o**2:11** mirre: Welriekende soort gomhars met bitter smaak wat verkry word van 'n struik wat in Arabië en Oos-Afrika voorkom, en as baie waardevol beskou is. Dit is as wierook gebrand asook in medisyne, parfuums, olies en rome gebruik.

***2:12** En ... het: Matt 2:22

Here in 'n droom aan Josef verskyn* en gesê: “Maak gereed, neem die Kindjie en sy moeder en vlug na Egipte, en bly daar tot wanneer ek jou opdrag gee; want Herodes^p is van plan om die Kindjie te soek en Hom dood te maak.”¹⁴ Josef het toe gereedgemaak en gedurende die nag die Kindjie en sy moeder geneem en na Egipte vertrek.¹⁵ Hy het daar gebly tot Herodes se dood, sodat die woorde vervul sou word wat die Here deur die profeet gesê het: “Uit Egipte het Ek my Seun geroep.”^q

Die kindermoord

¹⁶ Toe Herodes agterkom dat hy deur die sterrekenners om die bos gelei is, was hy briesend. En hy het in Betlehem en die hele omliggende gebied al die seuntjies van twee jaar en jonger om die lewe laat bring, in ooreenstemming met die tyd wat hy noukeurig van die sterrekenners verneem het.¹⁷ Toe is vervul wat deur die profeet Jeremia gesê is:

¹⁸ “'n Stem is in Rama gehoor,
'n droewige gehuil en 'n luide rouklag,
Ragel huil oor haar kinders,
en sy weier om vertroos te word,
omdat hulle nie meer daar is nie.”

Terugkeer uit Egipte

¹⁹ Herodes^s het gesterf, en kyk, daar het in Egipte 'n engel van die Here in 'n droom aan Josef verskyn*²⁰ en gesê: “Staan op, neem die Kind en sy

***2:13** in 'n ... verskyn: Matt 1:20; 2:19

^p**2:13 Herodes:** Daar was meer as een •Herodes. Hier is dit Herodes die Grote. Hy was koning van Palestina vanaf 37 vC tot 4 vC.

^q**2:15 Uit ... geroep:** Aanhaling uit Hos 11:1 as heenwysing na Jesus Christus.

^r**2:18** Aanhaling uit Jer 31:15 as heenwysing na Jesus Christus.

^s**2:19 Herodes:** Vgl die voetnoot in 2:13.

***2:19** in 'n ... verskyn: Matt 1:20; 2:12

moeder en gaan na die land Israel, want die mense wat die Kind om die lewe wou bring, is dood.”^t ²¹ Hy het opgestaan en die Kindjie en sy moeder saamgeneem en in die land Israel aangekom. ²² Maar toe hy hoor dat Argelaos^u in die plek van sy pa Herodes oor Judea regeer, was hy bang om daarheen te gaan. Nadat hy in 'n droom 'n opdrag van God ontvang het, ^{*} het hy na die landstreek Galilea vertrek ²³ en in 'n dorp^v met die naam Nasaret gaan woon, ^{*} sodat vervul sou word wat deur die profete gesê is: “Hy sal 'n Nasarener genoem word.”^w

3

Optrede van Johannes die Doper

(Mark 1:2-8; Luk 3:1-9,15-17; Joh 1:19-28)

¹ In daardie tyd het Johannes die Doper in die openbaar begin optree en in die woestyn^x van Judea verkondig: ² ^{*}“Bekeer julle, want die •koninkryk van die hemele is op hande.”

³ Hy was immers die een van wie die profeet Jesaja gepraat het toe hy gesê het:

^t2:20 **want ... dood:** Verwys na Eks 4:19 as heenwysing na Jesus Christus.

^u2:22 **Argelaos:** Een van •Herodes die Grote se seuns. Hy het oor Samaria en Judea regeer van 4 vC tot 6 nC.

^{*}2:22 **Nadat ... ontvang het:** Matt 2:12

^v2:23 **dorp:** Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

^{*}2:22-23 **landstreek Galilea ... woon:** Mark 1:9; Luk 1:26; 2:39; Joh 1:45-46

^w2:23 **Hy ... word:** Hierdie profesie word nêrens presies so in die Ou Testament gevind nie. Dit is waarskynlik 'n woordspeling tussen “Nasaret” en *netser*, die Hebreeus vir ‘loot’ of ‘takkie’, wat in Jes 11:1 'n Messiaanse betekenis het en op Jesus betrek word; vgl Rig 13:5,7; Jes 53:2.

^x3:1 **woestyn:** Dit is 'n verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

^{*}3:2 Matt 4:17; 10:7; Mark 1:15

“'n Stem van iemand wat roep in die woestyn,
'Maak die pad vir die Here gereed,
maak sy paaie reguit.’ ”^y

⁴ Hierdie Johannes het 'n kleed van kameelhaar* gedra, met 'n leergordel om sy heupe, en sy kos was sprinkane en wilde heuning.

⁵ In dié tyd het daar inwoners van Jerusalem, die hele Judea en die hele Jordaanomgewing na hom gegaan, ⁶ en hulle is deur hom in die Jordaanrivier gedoop, terwyl hulle hulle sondes bely het.

⁷ Maar toe hy sien dat baie van die •Fariseërs en •Sadduseërs kom na waar hy gedoop het, het hy vir hulle gesê: “Julle addergeslag,* wie het julle wysgemaak dat julle aan die dreigende oordeel kan ontkom? ” ⁸ Dra liewer vrugte wat by die bekering pas. ⁹ En moenie eers oorweeg om by julleself te sê, ‘Ons het Abraham as voorvader’* nie, want ek sê vir julle, God kan uit hierdie klippe kinders vir Abraham verwek. ¹⁰ Die byl lê reeds teen die wortel van die boom. Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.* ¹¹ Ek doop julle wel met water* met die oog op bekering,* maar Hy wat ná my kom,* is sterker as ek, en

^y**3:3 'n Stem ... reguit:** Aanhaling uit Jes 40:3 as heenwysing na Johannes die Doper as wegbereider; vgl Mark 1:2-3; Luk 3:4; Joh 1:23.

***3:4 kleed van kameelhaar:** 2 Kon 1:8

***3:7 addergeslag:** Matt 12:34; 23:33; Luk 3:7

***3:7 wie ... ontkom:** Matt 23:33; Luk 21:23; Rom 1:18; 2:5; 5:9; Ef 5:6; Kol 3:6; 1 Thess 1:10; Op 6:16-17

***3:9 Ons ... voorvader:** Joh 8:33,37,39; Rom 4:12

***3:10 Elke ... gegooi:** Matt 7:19; Luk 13:7,9; Joh 15:6

***3:11 Ek ... water:** Joh 1:26,31,33; Hand 1:5; 11:16

***3:11 doop ... bekering:** Hand 13:24; 19:4

***3:11 Hy ... kom:** Matt 11:3; Joh 1:15

ek is nie eers werd om sy sandale vir Hom aan te dra^z nie. Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop.* ¹² Sy hooivurk is in sy hand. Hy sal sy dorsvloer deeglik skoonmaak en sy koring in die skuur versamel,* maar die kaf sal Hy met 'n onblusbare vuur verbrand.”

Doop van Jesus

(Mark 1:9-11; Luk 3:21-22; Joh 1:29-34)

¹³ Toe het Jesus van Galilea af by die Jordaan aangekom. Hy het na Johannes gegaan om deur hom gedoop te word. ¹⁴ Maar Johannes het Hom probeer teengaan met die woorde: “Ek behoort deur U gedoop te word, en U kom na my?” ¹⁵ Jesus het hom geantwoord: “Laat dit nou toe, want dit is goed dat ons op hierdie manier alle •geregtigheid vervul.” Johannes het toe ingestem.

¹⁶ Nadat Jesus gedoop is, het Hy dadelik uit die water opgestaan. Meteens het die hemele^a vir Hom oopgegaan en Hy het die Gees van God soos 'n duif op Hom sien neerdaal.* ¹⁷ En meteens het 'n stem uit die hemele gesê: “Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug.”^b

^z**3:11 *aan te dra***: Of “uit te trek”; vgl Hand 13:25.

3:11 *Hy sal ... doop: Joh 1:33; Hand 1:5; 11:16

3:12 *en sy ... versamel: Matt 13:30

^a**3:16 *hemele***: Volgens die destydse wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterrehemel en die derde hemel waar God woon.

3:16 *Hy het die ... neerdaal: Joh 1:32

^b**3:17 *Dit is ... verheug***: Verwys na Gen 22:2; Ps 2:7; Jes 42:1 as heenwysings na Jesus Christus; vgl Matt 12:18; 17:5; Mark 9:7; Luk 9:35; 2 Pet 1:17.

Versoeking van Jesus

(Mark 1:12-13; Luk 4:1-13)

¹ Hierna is Jesus deur die Gees die woestyn^c ingelei om deur die Duiwel versoek te word.* ² Veertig dae en veertig nagte lank het Hy gevas,* en later honger geword. ³ Toe het die versoeker nader gekom en vir Hom gesê: “As u die •Seun van God is,* sê dat hierdie klippe brode moet word.” ⁴ Maar Hy antwoord: “Daar staan geskryf,

“ ‘Van brood alleen sal die mens nie leef nie,
maar van elke woord
wat uit die mond van God kom.’ ”*

⁵ Toe neem die Duiwel Jesus na die heilige stad* en laat Hom op die hoogste punt van die tempelgeboue^d staan ⁶ en sê vir Hom: “As u die Seun van God is,* spring hier af! Daar staan immers geskryf,

“ ‘Hy sal sy engele opdrag oor jou gee —
op hulle hande sal hulle jou dra,

^c**4:1 woestyn:** Dit is 'n verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

* **4:1** om ... word: Heb 2:18; 4:15

* **4:2** Veertig ... gevas: Eks 34:28

* **4:3** As ... is: Matt 4:6; 27:40

* **4:4** Van brood ... kom: Deut 8:3

* **4:5** die heilige stad: Neh 11:1; Jes 52:1; Matt 27:53; Op 11:2; 21:2,10; 22:19

^d**4:5 hoogste ... tempelgeboue:** Letterlik ‘vlerkie’. Dit kan verwys na die oostelike oorhangpunt van die suidelike muur van die •tempel wat geleë was hoog bokant die diep Kedrondal.

* **4:6** As ... is: Matt 4:3; 27:40

sodat jy nie dalk teen 'n klip jou voet stamp nie.”*

⁷ Jesus sê vir hom: “Daar staan ook geskryf,
‘Jy mag die Here jou God nie versoek nie.’**”

⁸ Hierna neem die Duiwel Hom na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld in hulle prag, ⁹ en sê vir Hom: “Dit alles sal ek vir u gee as u neerkniel en my aanbid.” ¹⁰ Toe sê Jesus vir hom: “Gaan weg, Satan,^e want daar staan geskryf,

“ ‘Die Here jou God moet jy aanbid
en Hóm alleen dien.’**”

¹¹ Toe het die Duiwel Hom met rus gelaat, en kyk, daar het engele gekom en Hom versorg.

Begin van Jesus se verkondiging

(Mark 1:14-15; Luk 4:14-15)

¹² Toe Jesus hoor dat Johannes^f in hegtenis geneem is, * het Hy na Galilea teruggekeer. ¹³ Hy het Nasaret verlaat en in Kapernaum by die see gaan woon, * in die gebied van Sebulon en Naftali, ¹⁴ sodat die woorde vervul sou word wat deur die profeet Jesaja gesê is:

* **4:6** sodat ... stamp nie: Ps 91:11-12

* **4:7** Jy ... versoek nie: Deut 6:16; 1 Kor 10:9

* **4:9** as u ... aanbid: Dan 3:5,10,15; Matt 2:11; 18:26; 1 Kor 14:25; Op 4:10; 5:14; 7:11; 11:16; 19:4,10; 22:8

^e**4:10 Satan:** Die benaming “Satan” is afgelei van 'n Hebreeuse woord wat ‘teenstander’ of ‘aanklaer’ beteken.

* **4:10** Die ... dien: Deut 6:13

^f**4:12 Johannes:** Dit is Johannes die Doper.

* **4:12** Johannes ... geneem is: Matt 14:3; Mark 6:17; Luk 3:20; Joh 3:24

* **4:13** in ... woon: Joh 2:12

¹⁵ ^g“Land van Sebulon en land van Naftali,
die pad langs die see,^h oorkant die Jordaan,
Galilea van die heidene:

¹⁶ *Die volk wat in duisternis woon
het 'n groot lig gesien;
vir hulle wat in die gebied en die skadu van die dood leef,
het 'n lig opgegaan.”

¹⁷ Van toe af het Jesus met sy verkondiging begin en gesê: “Bekeer julle,
want die •koninkryk van die hemele is op hande.”*

Roeping van die eerste dissipels

(Mark 1:16-20; Luk 5:1-11; Joh 1:40-42)

¹⁸ Terwyl Jesus langs die See van Galileaⁱ loop, het Hy twee broers
gesien, Simon, wat •Petrus genoem word, en Andreas, sy broer.* Hulle
was besig om 'n treknet in die see uit te gooi, want hulle was vissers.

¹⁹ Hy sê vir hulle: “Volg My, en Ek sal julle vissers van mense maak!”

²⁰ Hulle het onmiddellik hulle nette gelos en Hom gevolg.

²¹ Hy het van daar af verder geloop en twee ander broers gesien:
Jakobus, die seun van Sebedeus, en sy broer Johannes. Hulle was saam

^g**4:15-16** Aanhaling uit Jes 8:23 — 9:1 as heenwysing na Jesus Christus.

^h**4:15 pad ... see:** Dit verwys na die Romeinse pad, *via maris*, van Damaskus na Caesarea waarvan 'n vertakking langs die wesoewer van die “see” gegaan het. “See” verwys na die •See van Galilea, ook bekend as die •Meer van Gennesaret of die •See van Tiberias.

* **4:16** Luk 1:79

* **4:17** *Bekeer ... hande:* Matt 3:2; 10:7

ⁱ**4:18 See van Galilea:** 'n Binnelandse meer, ook bekend as die •Meer van Gennesaret of •See van Tiberias.

* **4:18 twee ... sy broer:** Joh 1:40-41

met hulle pa Sebedeus in die boot besig om hulle nete heel te maak, en Hy het hulle geroep. ²² Hulle het onmiddellik die boot en hulle pa verlaat en Hom gevolg.

Genesing en onderrig in Galilea

(Mark 3:7-8; Luk 6:17-19)

²³ *En Jesus het in die hele Galilea rondgegaan, in hulle •sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig, en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees. ²⁴ *Die nuus oor Hom het deur die hele Sirië versprei. Hulle het almal wat ongesteld was, dié wat deur allerlei siektes en pyne geteister is, na Hom gebring, ook almal wat deur demone besete en maansiek^j was, en verlamdes — en Hy het hulle genees. ²⁵ *Groot skares het Hom gevolg: uit Galilea en Dekapolis^k en Jerusalem en Judea en van oorkant die Jordaan af.

5

Bergrede: Ware geluk

(Luk 6:20-23)

¹ Toe Jesus die skare sien, het Hy teen die berg opgegaan. Hy het gaan sit, en sy dissipels het na Hom gekom.

² Hy het begin praat^l en hulle geleer en gesê:

* **4:23** Matt 9:35; Mark 1:39

* **4:24** Mark 6:55-56

^j**4:24 maansiek:** Dit kan na 'n geestesiekte verwys wat met epileptiese aanvalle gepaardgaan.

* **4:25** Mark 3:7-8

^k**4:25 Dekapolis:** 'n Gebied oos van die Jordaan. Die naam Dekapolis beteken 'tien dorpe'.

^l**5:2 begin praat:** Letterlik 'sy mond oopgemaak', 'n uitdrukking om die begin van 'n belangrike uitspraak aan te dui.

³ “Gelukkig is die armes van gees,^m
want aan hulle behoort die •koninkryk van die hemele.

⁴ Gelukkig is dié wat treur,
want hulle sal vertroos word.*

⁵ Gelukkig is die sagmoediges,
want hulle sal die aarde erf.*

⁶ Gelukkig is dié wat honger en dors na •geregtigheid,
want hulle sal versadig word.

⁷ Gelukkig is die barmhartiges,
want hulle sal barmhartigheid ontvang.*

⁸ * Gelukkig is dié wat suiwer van hart is,
want hulle sal God sien.

⁹ Gelukkig is die vredemakers,*
want hulle sal kindersⁿ van God genoem word.

¹⁰ Gelukkig is dié wat vervolg word ter wille van geregtigheid,*
want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

¹¹ * “Gelukkig is julle wanneer die mense julle om My ontwil beledig en vervolg en vals beskuldig van alles wat sleg is. ¹² Wees bly en jubel,

^m5:3 *armes van gees*: Dit verwys na diegene wat besef het hoe afhanklik hulle van God is.

* 5:4 *dié wat treur ... word*: Jes 61:2-3

* 5:5 *die sagmoediges ... erf*: Ps 37:11

* 5:7 *die barmhartiges ... ontvang*: Matt 18:33; Jak 2:13

* 5:8 Ps 24:3-4

* 5:9 *vredemakers*: Heb 12:14; Jak 3:18

ⁿ5:9 *kinders*: Letterlik ‘seuns’. Volgens destydse opvatting is dogters hierby ingesluit.

* 5:10 *Gelukkig ... geregtigheid*: 1 Pet 3:14

* 5:11 Matt 10:22; 1 Pet 4:14

omdat julle beloning groot is in die hemele.^o Hulle het immers die profete vóór julle net so vervolg.”*

Bergrede: Sout en lig

(Mark 9:50; 4:21; Luk 14:34-35; 8:16)

¹³ “Julle is die sout vir die aarde, maar as die sout^p sy smaak verloor het, waarmee sal dit weer sout gemaak word? Dit deug vir niks meer nie, behalwe om buite gegooi te word sodat dit deur die mense vertrap kan word.

¹⁴ “Julle is die lig vir die wêreld.* 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie. ¹⁵ *Mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder 'n maatemmer^q nie, maar op 'n lampstaander, en so gee dit lig vir almal in die huis.

¹⁶ * “Laat julle lig só voor die mense skyn, sodat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele^r is, kan verheerlik.”

Bergrede: Jesus en die Wet

¹⁷ * “Moenie eers daaraan dink dat Ek gekom het om die Wet of die

^o**5:12 hemele:** Volgens die destydse wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterrehemel en die derde hemel waar God woon.

***5:12 Hulle ... vervolg:** 2 Kron 36:16; Matt 23:30,37; Hand 7:52; Heb 11:32-38; Jak 5:10

^p**5:13 sout:** Behalwe dat sout smaak gee, was dit in die Bybelse tyd ook bekend vir die suiwerende en bederfwerende krag daarvan; vgl 2 Kon 2:19-22.

***5:14 die lig ... wêreld:** Joh 8:12; 9:5; Fil 2:15

***5:15** Mark 4:21; Luk 8:16; 11:33

^q**5:15 maatemmer:** 'n Romeinse droë inhoudsmaat vir graan, ongeveer 8,7 liter;
•Inhoudsmate.

***5:16** Ef 5:8-9; 1 Pet 2:12

^r**5:16 hemele:** Vgl die voetnoot in 5:12.

***5:17** Matt 3:15; Rom 3:31

Profete^s af te skaf nie. Ek het nie gekom om af te skaf nie, maar om te vervul. ¹⁸ •Amen, Ek sê vir julle: Totdat die hemel en die aarde tot niet gaan, sal daar beslis geen jota of tittel^t van die Wet tot niet gaan nie,^{*} totdat alles vervul is.

¹⁹ “Wie dus een van die geringste van hierdie gebooië afskaf^{*} en die mense so leer, sal die geringste in die •koninkryk van die hemele genoem word. Maar wie dit onderhou en ander daarin onderrig, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. ²⁰ Want Ek sê vir julle, as julle •geregtigheid nie aansienlik meer is as dié van die skrifkenners en die •Fariseërs nie, sal julle beslis nie die koninkryk van die hemele binnegaan nie.

²¹ “Julle het gehoor dat aan die voorgeslagte gesê is,^u ‘Jy mag nie moord pleeg nie,^{*} en wie moord pleeg, is strafbaar voor die reg.’ ²² Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat kwaad is vir sy broer,^v strafbaar voor die reg is. En wie vir sy broer sê, ‘Raka!’,^w is strafbaar voor die Sanhedrin.^x En wie

^s5:17 **Wet ... Profete:** Dit dien as aanduiding van die geskrifte van die Ou Testament wat in Jesus se tyd deur die Jode as gesaghebbend aanvaar is.

^t5:18 **jota of tittel:** Dit verwys na die kleinste lettertjie en letterstrepie.

^{*}5:18 **Totdat ... gaan nie:** Luk 16:17; 21:33

^{*}5:19 **Wie ... afskaf:** Jak 2:10

^u5:21 **dat ... gesê is:** Hierdie uitdrukking (vgl Matt 5:27,31,33,38,43) verwys na 'n oorlewering wat bestaan uit 'n kombinasie van Ou-Testamentiese uitsprake en Joodse uitlegtradisies.

^{*}5:21 **Jy ... pleeg nie:** Eks 20:13; Deut 5:17; Eks 21:12; Lev 24:17; Matt 19:18; Mark 10:19; Luk 18:20; Rom 13:9; Jak 2:11

^v5:22 **broer:** Dit verwys na 'n medegelowige; vgl 1 Joh 3:15.

^w5:22 **Raka:** Dit is die Aramese woord vir ‘nikswerd’.

^x5:22 **Sanhedrin:** Die Joodse Raad, die hoogste hof van die Jode. Dit het bestaan uit 71 lede, afkomstig uit die •Sadduseërs, die vernaamste Joodse families en die skrifkenners. Die dienende hoëpriester was die voorsitter.

sê, ‘Jou dwaas!’), is strafbaar in Gehenna^y met sy vuur.

²³ “En wanneer jy jou offergawe na die altaar bring en daar onthou dat jou broer iets teen jou het, ²⁴ laat jou offergawe net daar by die altaar en gaan versoen jou eers met jou broer, en gaan gee dan jou offergawe.

²⁵ “Los 'n geskil met jou teenstander gou op, terwyl jy nog saam met hom op pad is, sodat die teenstander jou nie aan die regter oorlewer en die regter jou aan die hofdienaar oorlewer en jy in die tronk gegooi word nie. ²⁶ •Amen, Ek sê vir jou: Jy sal beslis nie daar uitkom voordat jy die laaste *kwadrant*^z betaal het nie.*

²⁷ “Julle het gehoor dat gesê is, ‘Jy mag nie egbreuk pleeg nie.’* ²⁸ Maar Ek sê vir julle, elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg.

²⁹ * “As jou regteroog jou laat struikel, ruk dit uit en gooi dit van jou af weg. Want dit is voordeliger vir jou dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in Gehenna gegooi word. ³⁰ En as jou regterhand^a jou laat struikel, kap dit af en gooi dit van jou weg. Want dit is voordeliger vir jou dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in Gehenna beland.

^y**5:22 Gehenna:** 'n Vergriekste vorm van die Hebreëuse uitdrukking *ge hinnom*, wat verwys na die Hinnomdal, wat volgens Jer 7:31-32; 19:6-7 'n plek van straf sou word. Word ook vertaal "hel".

^z**5:26 kwadrant:** Die dagloon van 'n arbeider het bestaan uit 64 *kwadrant*; •Geldeenhede.

* **5:25-26 die regter ... het nie:** Matt 18:34-35; Luk 12:58-59

* **5:27 Jy ... pleeg nie:** Eks 20:14; Deut 5:18; Matt 19:18; Mark 10:19; Luk 18:20; Rom 13:9; Jak 2:11

* **5:29-30** Matt 18:8-9; Mark 9:43-47

^a**5:30 regterhand:** Dit verwys na dié hand wat meesal die gebruikshand is en waarnaas die linkerhand 'n ondersteunende rol speel.

³¹ “Daar is gesê, ‘Wie van sy vrou skei, moet aan haar 'n skeibrief gee.’* ”

³² *Maar Ek sê vir julle, elkeen wat van sy vrou skei, behalwe weens owerspel, veroorsaak dat sy egbreuk pleeg, en wie met die geskeide vrou trou, pleeg ook egbreuk.

³³ “Verder het julle gehoor dat vir die voorgeslagte gesê is, ‘Jy mag nie 'n eed verbreek nie, maar jy moet jou geloftes aan die Here nakom.’* ”

³⁴ Maar Ek sê vir julle: Julle moet hoegenaamd nie sweer nie — nie by die hemel nie, omdat dit die troon van God is;* ³⁵ nie by die aarde nie,* omdat dit die voetbank vir sy voete is;* nie by Jerusalem nie, omdat dit die stad van die groot Koning is.* ³⁶ Jy moet ook nie by jou eie kop sweer nie, want jy kan nie een van jou hare wit of swart maak nie. ³⁷ *Laat die woord ‘ja’ by julle werklik ‘ja’ wees, en julle ‘nee’ ‘nee’.* Meer as dit is uit die bouse.

³⁸ “Julle het gehoor dat gesê is, ‘n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand’.* ”

³⁹ Maar Ek sê vir julle dat julle nie 'n slegte mens moet teengaan nie. Nee, as iemand jou op jou regterwang klap,* draai ook die ander een vir hom.

⁴⁰ *En as iemand jou voor die hof wil daag en jou onderkleed wil vat, gee

*5:31 *Wie ... gee:* Deut 24:1; Matt 19:7; Mark 10:4

*5:32 1 Kor 7:10-11

*5:33 *Jy mag ... nakom:* Lev 19:12; Num 30:3; Deut 23:21

*5:34 *hemel ... God is:* Jes 66:1; Matt 23:22; Hand 7:49

*5:34-35 *nie by die hemel ... aarde nie:* Jak 5:12

*5:35 *aarde ... voete is:* Jes 66:1; Hand 7:49; Jak 5:12

*5:35 *stad ... Koning is:* Ps 48:3

*5:37 Jak 5:12

*5:37 *‘ja’ ... ‘ja’ ... ‘nee’ ‘nee’* 2 Kor 1:17

*5:38 *‘n oog ... tand:* Eks 21:24; Lev 24:20; Deut 19:21

*5:39 *as iemand ... klap:* Joh 18:22

*5:40 Luk 6:29-30; 1 Kor 6:7

hom ook die bokleed. ⁴¹ En as iemand een myl^b van jou afdwing,^c loop twee myl met hom saam. ⁴² Gee aan wie van jou iets vra en moet die een wat van jou wil leen, nie wegwys nie.

⁴³ *⁴³“Julle het gehoor dat gesê is, ‘Jy moet jou naaste liefhê,’* en ‘Jou vyand moet jy haat’. ⁴⁴ Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê* en bid vir hulle wat julle vervolg,* ⁴⁵ sodat julle kinders van julle Vader in die •hemele kan wees.* Hy laat immers sy son opkom oor slegte én goeie mense en Hy laat dit reën oor wetsgehoorsames én wetsverbrekers. ⁴⁶ As julle diegene liefhet wat vir julle liefhet, verdien julle dan enige beloning? Maak die •tollenaars nie ook maar so nie? ⁴⁷ En as julle slegs julle broers groet, wat doen julle meer? Maak die heidene nie ook maar so nie?

⁴⁸ *⁴⁸“Wees dus volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is.”

6

Bergrede: Oor liefdadigheid

¹ “Wees op julle hoede dat julle nie julle •geregtigheid voor die mense beoefen om deur hulle gesien te word nie,* anders is daar vir julle geen beloning by julle Vader in die •hemele nie.

² “Wanneer jy liefdadigheid beoefen, moet dit nie uitbasuin soos die

^b5:41 *myl*: 'n Romeinse myl, ongeveer 1½ km; •Lengtemate.

^c5:41 *afdwing*: Romeinse soldate was daarop geregtig; vgl Luk 23:26.

*5:43-48 Luk 6:27-28,32-36

*5:43 *Jy ... liefhê*: Lev 19:18; Matt 19:19; 22:39; Mark 12:31; Luk 10:27; Rom 13:9; Gal 5:14; Jak 2:8

*5:44 *Julle moet ... liefhê*: Eks 23:4-5; Spr 25:21; Rom 12:20

*5:44 *bid ... vervolg*: Luk 23:34; Hand 7:60; Rom 12:14; 1 Kor 4:12

*5:45 *sodat ... wees*: Ef 5:1

*5:48 Lev 19:2; Deut 18:13

*6:1 *voor ... word nie*: Matt 23:5

skynheiliges in die •sinagoges en in die strate maak, sodat hulle deur mense geëer kan word nie. •Amen, Ek sê vir julle: Hulle het reeds hulle volle beloning ontvang. ³ Maar wanneer jy liefdadigheid beoefen, moet jou linkerhand nie weet wat jou regterhand^d doen nie, ⁴ sodat jou liefdesdaad verborge kan bly. En jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.”

Bergrede: Oor gebed

(Luk 11:2-4)

⁵ “En wanneer julle bid, moet julle nie soos die skynheiliges wees nie, want hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die straathoeke te staan en bid, sodat hulle deur die mense gesien kan word.* Amen, Ek sê vir julle: Hulle het reeds hulle volle beloning ontvang. ⁶ Maar wanneer jy bid, gaan na jou binneste kamer,^e maak jou deur toe* en bid* tot jou Vader wat in die verborgenheid is, en jou Vader wat in die verborgenheid sien, sal jou beloon.

⁷ “Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene 'n stortvloed woorde gebruik nie, want hulle dink dat hulle op grond van hulle baie woorde verhoor sal word. ⁸ Moenie soos hulle wees nie, want julle Vader weet wat julle nodig het* nog voordat julle Hom vra.

⁹ “Só moet julle dan bid:

“Ons Vader wat in die •hemele is,

^d**6:3 regterhand:** Dit verwys na dié hand wat meesal die gebruikshand is en waarnaas die linkerhand 'n ondersteunende rol speel.

* **6:5 sodat ... word:** Matt 6:16; 23:5

^e**6:6 binneste kamer:** Waarskynlik die stoorkamer in die destydse Palestynse huis, wat baie privaat was.

* **6:6 gaan ... deur toe:** Jes 26:20

* **6:6 gaan ... bid:** 2 Kon 4:33

* **6:8 want ... nodig het:** Matt 6:32; Luk 12:30

laat u Naam geheilig word.*

¹⁰ Laat u koninkryk kom.

Laat u wil geskied,*

soos in die hemel, so ook op die aarde.

¹¹ Gee ons vandag ons daaglikse brood.

¹² *En vergeef ons ons skulde,

soos^f ons ook hulle vergeef

wat teenoor ons skuldig staan.

¹³ En bring ons nie in versoeking nie,*

maar verlos ons van die Bose.^g

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot
in ewigheid. •Amen.^h

¹⁴ *¹⁴“Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle
hemelse Vader julle ook vergewe. ¹⁵ *¹⁵Maar as julle die mense nie vergewe
nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredinge vergewe nie.”

***6:9** *laat ... word:* Eseg 36:23

***6:10** *Laat u wil geskied:* Matt 26:42; Luk 22:42

***6:12** Sir 28:2; Matt 18:32-33

^f**6:12** *soos:* Vgl Luk 11:4 “want ook”.

***6:13** *bring ... versoeking nie:* Sir 23:1; 33:1; Matt 26:41; Luk 22:40

^g**6:13** *maar ... Bose:* In Luk 11:4 ontbreek hierdie woorde in die •bronteks; vgl Joh 17:15; 2 Thess 3:3; 2 Tim 4:18.

^h**6:13** *Want ... Amen:* Volgens teksgetuienis was hierdie lofprysing nie aanvanklik deel van die bronteks nie. Dit het egter so deel van die liturgie van die vroeë kerk geword dat dit mettertyd in baie mss opgeneem is en sodoende deel van die gebed geword het.

***6:14** Mark 11:25; Ef 4:32; Kol 3:13

***6:15** Matt 18:35

Bergrede: Oor vas

¹⁶ “Wanneer julle vas, moenie soos die skynheiliges met hulle lang gesigte wees nie, want hulle trek hulle gesigte,* sodat die mense kan sien* dat hulle vas. •Amen, Ek sê vir julle: Hulle het reeds hulle volle beloning ontvang. ¹⁷ Maar wanneer jy vas, salf jou kop met olyfolie en was jou gesig,ⁱ ¹⁸ sodat jy nie die mense nie, maar net jou Vader, wat in die verborgenheid is, laat sien dat jy vas. En jou Vader, wat in die verborgenheid sien, sal jou beloon.”

Bergrede: Die ware skat

(Luk 12:33-34; 11:34-36; 16:13; 12:22-32)

¹⁹ “Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak nie, daar waar mot en roes^j verniel,* en waar die we inbreek en steel. ²⁰ Maar maak vir julle skatte in die hemel bymekaar,* daar waar mot en roes nie verniel nie, en waar die we nie inbreek en steel nie. ²¹ Want waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.

²² “Die oog is die lamp van die liggaam. As jou oog suiwer is, sal jou hele liggaam verlig wees. ²³ Maar as jou oog boos is,* sal jou hele liggaam donker wees. As die lig in jou donker is, hoe groot is die duisternis nie!

²⁴ “Niemand kan twee base dien nie. Want hy sal óf die een haat en die ander een liefhê, óf hy sal aan die een lojaal wees en die ander een verag.

* **6:16** Wanneer ... gesigte: Jes 58:5

* **6:16** sodat ... sien: Matt 6:5; 23:5

ⁱ**6:17** salf ... gesig: Die normale destydse persoonshigiëne.

^j**6:19** roes: Letterlik ‘vreting’. Dit kan slaan op insekte wat oeste opvreet of roes wat metaal vreet.

* **6:19** Moenie ... verniel: Jak 5:2-3

* **6:20** maak ... bymekaar: Sir 29:11; Matt 19:21; Mark 10:21; Luk 18:22; Kol 3:1-2

* **6:23** Maar ... boos is: Matt 20:15; Mark 7:22

Julle kan nie God én Mammon^k dien nie.

²⁵ “Daarom sê Ek vir julle, moet julle nie bekommer* oor julle lewe, oor wat julle sal eet, of oor wat julle sal drink, of oor julle liggaam, wat julle sal aantrek nie. Is die lewe dan nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie? ²⁶ Let op die voëls van die hemel: Hulle saai nie en hulle maai nie, en hulle versamel niks in skure nie. Tog sorg julle hemelse Vader vir hulle.* Is julle nie meer werd as hulle nie?* ²⁷ Wie van julle kan deur hom te bekommer, een el by sy lewe^l voeg? ²⁸ En waarom is julle oor klere bekommerd? Let op die wilde narsings,^m hoe hulle groei. Hulle swoeg nie en hulle spin nie. ²⁹ Maar Ek sê vir julle, selfs Salomo in al sy prag* was nie soos een van hulle geklee nie. ³⁰ As God die gras van die veld, wat vandag daar staan en môre in 'n oond gegooi word, so klee, hoeveel te meer nie vir julle nie, kleingelowiges?

³¹ “Moet julle daarom nie bekommer en vra, ‘Wat sal ons eet?’ of ‘Wat sal ons drink?’ of ‘Wat sal ons aantrek?’ nie. ³² Dit is immers alles dinge waarna die heidennasies soek. Julle hemelse Vader weet tog wat julle alles nodig het.* ³³ Maar soek eers die •koninkryk van God en sy •geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. ³⁴ Moet

^k**6:24 Mammon:** Afkomstig uit die oorspronklike Aramese woord *mamon* wat ‘besittings’ of ‘geld’ beteken; vgl Luk 12:15.

* **6:25 moet ... bekommer:** Fil 4:6

* **6:26 Let op ... vir hulle:** Ps Sal 5:9-11 •Pseudepigrawe

* **6:26 Is ... hulle nie:** Matt 10:31; Luk 12:7,24

^l**6:27 el ... lewe:** Die •bronteks kan ook vertaal word “el by sy lengte voeg”. 'n •El kan 'n maat van tyd of lengte wees; •Lengtemate.

^m**6:28 wilde narsings:** Veldblomme wat algemeen in die lente in die Mediterreense gebied voorkom.

* **6:29 Salomo ... prag:** 1 Kon 10; 2 Kron 9

* **6:32 Julle ... nodig het:** Matt 6:8; Luk 12:30

* **6:33** Ps 37:4

julle dus nie bekommer oor die dag van môre nie, want môre sal hom oor homself bekommer.* Elke dag het genoeg van sy eie kwaad.”

7

Bergrede: Oor oordeel

(Mark 4:24-25; Luk 6:37-38,41-42)

¹ “Moenie oordeel nie,* sodat julle nie geoordeel word nie. ² Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word, en met die maat waarmee julle meet, sal vir julle afgemeet word.*

³ “Waarom sien jy die splinter in jou broer se oog raak, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie? ⁴ Of hoe kan jy vir jou broer sê, ‘Laat my toe om die splinter uit jou oog te haal,’ maar wat van die balk in jou eie oog? ⁵ Skynheilige! Haal eers die balk uit jou eie oog, dan sal jy goed kan sien om die splinter uit jou broer se oog te haal.

⁶ “Moenie wat heilig is vir die honde gee nie, en moenie julle pêrels voor die varke gooi nie, sodat hulle dit nie met hulle pote vertrap, en die honde nie omspring en julle verskeur nie.”

Bergrede: Oor gebedsverhoring

(Luk 11:9-13; 6:31)

⁷ “Vra, en vir julle sal gegee word;*
soek, en julle sal vind;
klop, en vir julle sal oopgemaak word.

⁸ Want elkeen wat vra, ontvang;

***6:34** *Moet ... homself bekommer:* Eks 16:4

***7:1** *Moenie oordeel nie:* Rom 2:1; 14:4,10; 1 Kor 5:12; Jak 4:11

***7:2** *met die maat ... afgemeet word:* Mark 4:24

***7:7** *Vra ... gegee word:* Mark 11:24; Joh 14:13-14; 15:7; 16:23-24; Jak 1:5; 1 Joh 3:22; 5:14-15

en wie soek, vind;
en vir wie klop, sal oopgemaak word.

⁹ “Wie onder julle sal, as sy seun brood vra, vir hom 'n klip gee? ¹⁰ Of ook, as hy 'n vis vra, vir hom 'n slang gee? ¹¹ As julle wat sleg is, dan weet om goeie geskenke aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader in die •hemele goeie dinge gee vir hulle wat Hom vra!*

¹² “Alles wat julle dan wil hê die mense aan julle moet doen, doen ook julle net so aan hulle. Want dit is die kern van die Wet en die Profete.”ⁿ

Bergrede: Oor die regte keuse

(Luk 13:23-24; 6:43-46; 13:25-27)

¹³ “Gaan deur die nou poort in. Want breed is die pad en wyd die poort wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. ¹⁴ Maar hoe nou is die poort en hoe smal^o die pad wat na die lewe lei! En daar is min wat dit vind.

¹⁵ “Wees op julle hoede vir die vals profete* wat in skaapsklere na julle kom, maar in hulle binneste wolwe* is wat verskeur. ¹⁶ *Aan hulle vrugte sal julle hulle uitken.* Pluk 'n mens miskien druiwe van doringstruik of vye van dissels?* ¹⁷ Net so dra elke goeie boom goeie vrugte, maar 'n

*7:11 *julle Vader ... vra*: Jak 1:17

ⁿ7:12 **Wet ... Profete**: Dit dien as aanduiding van die geskrifte van die Ou Testament wat in Jesus se tyd deur die Jode as gesaghebbend aanvaar is.

^o7:14 **smal**: Die woord in die •bronteks hou verband met ‘verdrukking, benouenis, noute’. Daarom kan dit ook vertaal word met “moeilik”, “swaar”; vgl Hand 14:22.

*7:15 *Wees ... profete*: Matt 24:11,24; Luk 6:26; 2 Pet 2:1; 1 Joh 4:1; Op 16:13

*7:15 *wolwe*: Eseg 22:27; Matt 10:16; Joh 10:12; Hand 20:29

*7:16-17 Matt 12:33,35

*7:16 *Aan ... uitken*: Sir 27:6

*7:16 *Pluk ... dissels*: Jak 3:12

slegte boom dra slegte vrugte. ¹⁸ 'n Goeie boom kan nie slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom kan nie goeie vrugte dra nie. ¹⁹ *Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi. ²⁰ *Aan hulle vrugte sal julle hulle dus uitken.

²¹ “Nie elkeen wat vir My sê, ‘Here, Here,’* sal ingaan in die •koninkryk van die hemele nie, maar net diegene wat die wil doen van my Vader* in die hemele. ²² Baie sal op daardie dag vir My sê, ‘Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer* en in u Naam demone uitgedryf* en in u Naam baie kragtige dae verrig nie?’ ²³ Dan sal Ek openlik vir hulle sê, ‘Ek het julle nooit geken nie.* Gaan weg van My, julle wat wetteloosheid bedryf!’*”

Bergrede: Oor die regte fondament

(Luk 6:47-49)

²⁴ “Daarom sal elkeen wat na my woorde luister en daarvolgens handel,* soos 'n verstandige man wees wat sy huis op rots gebou het. ²⁵ Toe die reën begin val en die stormwaters kom en die winde waai en daardie huis tref, het dit nie ineengestort nie, omdat dit stewig op rots gevestig was. ²⁶ Maar elkeen wat hierdie woorde van My hoor en dit nie uitvoer nie,* sal soos 'n onverstandige man wees wat sy huis op sand gebou het.

*7:19 Matt 3:10; Luk 3:9; 13:6-9; Joh 15:6

*7:20 Matt 7:16; 12:33

*7:21 *Nie ... Here:* Luk 6:46

*7:21 *diegene ... Vader:* Matt 21:31; Rom 2:13; Jak 1:22,25; 1 Joh 2:17

*7:22 *in u ... geprofeteer:* Jer 14:14; 27:15

*7:22 *en in u ... uitgedryf:* Mark 9:38; Luk 9:49

*7:23 *Dan ... geken nie:* Matt 10:33; 2 Tim 2:12

*7:23 *Gaan ... bedryf:* Ps 6:9; Matt 13:41-42; 25:41

*7:24 *Daarom ... handel:* Jak 1:22

*7:26 *elkeen ... uitvoer nie:* Jak 1:23

²⁷ *Toe die reën begin val en die stormwaters kom en die winde waai en daardie huis tref, het dit ineengestort, en die ineenstorting was geweldig.”

²⁸ Toe Jesus sy redevoering voltooi het,^p was die skare verstom oor sy lering, ²⁹ omdat Hy hulle geleer het soos iemand met gesag* en nie soos hulle skrifkenners nie.

8

Genesing van 'n melaatse

(Mark 1:40-45; Luk 5:12-16)

¹ Nadat Jesus van die berg afgekom het, het 'n groot skare Hom gevolg.

² En kyk, 'n melaatse^q het na Hom gekom, voor Hom gekniel en gesê:

“Here, as U wil, kan U my rein maak.”^r

³ Hy het sy hand uitgesteek, hom aangeraak en gesê: “Ek wil — word rein!” En hy is onmiddellik van sy melaatsheid gereinig. ⁴ Jesus het vir hom gesê: “Sorg dat jy dit vir niemand vertel nie,* maar gaan wys jouself vir die priester* en bring die offergawe wat Moses voorgeskryf het,* as getuienis vir hulle.”^s

*7:27 Eseg 13:10-12

^p7:28 *Toe ... voltooi het:* Al vyf Jesus se redevoerings in Matteus word met dieselfde formule in Grieks afgesluit; vgl Matt 11:1; 13:53; 19:1; 26:1; Luk 7:1.

*7:28-29 *was die skare ... met gesag:* Mark 1:22; Luk 4:32

^q8:2 *melaatse:* Die Griekse term sluit 'n verskeidenheid velsiektes in, waarvan sommige as ongeneeslik beskou is. •Melaatses is as kulties •onrein beskou.

^r8:2 *rein maak:* Ernstige velsiektes het kultiese onreinheid tot gevolg gehad.

*8:4 *Sorg ... vertel nie:* Matt 9:30; 12:16; Mark 7:36

*8:4 *wys ... priester:* Lev 14:2; Luk 17:14

*8:4 *bring ... het:* Lev 14:4-32

^s8:4 *hulle:* Dit verwys na die skare.

Genesing van 'n slaaf

(Luk 7:1-10; Joh 4:46-53)

⁵* Nadat Hy in Kapernaum aangekom het, het 'n *hekatontarg*^t Hom genader en smekend vir Hom ⁶ gesê: “Here, my slaaf lê verlam by die huis en ly baie pyn.” ⁷ Hy het vir hom gesê: “Ek sal gaan en hom genees.” ⁸ Die *hekatontarg* het geantwoord: “Here, ek is nie werd dat U onder my dak kom nie, maar sê net 'n woord, en my slaaf sal gesond word. ⁹ Want ook ek is 'n man wat onder gesag staan, met soldate onder my bevel. Vir die een sê ek, ‘Gaan!’, en hy gaan, en vir 'n ander, ‘Kom!’, en hy kom. Vir my slaaf sê ek, ‘Doen dit!’, en hy doen dit.”

¹⁰ Toe Hy dit hoor, was Jesus verwonderd, en Hy het vir diegene wat Hom volg, gesê: “•Amen, Ek sê vir julle: By niemand in Israel het Ek so 'n groot geloof gevind nie.* ¹¹ Ek sê nou vir julle dat baie uit die ooste en die weste sal kom* en saam met Abraham en Isak en Jakob aanleun om te eet^u in die •koninkryk van die hemele, ¹² maar die kinders van die koninkryk^v sal na die duisternis daarbuite verban word.* Daar sal 'n geween wees en 'n gekners van tande.*” ¹³ Jesus het toe vir die *hekatontarg* gesê: “Gaan, dit sal gebeur net soos jy glo.”

*8:5-7 Joh 4:46-47

^t8:5 *hekatontarg*: 'n Griekse benaming vir 'n bevelvoerder oor 100; •Romeinse ampsdraers.

*8:10 By ... *gevind nie*: Matt 15:28

*8:11 uit ... *kom*: Ps 107:3

^u8:11 *aanleun ... eet*: Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

^v8:12 *kinders ... koninkryk*: Letterlik ‘seuns’ van die koninkryk. Dit gaan hier om 'n Semitiese idioom vir hulle wat deel van die koninkryk, afstammeling van Abraham is.

*8:11-12 uit ... *verban word*: Luk 13:28-29

*8:12 Daar ... *tande*: Matt 13:42,50; 22:13; 24:51; 25:30; Luk 13:28

En sy slaaf het op daardie oomblik gesond geword.*

Genesings in Petrus se huis

(Mark 1:29-34; Luk 4:38-41)

¹⁴ Toe Jesus •Petrus se huis binnegaan, het Hy Petrus se skoonma* siek van die koors sien lê. ¹⁵ Hy het haar hand gevat, en die koors het haar verlaat, en sy het opgestaan en Hom bedien.

¹⁶ Teen die aand het hulle baie mense wat deur demone besete was, na Hom gebring. Hy het die geeste met 'n woord uitgedryf, en almal wat siek was, gesond gemaak, ¹⁷ sodat vervul sou word wat deur die profeet Jesaja gesê is:

“Hy het ons krankhede weggeneem,
en ons siektes het Hy gedra.”^w

Navolging van Jesus

(Luk 9:57-60)

¹⁸ Toe Jesus die skare rondom Hom sien, het Hy opdrag gegee dat hulle^x na die oorkant vertrek.*

¹⁹ 'n Sekere skrifkenner het toe nader gekom en vir Hom gesê:
“Meester,^y ek sal U volg waar U ook al gaan.” ²⁰ Maar Jesus antwoord hom: “Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die

***8:13** dit sal ... geword: Matt 9:29; 15:28; Joh 4:50-51

***8:14** Petrus se huis ... skoonma: 1 Kor 9:5

^w**8:17** Hy het ... gedra: Aanhaling uit Jes 53:4 as heenwysing na Jesus Christus.

^x**8:18** hulle: Jesus en sy dissipels.

***8:18** het Hy ... vertrek: Mark 4:35; Luk 8:22

^y**8:19** Meester: Die Griekse woord *didaskale* verwys na die Joodse rabbi, dit is 'n leermeester. “Meester” is die aanspreekvorm vir “Leermeester” in Afrikaans.

•Seun van die Mens het geen plek waar Hy sy kop kan neerlê nie.*”

²¹ Iemand anders, een van sy dissipels, het vir Hom gesê: “Here, laat my toe om eers my pa te gaan begrawe.*” ²² Maar Jesus sê vir hom: “Volg My,* en laat die dooies hulle eie dooies begrawe.”

Stilmaak van die storm

(Mark 4:35-41; Luk 8:22-25)

²³ Jesus het in die boot geklim en sy dissipels het Hom gevolg. ²⁴ Skielik bars daar 'n hewige storm op die see^z los, sodat die golwe die boot oorspoel het. Maar Hy het geslaap. ²⁵ Hulle het Hom gaan wakker maak en uitgeroep: “Here, red ons! Ons vergaan!” ²⁶ Maar Hy het vir hulle gesê: “Hoekom is julle bang, kleingelowiges?”* Toe staan Hy op en bestraf die wind en die see. En alles het baie kalm geword. ²⁷ Die mense was verwonderd en het gesê: “Watter soort mens is dit dié dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?”

Bevryding van twee besetenes

(Mark 5:1-17; Luk 8:26-37)

²⁸ Toe Hy aan die oorkant kom, in die gebied van die Gadareners,^a het twee manne, deur demone besete, uit die rotsgrafte^b gekom en Hom tegemoetgegaan. Hulle was baie gevaarlik, sodat niemand met daardie

* **8:20** maar ... neerlê nie: 2 Kor 8:9

* **8:21** laat ... begrawe: 1 Kon 19:20

* **8:22** Jesus ... My: Matt 9:9; Joh 1:43; 21:19

^z**8:24** see: 'n Binnelandse meer, ook bekend as die •Meer van Gennesaret of •See van Tiberias.

* **8:26** Hoekom ... kleingelowiges: Matt 14:31

^a**8:28** **Gadareners**: Die bewoners van 'n dorp ongeveer 10 km suidoos van die •See van Galilea. Hulle word soms ook Geraseners genoem (Mark 5:1; Luk 8:26) na die stad Gerasa; •Geraseners.

^b**8:28** **rotsgrafte**: Natuurlike grotte is dikwels ook as grafte gebruik.

pad langs verby kon reis nie. ²⁹ Skielik het hulle begin skreeu: “Los ons uit, •Seun van God!* Het U voortydig hierheen gekom om ons te pynig?”

³⁰ 'n Hele ent van hulle af het 'n groot trop varke gewei. ³¹ Die demone het Hom gesmeek: “As U ons uitdryf, stuur ons in die trop varke in!” ³² En Hy het vir hulle gesê: “Gaan!” Hulle het toe uitgevaar en weggegaan in die varke in. En kyk, die hele trop het op loop gesit teen die helling af, die see^c in, en versuip.

³³ Die wagters het op die vlug geslaan, en in die dorp^d alles gaan vertel, ook wat met die besetenes gebeur het. ³⁴ En kyk, die hele dorp het uitgegaan om Jesus te ontmoet, en toe hulle Hom sien, het hulle Hom gesmeek om uit hulle gebied weg te gaan.

9

Genesing van 'n verlamde

(Mark 2:1-12; Luk 5:17-26)

¹ Jesus het in die boot geklim, na die oorkant gevaar en in sy tuisdorp^e aangekom. ² En kyk, hulle het 'n verlamde man wat op 'n slaapmat^f lê, * na Hom gebring. En toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde:

***8:29** *Los ... God:* 1 Kon 17:18; Mark 1:24; Luk 4:34

^c**8:32** *see:* 'n Binnelandse meer, ook bekend as die •Meer van Gennesaret of •See van Tiberias.

^d**8:33** *dorp:* Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

^e**9:1** *tuisdorp:* Letterlik ‘eie stad’. Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp, dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

^f**9:2** *slaapmat:* Dit verwys na 'n ligte matras met strooi gevul, slaapmat of draagbaar.

***9:2** *verlamde ... lê:* Matt 8:6; Luk 9:33

“Hou moed, kind, jou sondes word vergewe.”³ Hierop het sommige van die skrifkenners onder mekaar gesê: “Hierdie man laster.”⁴ En omdat Jesus geweet het wat hulle dink, het Hy gesê:^{*} “Hoekom bedink julle bouse dinge in julle harte?⁵ Wat is makliker, om te sê, ‘Jou sondes word vergewe,’ of om te sê, ‘Staan op en loop?’⁶ Maar sodat julle kan weet dat die •Seun van die Mens volmag het om op aarde sondes te vergewe ...” — sê Hy toe vir die verlamde: “Staan op, tel jou slaapmat op en gaan na jou huis.”⁷ En hy het opgestaan en na sy huis gegaan.

⁸ Toe die skare dit sien, is hulle met diep ontsag vervul, en hulle het God, wat sulke gesag aan mense gee, geprys.^{*}

Roeping van Matteus

(Mark 2:13-17; Luk 5:27-32)

⁹ Toe Jesus van daar af verder gaan, sien Hy 'n man met die naam Matteus by die tolhuis sit en sê vir hom: “Volg My!”^{*} En hy het opgestaan en Hom gevolg.

¹⁰ *Toe Hy in die huis vir ete aanleun,⁸ het daar onverwags ook baie •tollenaars en sondaars opgedaag en saam met Jesus en sy dissipels vir ete aangeleun.¹¹ Die •Fariseërs het dit gesien en vir sy dissipels gevra: “Waarom eet julle leermeester saam met tollenaars en sondaars?”

¹² Toe Jesus dit hoor, het Hy gesê: “Gesonde mense het nie 'n dokter nodig nie, maar wel die siekes.¹³ Gaan leer wat beteken, ‘Ek wil

*9:2 *jou sondes ... vergewe:* Luk 7:48

*9:4 *omdat ... gesê:* Matt 12:25

*9:6-8 *sê Hy ... geprys:* Hand 9:33-35

*9:9 *vir hom ... My:* Matt 8:22; Joh 1:43; 21:19

*9:10-11 *Matt 11:19; Luk 7:34; 15:1-2; 19:7*

⁸9:10 *vir ete aanleun:* Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

barmhartigheid hê en nie offerande nie.* Ek het immers nie gekom om •regverdiges te roep nie, maar sondaars.”^h

Vastyd en feestyd

(Mark 2:18-22; Luk 5:33-39)

¹⁴ Toe het Johannes se dissipels na Jesus gekom en gesê: “Waarom vas ons en die •Fariseërs gereeld, maar u dissipels vas nie?*” ¹⁵ Jesus het hulle geantwoord: “Die bruilofsgaste kan tog nie treur terwyl die bruidegom by hulle is nie?* Maar daar kom 'n tyd wanneer die bruidegom van hulle weggeneem sal word, en dan sal hulle vas.

¹⁶ “Niemand werk 'n ongekrimpteⁱ stuk lap op 'n ou kledingstuk vas nie; want die lap trek los van die kledingstuk, en 'n groter skeur ontstaan.

¹⁷ “'n Mens gooi ook nie nuwe wyn in ou leersakke^j nie; anders bars die sakke oop, die wyn loop uit en die sakke gaan tot niet. Nee, 'n mens gooi nuwe wyn in nuwe leersakke, en beide bly behoue.”

Genesing van 'n vrou en opwekking van 'n dogter

(Mark 5:21-43; Luk 8:40-56)

¹⁸ Hy was nog besig om dié dinge aan hulle te sê, en kyk, daar kom 'n sekere leier* aan, kniel voor Hom en sê: “My dogter het pas gesterf, maar

* **9:13** Ek ... offerande nie: Hos 6:6; Matt 12:7

^h**9:13 sondaars:** Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna “tot bekering”. Dit word aanvaar dat dit hier en in die ooreenstemmende teks Mark 2:17 nie deel van die •bronteks is nie, maar wel in die ooreenstemmende teks Luk 5:32.

* **9:14** u dissipels ... nie: Matt 11:18; Luk 18:12

* **9:15** Die bruilofsgaste ... is nie: Joh 3:29

ⁱ**9:16 ongekrimpte:** Die Griekse woord kan ook vertaal word met “nuwe”.

^j**9:17 leersakke:** Gewoonlik van 'n volle skaap- of bokvel gemaak en kon gevul word met water of wyn.

* **9:18** daar kom ... leier: Mark 5:22; Luk 8:41

kom lê u hand op haar,* en sy sal leef.”¹⁹ Jesus het opgestaan en hom gevolg, en sy dissipels ook.

²⁰ Daar het toe skielik 'n vrou wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeiing^k gely het,* van agter af nader gekom en die soom van sy bokleed aangeraak.*²¹ Want, het sy vir haarself gesê: “As ek tog net sy bokleed kan aanraak, sal ek gesond word.”²² Jesus het omgedraai, haar gesien en gesê: “Hou moed, dogter, jou geloof het jou gered.”^{l*} En van daardie oomblik af was die vrou gesond.

²³ Toe Jesus by die huis van die leier kom en die fluitspelers^m sien en die klomp mense wat luidrugtig huil,²⁴ het Hy gesê: “Gaan weg, want die dogtertjie het nie gesterf nie, maar slaap net.*” Hulle het Hom egter uitgelag.²⁵ Toe die klomp mense uitgejaag is, het Hy ingegaan en haar aan die hand geneem en die dogtertjie het opgestaan.*

²⁶ Die nuus hieroor het deur die hele omgewing versprei.

Genesing van twee blindes

(Matt 20:29-34)

²⁷ *Toe Jesus van daar af verder gaan, het twee blindes agter Hom begin aanloop en uitgeroep: “Ontferm U oor ons, Seun van Dawid!”²⁸ Nadat Jesus die huis binnegegaan het, het die blindes na Hom gekom, en Jesus

* **9:18** lê ... haar: Matt 8:3; Mark 6:5; 7:32; 8:23,25; Luk 13:13

^k**9:20** *bloedvloeiing*: Menstruele bloeding.

* **9:20** vrou ... gely het: Lev 15:25

* **9:20** soom ... aangeraak: Matt 14:36; Mark 6:56

^l**9:22** *gered*: Die Griekse woord kan ook vertaal word “gesond gemaak”.

* **9:22** jou geloof ... gered: Mark 10:52; Luk 7:50; 17:19; Hand 3:16

^m**9:23** *fluitspelers*: Volgens Joodse gebruik met die oog op die begrafnis.

* **9:24** want ... net: Joh 11:11

* **9:25** haar aan ... opgestaan: Mark 1:31; 9:27

* **9:27** Matt 20:29-31

het vir hulle gesê: “Glo julle dat Ek dit kan doen?” Hulle antwoord Hom: “Ja, Here.”²⁹ Toe het Jesus hulle oë aangeraak en gesê: “Laat met julle gebeur soos julle glo.”³⁰ En hulle oë is geopen.* Jesus het hulle ernstig aangespreek en gesê: “Sorg dat niemand hiervan weet nie.”³¹ Maar hulle het uitgegaan en die nuus oor Hom in daardie hele omgewing versprei.*

Genesing van 'n stomme

(Matt 12:22-24)

³² Hulle het toe vertrek, en kyk, 'n man wat stom was, en deur 'n demoon besete, is na Hom gebring.³³ Nadat die demoon uitgedryf is, het die stomme begin praat.* Die skare was verwonderd en het gesê: “So iets is nog nooit in Israel gesien nie.”³⁴ Maar die •Fariseërs het gesê: “Deur die aanvoerder van die demone dryf Hy die demone uit.”

³⁵ * Jesus het in al die stede en dorpies rondgegaan, in hulle •sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig, en elke siekte en elke kwaal genees.*

Die groot oes

³⁶ Toe Hy die skare sien, het Hy hulle innig jammer gekry,* omdat hulle verward en verstrooi was, soos skape sonder 'n herder.*³⁷ * Toe sê Hy vir

* **9:29** *Laat ... glo:* Matt 8:13; 15:28

* **9:29-30** *het Jesus ... geopen:* Matt 20:34

* **9:30-31** *Sorg ... versprei:* Mark 7:36

* **9:32-33** *'n man ... begin praat:* Matt 12:22; Mark 7:32,35; 9:17,25; Luk 11:14

* **9:33** *Die skare ... gesien nie:* Mark 2:12

* **9:34** Matt 12:24; Mark 3:22; Luk 11:15

* **9:35** Matt 4:23; Mark 1:39

* **9:35** *elke siekte ... genees:* Matt 10:1; Mark 1:34; Luk 7:21

* **9:36** *Toe ... gekry:* Matt 14:14; 15:32; Mark 6:34

* **9:36** *soos ... herder:* Num 27:17; 1 Kon 22:17; 2 Kron 18:16; Eseg 34:5; Sag 10:2; Judit 11:19; Mark 6:34

* **9:37-38** Luk 10:2

sy dissipels: “Die oes is groot,* maar die arbeiders min.³⁸ Bid daarom die Here van die oes dat Hy arbeiders uitstuur om sy oes in te samel.”

10

Uitstuur van die twaalf

(Mark 3:16-19; Luk 6:12-16)

¹* Jesus het toe sy twaalf dissipels nader geroep en aan hulle gesag oor onrein geeste gegee — om hulle te kan uitdryf en om elke siekte en elke kwaal gesond te kan maak.*

²Die twaalf •apostels se name was: Eerstens Simon, wat bekend staan as •Petrus, en sy broer Andreas;* Jakobus, die seun van Sebedeus, en sy broer Johannes; ³Filippus* en Bartolomeus; Thomas en Matteus die •tollenaar; Jakobus, die seun van Alfeus, en Taddeus; ⁴Simon Kananeusⁿ en Judas Iskariot — wat Hom verraai het.*

Opdragte aan die twaalf

(Mark 6:8-11; Luk 9:2-5)

⁵Jesus het hierdie twaalf uitgestuur, nadat Hy hulle die volgende opdragte gegee het:

“Moet julle nie begewe op 'n pad na die heidene, en moenie in 'n Samaritaanse dorp^o ingaan nie, ⁶maar gaan eerder na die verlore skape

*9:37 *Die oes is groot:* Joh 4:35

*10:1 Mark 6:7; Luk 9:1

*10:1 *elke siekte ... maak:* Matt 9:35; Mark 1:34; Luk 7:21

*10:2 *Simon ... Andreas:* Joh 1:40-41

*10:3 *Filippus:* Joh 1:43

ⁿ10:4 **Kananeus:** Die Griekse woord kan ook vertaal word “•seloot” of “•yweraar”.

*10:4 *Judas ... verraai het:* Matt 26:25; 27:3; Mark 14:44; Joh 6:64; 12:4; 13:11; 18:2,5

^o10:5 **dorp:** Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

van die huis van Israel.* ⁷ Gaan verkondig die volgende, ‘Die •koninkryk van die hemele is op hande.’* ⁸ Maak die siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses,^p dryf demone uit. Julle het dit verniet gekry — verniet moet julle dit uitdeel.

⁹ “Moenie goue of silwer- of kopermunte in julle gordels saamneem nie, ¹⁰ nie 'n reissak^q vir die pad nie, ook nie twee kledingstukke,^r of sandale,^{*} of 'n wandelstok nie. Want die werker is sy kos werd.*

¹¹ “Watter stad of dorp julle ook al binnegaan — vind uit wie daarin waardig is, en bly daar totdat julle vertrek. ¹² *En wanneer julle die huis binnegaan, groet die huismense. ¹³ En as hulle dit waardig is, skenk julle vrede aan hulle, maar as hulle dit nie waardig is nie, laat julle vrede na julle terugkeer. ¹⁴ *En wie ook al julle nie verwelkom en na julle woorde luister nie — gaan weg uit daardie huis of stad en skud die •stof van julle voete af.^s ¹⁵ *•Amen, Ek sê vir julle: Dit sal vir die land Sodom en Gomorra* op die oordeelsdag draagliker wees as vir daardie stad.”

*10:6 na ... *Israel*: Jer 50:6; Matt 15:24

*10:7 *Die koninkryk ... hande*: Matt 3:2; 4:17; Luk 10:9,11

^p10:8 *melaatses*: Die Griekse term sluit 'n verskeidenheid velsiektes in, waarvan sommige as ongeneeslik beskou is. •Melaatses is as kulties •onrein beskou.

^q10:10 *reissak*: 'n Drasak gemaak van leer of weefstof.

^r10:10 *kledingstukke*: Letterlik ‘onderklede’.

*10:10 *nie 'n reissak ... sandale*: Luk 10:4

*10:10 *Want ... werd*: Num 18:31; Luk 10:7; 1 Kor 9:14; 1 Tim 5:18

*10:12-13 Luk 10:5-6

*10:14-15 Luk 10:10-12

^s10:14 *skud ... af*: Dit was 'n teken dat mense niks verder met ander te doen wou hê nie.

*10:15 Matt 11:24; Luk 10:12

*10:15 *Sodom en Gomorra*: Gen 18:20 — 19:28; 2 Pet 2:6; Jud vs 7

Ontberings vir die dissipels

(Mark 13:9-13; Luk 12:11-12; 21:12-19)

¹⁶ “Kyk, Ek stuur julle uit soos skape onder die wolwe.* Wees dan behoedsaam soos slange en onskuldig soos duiwe.* ¹⁷ Maar wees op julle hoede vir die mense, want hulle sal julle oorlewer aan sanhedrins,^t en in hulle •sinagoges sal hulle julle gesel. ¹⁸ Voor prokurators^u en konings sal julle om my ontwil gesleep word, sodat julle voor hulle en voor die heidene* kan getuig.* ¹⁹ **En wanneer hulle julle oorlewer, moet julle julle nie bekommer oor hoe en wat julle moet sê nie, want wat julle moet sê, sal op daardie oomblik aan julle gegee word. ²⁰ Dit is immers nie julle wat praat nie, maar die Gees van julle Vader wat deur julle praat.

²¹ “Broer sal broer oorlewer om doodgemaak te word, en 'n pa sy kind. En kinders sal in opstand kom teen ouers* en hulle doodmaak. ²² En julle sal deur almal gehaat word ter wille van my Naam.* Maar wie volhard tot aan die einde, dié sal verlos word.* ²³ Wanneer hulle julle in die een

*10:16 *Kyk ... wolwe*: Luk 10:3; *skape ... wolwe*: Joh 10:12; Hand 20:29

*10:16 *behoedsaam ... duiwe*: Rom 16:19

^t10:17 *sanhedrins*: Naas die •Sanhedrin in Jerusalem wat die hoogste Joodse gesagsliggaam was, was daar ook elders kleiner “sanhedrins” wat plaaslike regsangeleenthede moes behartig.

^u10:18 *prokurators*: Amptenare wat namens die keiser in beheer was oor 'n Romeinse provinsie; •Romeinse ampsdraers.

*10:18 *voor die heidene*: Matt 24:12

*10:17-18 *hulle sal ... getuig*: Mark 13:9; Luk 21:12-13

*10:19-22 Mark 13:11-13; Luk 21:14-19

*10:19-20 Luk 12:11-12

*10:21 *kinders ... ouers*: Miga 7:6

*10:22 *En ... Naam*: Matt 24:9

*10:22 *Maar ... word*: Matt 24:13

stad^v vervolg, vlug na 'n ander. •Amen, Ek sê vir julle: Julle sal nie al die stede van Israel kan besoek voordat die •Seun van die Mens kom nie.*

²⁴ *“(n Leerling is nie verhewe bo die leermeester, of 'n slaaf bo sy eienaar nie. ²⁵ Dit is voldoende vir die leerling om soos sy leermeester, en vir die slaaf om soos sy eienaar te word. As hulle die huisheer Beëlsebul^w genoem het, hoeveel te meer nie die huismense nie.”

Wie gevrees moet word

(Luk 12:2-7)

²⁶ “Moet hulle daarom nie vrees nie; daar is immers niks bedek wat nie openbaar sal word nie, en niks verborge wat nie bekend sal word nie.* ²⁷ Wat Ek vir julle in die donker sê, sê dit in die lig; en wat julle in die oor hoor, verkondig dit van die dakstoepe^x af. ²⁸ En moenie diegene vrees wat die liggaam kan doodmaak, maar die siel^y nie kan doodmaak nie. Vrees eerder Hom wat beide die siel en die liggaam^z in Gehenna^a kan laat vergaan.*

^v**10:23 stad:** Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

* **10:23 voordat ... kom nie:** Matt 16:27-28; 24:27,30,37,39,44; 25:31; 26:64; Mark 13:26; 14:62; Luk 9:26; 17:30; 18:8; 21:27

* **10:24** Luk 6:40; Joh 13:16; 15:20

^w**10:25 Beëlsebul:** •Satan, die aanvoerder van die demone (Matt 12:24). Sy naam en die naam van die Filistynse afgod Baäl-Zabul (Baäl die vors), ook bekend as Baäl-Sebub (Baäl die vlieëgod, 2 Kon 1:2-4), is amper dieselfde.

* **10:26 daar ... word nie:** Mark 4:22; Luk 8:17

^x**10:27 dakstoepe:** Die ruimte bo-op die plat dak van 'n huis, gewoonlik van klei en plantmateriaal, wat met 'n leer of kliptrap bereik kon word.

^y**10:28 siel:** Die mens se bewuste, innerlike lewenskern wat voortbestaan na sy dood.

^z**10:28 siel ... liggaam:** Dit verwys hier na die mens in sy totale bestaan.

^a**10:28 Gehenna:** 'n Vergriekste vorm van die Hebreeuse uitdrukking *ge hinnom*, wat verwys na die Hinnomdal, wat volgens Jer 7:31-32; 19:6-7 'n plek van straf sou word. Word ook as "hel" vertaal.

* **10:28 wat beide ... vergaan:** Jak 4:12

²⁹ “Word twee mossies nie vir 'n assarius^b verkoop nie? En nie een van hulle sal op die grond val sonder julle Vader nie. ³⁰ *En julle — selfs die hare op julle kop is almal getel. ³¹ Moet dan nie bang wees nie; julle is meer werd as baie mossies.*”

Aanmoediging om Christus te bely

(Luk 12:8-9)

³² * “Daarom, elkeen wat My voor die mense bely, sal Ek ook voor my Vader in die hemele^c bely. ³³ *Maar wie My voor die mense verloën, sal Ek ook voor my Vader in die hemele verloën.”

Verdeeldheid

(Luk 12:51-53; 14:26-27)

³⁴ “Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard. ³⁵ Want Ek het gekom om 'n wig in te dryf

“ ‘tussen 'n man en sy pa
en tussen 'n dogter en haar ma,
en tussen 'n skoondogter en haar skoonma;
³⁶ en 'n mens se vyande sal sy eie huismense wees.’* ”

^b10:29 *assarius*: 'n Romeinse kopermuntstuk wat een sestiende van 'n •denarius werd was; •Geldeenhede.

*10:30 1 Sam 14:45; Hand 27:34

*10:31 *julle ... mossies*: Matt 6:26; 12:12

*10:32 Op 3:5

^c10:32 *hemele*: Volgens die destydse wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterreheem en die derde hemel waar God woon.

*10:33 Mark 8:38; Luk 9:26; 2 Tim 2:12

*10:35-36 *tussen ... wees*: Miga 7:6

³⁷ **“Wie sy pa of ma bo My liefhet, is My nie waardig nie, en wie sy seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie.*

³⁸ **En wie nie sy kruis opneem en My volg nie, is My nie waardig nie.*

³⁹ **“Wie sy lewe behou, sal dit verloor, en wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit behou.”*

Lojaliteit en beloning

(Mark 9:41; Luk 10:16)

⁴⁰ **“Wie julle ontvang, ontvang My,* en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het.** ⁴¹ *Wie 'n profeet ontvang omdat hy 'n profeet is, sal die beloning van 'n profeet kry,* en wie 'n •regverdige ontvang omdat hy 'n regverdige is, sal die beloning van 'n regverdige kry.* ⁴² **En wie aan een van hierdie geringes^d 'n beker koue water gee om te drink, bloot omdat hy 'n dissipel is — •Amen, Ek sê vir julle: Hy sal beslis sy beloning nie kwyt wees nie.”*

11

¹ Toe Jesus sy opdragte aan sy twaalf dissipels voltooi het,^e het Hy

***10:37** Deut 33:9

***10:38** Matt 16:24; Mark 8:34; Luk 9:23

***10:39** Matt 16:25; Mark 8:35; Luk 9:24; 17:33; Joh 12:25

***10:40** Mark 9:37; Luk 10:16; Joh 13:20

***10:40** *Wie ... My:* Matt 18:5

***10:40** *wie My ... gestuur het:* Joh 12:44; Gal 4:14

***10:41** *Wie ... profeet kry:* 1 Kon 17:9-24; 2 Kon 4:8-37

***10:42** Mark 9:41

^d**10:42** *geringes:* 'n Naam wat in Matteus vir dissipels van Jesus gebruik word; vgl Matt 18:6,10,14.

^e**11:1** *Toe ... voltooi het:* Al vyf Jesus se redevoerings in Matteus word met dieselfde formule in Grieks afgesluit; vgl Matt 7:28; 13:53; 19:1; 26:1; Luk 7:1.

daarvandaan vertrek om in hulle dorpe^f te leer en te preek.

Antwoord aan Johannes die Doper

(Luk 7:18-35)

² Toe Johannes in die tronk verneem^{*} wat Christus^g alles doen, het hy sy dissipels gestuur om ³ Hom te vra: “Is U die Een wat sou kom,^h of moet ons iemand anders verwag?”

⁴ Jesus het hulle geantwoord: “Gaan vertel vir Johannes wat julle hoor en sien:

⁵ “Blindes sien weer en verlamdes loop,
melaatsesⁱ word gereinig, dowes hoor,^j
dooies word opgewek
en aan armes word die goeie boodskap verkondig.^k

⁶ “En gelukkig is die mens wat nie aan My aanstoot neem nie.^{*}”

⁷ Met hulle vertrek het Jesus begin om met die skare oor Johannes te praat: “Maar wat wou julle gaan sien toe julle na die woestyn^l uitgegaan

^f**11:1 dorpe:** Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

^{*}**11:2 Toe ... verneem:** Matt 14:3; Joh 3:24

^g**11:2 Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

^h**11:3 Een ... kom:** Verwys na Mal 3:1 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 3:11; Joh 1:15,27; 6:14; Hand 19:4; Heb 10:37; Op 1:4,8.

ⁱ**11:5 melaatses:** Die Griekse term sluit 'n verskeidenheid velsiektes in, waarvan sommige as ongeneeslik beskou is. •Melaatses is as kulties •onrein beskou.

^j**11:5 Blindes ... hoor:** Verwys na Jes 35:5-6; 42:7,18 as heenwysings na Jesus Christus.

^k**11:5 aan ... verkondig:** Verwys na Jes 61:1 as heenwysing na Jesus Christus.

^{*}**11:6 gelukkig ... neem nie:** Matt 13:57; 26:31

^l**11:7 woestyn:** Dit is 'n verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

het?* 'n Riet wat deur die wind heen en weer geruk word? ⁸ Maar wat wou julle dan gaan sien? 'n Man met deftige klere aan? Kyk, mense met deftige klere woon in konings se paleise. ⁹ Maar wat wou julle dan gaan sien? 'n Profeet?* Ja, Ek verseker julle, selfs meer as 'n profeet. ¹⁰ Hy is die een oor wie geskryf staan:

“ Kyk, Ek stuur my boodskapper voor jou uit;
hy sal jou pad voor jou gereedmaak.’^m

¹¹ “•Amen, Ek sê vir julle: Onder diegene wat uit vroue gebore is, is daar niemand groter as Johannes die Doper nie; en tog is die geringste in die •koninkryk van die hemele groter as hy. ¹² *Maar sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe ly die koninkryk van die hemele onder geweldⁿ en probeer geweldenaars dit in besit neem. ¹³ Want al die Profete en die Wet, tot en met Johannes, het daarvoor geprofeteer. ¹⁴ En as julle dit wil aanvaar — hy is Elia wat sou kom.^o ¹⁵ *Laat dié wat ore het, luister!

¹⁶ “Maar met wie kan Ek hierdie geslag vergelyk? Hulle is soos kindertjies wat op die markpleine sit en na mekaar roep,

¹⁷ “ ‘Ons het vir julle fluit gespeel,

* **11:7** oor Johannes ... uitgegaan het: Matt 3:5

* **11:9** sien ... Profeet: Matt 14:5; 21:26; Luk 1:76

^m**11:10** Kyk ... gereedmaak: Aanhaling uit Mal 3:1 as heenwysing na Johannes die Doper as wegbereider; vgl Eks 23:20 (Mark 1:2; Luk 1:76; 7:27; Joh 3:28).

* **11:12-13** Luk 16:16

ⁿ**11:12** ly ... geweld: Kan ook vertaal word “die koninkryk tree kragtig na vore”.

^o**11:14** hy ... kom: Verwys na Mal 4:5 as heenwysing na Johannes die Doper; vgl Matt 17:10-13; Mark 9:11-13; Luk 1:17; Joh 1:21.

* **11:15** Matt 13:9,43; Mark 4:9,23; Luk 8:8; 14:35; Op 2:7; 13:9

maar julle wou nie dans nie;
ons het 'n treurlied gesing,
maar julle wou nie weeklaag nie!

¹⁸ “Want Johannes het gekom, en hy eet en drink nie,* en hulle sê,

“ ‘Hy is van 'n demoon besete.’

¹⁹ “Die •Seun van die Mens het gekom, en Hy eet en drink,* en hulle sê,

“ ‘Kyk, Hy is 'n vraat en 'n suiplap,
'n vriend van •tollenaars en sondaars.’* ”

“Maar die wysheid word deur haar^p dade reg bewys.”

Ellende vir die onboetvaardige stede

(Luk 10:12-15)

²⁰ Toe het Jesus begin om die stede^q waarin die meeste van sy kragtige dade plaasgevind het, te verwyt, omdat hulle hulle nie bekeer het nie.

²¹ “Ellende wag op jou, Gorasin! Ellende wag op jou, Betsaida! Want as die kragtige dade wat in julle plaasgevind het, in Tirus en Sidon gebeur het, sou hulle lankal in sak en as^r gesit en hulle bekeer het. ²² Maar Ek sê vir julle, vir Tirus en Sidon* sal dit op die oordeelsdag draagliker wees as

* **11:18** *Want ... drink:* Matt 3:4; 9:14; Luk 18:12

* **11:19** *Die ... drink:* Matt 9:14

* **11:19** *Hy ... sondaars:* Matt 9:11; Luk 15:1-2; 19:7

^p**11:19** *haar:* Die wysheid is in Bybelse tye as 'n vrou voorgestel, vgl Spr 8; Wys 7 - 8.

^q**11:20** *stede:* Vgl voetnoot in 11:1.

^r**11:21** *sak en as:* As teken van rou, het hulle growwe klere van bokhare aangetrek en as op hulle koppe gegooi; Est 4:1; Jona 3:6.

* **11:21-22** *Tirus en Sidon:* Jes 23:1-8; Eseg 26 — 28; Joël 3:4-8; Am 1:9-10; Sag 9:2-4

vir julle. ²³ En jy, Kapernaum,

“ ‘Sal jy tot die hemel toe verhoog word?

Nee, jy sal na Hades^s afdaal!’* ”

“Want as in Sodom die kragtige daade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou dit bly staan het tot vandag toe. * ²⁴ *Maar Ek sê vir julle, dit sal vir die gebied van Sodom op die oordeelsdag draagliker wees as vir jou.”

Jesus se lof aan die Vader

(Luk 10:21-22)

²⁵ In daardie tyd het Jesus gesê: “Ek loof U, Vader, Here van hemel en aarde, * dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg en dit aan kindertjies bekend gemaak het. * ²⁶ Ja, Vader, want so het U dit goedgevind. ²⁷ Alles is deur my Vader aan My toevertrou. * En niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader, en niemand ken die Vader nie, behalwe die Seun* en elkeen aan wie die Seun Hom bekend wil maak.

²⁸ * “Kom na My toe, almal wat vermoeid en swaar belas is, en Ek sal julle rus gee. ²⁹ Neem my juk op julle, en leer van My, omdat Ek

^s**11:23 Hades:** Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

* **11:23 Sal jy ... afdaal:** Jes 14:13,15

* **11:23 Want ... vandag toe:** Gen 19:24-28; 2 Pet 2:6; Jud vs 7

* **11:24** Matt 10:15; Luk 10:12

* **11:25 Here ... aarde:** Tob 7:17 •Septuagint

* **11:25 U ... gemaak het:** 1 Kor 1:26-29

* **11:27 Alles ... toevertrou:** Matt 28:18; Joh 3:35; 13:3; 17:2; Fil 2:9

* **11:27 niemand ken die Seun ... behalwe die Seun:** Joh 1:18; 10:15

* **11:28** Jer 31:25

sagmoedig en nederig van hart is, en julle sal rus vind vir julle gemoed.*
30 *Want my juk is draaglik en my las is lig.”

12

Jesus Here oor die Sabbat

(Mark 2:23-28; Luk 6:1-5)

¹ In daardie tyd het Jesus op die Sabbat deur die gesaaides geloop. Sy dissipels het honger geword, en begin om die are te pluk en te eet.* ² Toe die •Fariseërs dit sien, sê hulle vir Hom: “Kyk, u dissipels doen iets wat op die Sabbat nie toelaatbaar is nie.*” ³ Maar Hy sê vir hulle: “Het julle nie gelees wat Dawid gedoen het toe hy en dié saam met hom honger geword het nie? ⁴ Hoe hy die huis van God binnegegaan, en hulle die vertoonbrode^t geëet het* — waarvan nie hy of dié saam met hom mag eet nie, maar net die priesters?* ⁵ Of het julle nie in die Wet^u gelees dat die priesters die Sabbat ontheilig wanneer hulle op die Sabbat in die •tempel diens doen, maar tog onskuldig bly nie?* ⁶ Ek sê vir julle, wat hier is, is groter as die tempel. ⁷ As julle maar net begryp het wat bedoel word met, ‘Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie,’* sou julle nie hierdie

*11:29 julle sal ... gemoed: Jer 6:16; Sir 6:28

*11:30 1 Joh 5:3

*12:1 are ... eet: Deut 23:24-25

*12:2 doen iets ... is nie: Eks 20:10; Deut 5:14

^t12:4 **vertoonbrode:** Brode wat in die heilige deel van die •tempel geplaas is. Slegs ritueel gereinigde priesters is toegelaat om daarvan te eet; vgl Lev 24:5-8.

*12:3-4 wat ... geëet het: 1 Sam 21:1-6

*12:4 waarvan ... priesters: Lev 24:9

^u12:5 **Wet:** •Wet van Moses.

*12:5 priesters ... bly nie: Num 28:9-10

*12:6 Matt 12:41-42; Luk 11:31-32

*12:7 As ... offerande nie: Hos 6:6; Matt 9:13

onskuldig mense veroordeel het nie.⁸ Die •Seun van die Mens is immers Here van die Sabbat.”

Genesing op die Sabbat

(Mark 3:1-6; Luk 6:6-11)

⁹ Toe het Jesus daarvandaan vertrek en hulle •sinagoge binnegegaan.
¹⁰ En kyk, daar was 'n man met 'n verdorde hand. Om Hom te kon aankla, vra hulle Hom toe: “Is dit toelaatbaar om iemand op die Sabbat gesond te maak?”^{*} ¹¹ *Hy het egter vir hulle gesê: “Watter mens onder julle wat net een skaap het, sal dit nie gryp en uithaal as dit op die Sabbat in 'n sloot val nie? ¹² Hoeveel meer is 'n mens dan nie werd as 'n skaap nie!* Daarom is dit toelaatbaar om op die Sabbat goed te doen.”^{*} ¹³ Toe sê Hy vir die man: “Steek uit jou hand!” Hy het dit uitgesteek en dit het gesond geword, gesond soos die ander een. ¹⁴ *Die •Fariseërs het toe uitgegaan en planne teen Hom beraam, sodat hulle Hom om die lewe kon bring.

Jesus Dienskneg van die Here

(Mark 3:7-12; Luk 6:17-19)

¹⁵ *Toe Jesus dit agterkom, het Hy daarvandaan weggegaan. Groot skares het Hom gevolg. Hy het hulle almal gesond gemaak ¹⁶ *en gewaarsku om Hom nie bekend te laat word nie. ¹⁷ So sou vervul word wat deur die profeet Jesaja gesê is:

*12:10 *Is ... maak:* Luk 14:3

*12:11 Luk 14:5

*12:12 *Hoeveel ... skaap nie:* Matt 6:26; 10:31; Luk 12:7,24

*12:12 *is dit ... doen:* Luk 13:16; Joh 5:9; 7:23; 9:14

*12:14 Matt 27:1; Mark 11:18; Luk 19:47; Joh 5:16; Joh 18

*12:15 Mark 3:7-10; Luk 6:17-19

*12:16 Matt 8:4; 9:30; Mark 3:12; 5:43; 7:36

¹⁸ v“Kyk, my Dienskneg wat Ek gekies het,
my Geliefde oor wie Ek My verbly!

Ek sal my Gees op Hom lê,
en Hy sal die reg aan die nasies verkondig.

¹⁹ Hy sal nie twis nie en nie skreeu nie;
sy stem sal 'n mens nie in die strate hoor nie.

²⁰ 'n Geknakte riet sal Hy nie afbreek nie,
en 'n rokende lamppit sal Hy nie uitdoof nie,
totdat Hy die reg laat seëvier.

²¹ En op sy Naam sal die nasies hulle hoop vestig.”

Jesus en Beëlsebul

(*Mark 3:22-30; Luk 11:14-15,17-23; 12:10*)

²² Toe is iemand wat deur 'n demoon besete, en blind en stom was, na Jesus gebring, en Hy het hom gesond gemaak, sodat die stomme kon praat en sien. ²³ Al die mense was uit die veld geslaan en het gesê: * “Is hierdie man nie dalk die •Seun van Dawid nie?” ²⁴ Toe die •Fariseërs hiervan te hore kom, het hulle gesê: “Dit is slegs deur Beëlsebul,^w die aanvoerder van die demone, dat hierdie man demone uitdryf.”* ²⁵ Omdat Hy hulle gedagtes geken het, het Hy vir hulle gesê: “Elke koninkryk wat teen homself verdeeld is, gaan ten gronde, en geen dorp^x of huis wat teen homself verdeeld is, sal staande bly nie. ²⁶ As Satan^y Satan uitdryf, is hy

^v12:18-21 Aanhaling uit Jes 42:1-4 as heenwysing na Jesus Christus.

*12:22-23 Toe ... gesê: Matt 9:32-33

^w12:24 **Beëlsebul:** •Satan, die aanvoerder van die demone. Sy naam en die naam van die Filistynse afgod Baäl-Sebub (2 Kon 2:2-4) is amper dieselfde.

*12:24 Dit ... uitdryf: Matt 9:34

^x12:25 **dorp:** Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

^y12:26 **Satan:** Die benaming “Satan” is afgelei van 'n Hebreeuse woord wat ‘teenstander’ of ‘aanklaer’ beteken.

teen homself verdeeld; hoe sal sy koninkryk dan staande bly? ²⁷ En as Ek deur Beëlsebul die demone uitdryf, deur wie dryf julle seuns hulle uit? Daarom sal hulle regters oor julle wees. ²⁸ Maar as Ek deur die Gees van God die demone uitdryf,* dan het die •koninkryk van God julle bereik. ²⁹ Of hoe kan iemand in die huis van 'n sterk man ingaan om sy besittings te steel as hy nie eers die sterk man vasbind nie?* Eers dan sal hy sy huis beroof. ³⁰ Wie hulle nie by My skaar nie, is teen My,* en wie nie saam met My bymekaarmaak nie, verstrooi. ³¹ Daarom sê Ek vir julle, elke sonde en lastering sal die mense vergewe word,* maar lastering teen die Gees sal nie vergewe word nie. ³² En wie iets teen die •Seun van die Mens sê, dit sal hom vergewe word. Maar wie iets teen die Heilige Gees sê, dit sal hom nie vergewe word nie, nóg in hierdie bedeling, nóg in die een wat kom.”

'n Boom en sy vrugte

(Luk 6:43-45)

³³ “*Óf julle beskou die boom as goed en sy vrugte as goed, óf julle beskou die boom as sleg en sy vrugte as sleg. Aan sy vrugte word die boom immers geken. ³⁴ Addergeslag!* Hoe kan julle iets goeds sê as julle sleg is? Want waar die hart van vol is, loop die mond van oor.* ³⁵ Die goeie mens bring uit die goeie skatkamer goeie dinge na vore, en die slegte mens bring uit die slegte skatkamer slegte dinge na vore. ³⁶ Ek sê vir julle, van elke onbesonne woord wat mense kwytraak, sal hulle op die dag van oordeel rekenskap moet gee. ³⁷ Want op grond van jou

*12:28 Maar ... uitdryf: Hand 10:38

*12:29 hoe ... vasbind nie: Jes 49:24

*12:30 Wie ... teen My: Mark 9:40; Luk 9:50

*12:31 elke ... word: 1 Tim 1:13

*12:33 Matt 7:16-20

*12:34 Addergeslag: Matt 3:7; 23:33; Luk 3:7

*12:34 Want ... oor: Matt 15:18; Mark 7:21

woorde sal jy geregverdig word, en op grond van jou woorde sal jy veroordeel word.”

Teken van Jona

(Mark 8:11-12; Luk 11:16,29-32)

³⁸ *Toe het sommige van die skrifkenners en •Fariseërs gereageer en gesê: “Meester,^z ons wil graag 'n teken van u sien.” ³⁹ Hy het hulle geantwoord: “'n Bose en owerspelige geslag vra 'n teken, maar geen teken sal aan hulle gegee word behalwe die teken van die profeet Jona nie.* ⁴⁰ Want net soos ‘Jona drie dae en drie nagte in die ingewande van die groot vis was,’^a so sal die •Seun van die Mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees. ⁴¹ Die mense van Nineve sal in die oordeel saam met hierdie geslag opstaan en hulle veroordeel, omdat hulle op grond van die prediking van Jona tot bekering gekom het;* en waarlik, wat hier is, is meer as Jona.* ⁴² Die koningin van die Suide sal in die oordeel saam met hierdie geslag opgewek word en hulle veroordeel; want sy het van die eindes van die aarde gekom om die wysheid van Salomo aan te hoor;* en waarlik, wat hier is, is groter as Salomo.*”

* **12:38** Matt 16:1; Mark 8:11; Luk 11:16; Joh 6:30; 1 Kor 1:22

^z**12:38 Meester:** Die Griekse woord *didaskale* verwys na die Joodse rabbi, dit is 'n leermeester. “Meester” is die aanspreekvorm vir “Leermeester” in Afrikaans.

* **12:39** *'n Bose ... Jona nie:* Matt 16:4

^a**12:40 Jona ... was:** Aanhaling deur Jesus uit Jona 1:17 as heenwysing na Homself.

* **12:41** *hulle op ... gekom het:* Jona 3:5,8

* **12:41** *wat hier ... Jona:* Matt 12:6

* **12:42** *Die koningin ... hoor:* 1 Kon 10:1-10; 2 Kron 9:1-12

* **12:42** *wat hier ... Salomo:* Matt 12:6

Terugkeer van 'n onrein gees

(Luk 11:24-26)

⁴³ “Wanneer 'n onrein gees 'n mens verlaat, swerf hy deur waterlose streke op soek na rus, maar kry dit nie. ⁴⁴ Dan sê hy, ‘Ek sal terugkeer na my huis wat ek verlaat het.’ En by sy terugkeer kry hy dit onbewoon, uitgevee en aan die kant gemaak. ⁴⁵ Dan gaan hy en neem sewe ander geeste saam met hom, slegter as hyself, trek in en woon daar. Die uiteinde van daardie mens is erger as sy begin.* So sal dit ook gaan met hierdie bose geslag.”

Jesus se moeder en broers

(Mark 3:31-35; Luk 8:19-21)

⁴⁶ Terwyl Jesus nog met die skare praat, het sy moeder en broers* onverwags buite gestaan en wou met Hom praat. ⁴⁷ Iemand het vir Hom gesê: “Kyk, u moeder en broers staan buite en wil met U praat.” ⁴⁸ Maar Hy het die een wat dit vir Hom gesê het, geantwoord: “Wie is my moeder en wie is my broers?” ⁴⁹ Toe het Hy sy hand na sy dissipels uitgesteek met die woorde: “Kyk, hier is my moeder en my broers. ⁵⁰ Want elkeen wat die wil doen van my Vader in die hemele, dié is my broer en suster en moeder.”

13

Gelykenis van die saad

(Mark 4:1-9; Luk 8:4-8)

¹ *Daardie selfde dag het Jesus, nadat Hy van die huis vertrek het, langs

*12:45 Die uiteinde ... begin: 2 Pet 2:20

*12:46 sy ... broers: Matt 13:55; Mark 6:3; Joh 2:12; Hand 1:14

*13:1-2 Luk 5:1,3

die see^b gaan sit. ²'n Groot skare het om Hom saamgedrom, sodat Hy in die boot geklim het om daar te gaan sit. Die hele skare het op die strand bly staan. ³Hy het dikwels met hulle deur gelykenisse gepraat. Hy het gesê: “Kyk, 'n saaiër het uitgegaan om te saai. ⁴Tydens die saaiery het 'n deel van die saad langs die pad geval, en die voëls het gekom en dit opgepik. ⁵Ander saad, weer, het op rotsagtige plekke geval waar daar nie baie grond was nie, en dit het dadelik opgekom, omdat die grond nie diep was nie. ⁶Maar toe die son opkom, is dit verskroei; omdat dit nie wortel geskiet het nie, het dit verdroog. ⁷Ander saad weer het tussen die dorings geval, en die dorings het opgekom en dit verstik. ⁸En nog ander het op goeie grond geval, en dit het opbrengs gelewer — party honderd-, ander sestig- en ander dertigvoudig. ⁹*Laat dié wat ore het, luister!”

Doel van gelykenisse

(Mark 4:10-13; Luk 8:9-11)

¹⁰Die dissipels het toe nader gekom en vir Hom gevra: “Hoekom praat U deur gelykenisse met hulle?” ¹¹Hy het hulle geantwoord: “Omdat dit aan julle gegee is om die geheimenisse van die •koninkryk van die hemele te verstaan;* maar vir daardie mense is dit nie gegee nie. ¹²*Want wie het, aan hom sal gegee word en hy sal oorvloed hê; maar van wie nie het nie, sal ook dit wat hy het, weggeneem word. ¹³Daarom praat Ek met hulle deur gelykenisse, omdat hulle siende blind en horende doof is en dus nie verstaan nie. ¹⁴Wat hulle betref, word die profesie van Jesaja vervul:

^b**13:1 see:** 'n Binnelandse meer, ook bekend as die •Meer van Gennesaret of •See van Tiberias.

***13:9** Matt 11:15; 13:43; Mark 4:23; Luk 14:35; Op 2:7; 13:9

***13:11** *om ... verstaan:* 1 Kor 4:1; Ef 3:3-4; 6:19; Kol 2:2; 4:3

***13:12** Matt 25:29; Mark 4:25; Luk 8:18; 19:26

“Met die ore sal julle hoor en glad nie verstaan nie,
en met die oë sal julle sien en glad nie insig verkry nie.

¹⁵ Want hierdie volk se hart is afgestomp —
hulle kan beswaarlik met hulle ore hoor;
hulle het hulle oë gesluit,
sodat hulle nie met hulle oë sien
en met hulle ore hoor
en met hulle harte verstaan
en terugkeer
en Ek hulle genees nie.’

¹⁶ * “Maar gelukkig is julle oë, want hulle sien, en julle ore, want hulle hoor. ¹⁷ •Amen, Ek sê vir julle, baie profete en •regverdiges het begeer om te sien wat julle sien, en hulle het nie gesien nie, en om te hoor wat julle hoor, en hulle het nie gehoor nie.

¹⁸ “Maar wat julle betref, luister nou na die gelykenis van die saaiër.”

Verduideliking van die gelykenis van die saad

(Mark 4:14-20; Luk 8:12-15)

¹⁹ “Wanneer iemand die woord van die •koninkryk hoor en nie verstaan nie, kom die Bose en roof wat in sy hart gesaai is. Dit is die saad wat langs die pad gesaai is. ²⁰ Die saad wat op die rotsagtige plekke gesaai is, is hy wat hierdie woord hoor en dit dadelik met vreugde ontvang.

²¹ Maar omdat hy nie wortel geskiet het nie, hou hy net 'n rukkies; as verdrukking of vervolging vanweë die woord plaasvind, struikel hy dadelik. ²² En die saad wat tussen die dorings gesaai is — dit is hy wat

^c13:14-15 **Met ... genees nie:** Aanhaling deur Jesus uit Jes 6:9-10 •Septuagint as heenwysing na die ongeloofsreaksie jeens Hom; vgl Joh 12:40; Hand 28:26-27.

*13:16-17 Luk 10:23-24

hierdie woord hoor, maar die bekommernis van hierdie wêreld en die verleiding van rykdom* verstik die woord, en dit bly sonder vrug.²³ Die saad wat egter op die goeie grond gesaai is, dit is hy wat hierdie woord hoor en begryp. En hy dra vrug — die een honderd-, die ander sestig-, en die ander dertigvoudig.”

Gelykenis van die onkruid tussen die koring

²⁴ Hy het 'n verdere gelykenis aan hulle voorgehou: “Die •koninkryk van die hemele is soos 'n man wat goeie saad op sy saailand gesaai het;
²⁵ maar terwyl die mense slaap, het sy vyand gekom, onkruid tussen die koring gesaai en weggegaan. ²⁶ Toe die spruitjies opskiet en in die aar kom, het die onkruid ook begin wys. ²⁷ Die eienaar se slawe het vir hom kom sê, ‘Meneer, het u dan nie goeie saad op u saailand gesaai nie? Waar kom die onkruid vandaan?’ ²⁸ Hy het hulle geantwoord, ‘n Vyand het dit gedoen.’ Die slawe sê toe vir hom, ‘Wil u dat ons dit bymekaar gaan maak?’ ²⁹ Maar hy sê, ‘Nee, anders kan julle dalk, terwyl julle die onkruid bymekaarmaak, die koring saam uittrek. ³⁰ Laat albei saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir dié wat oes, sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar maak die koring in my skuur bymekaar.’ ”*

Gelykenisse van die mosterdsaadjie en die suurdeeg

(Mark 4:30-32; Luk 13:18-21)

³¹ Hy het nog 'n gelykenis aan hulle voorgehou: “Die •koninkryk van die hemele is soos 'n mosterdsaadjie* wat iemand geneem en in sy tuin geplant het. ³² Dit is die kleinste van al die soorte saad, maar wanneer dit gegroei het, is dit die grootste van al die tuinplante en word dit 'n boom,

*13:22 *verleiding van rykdom*: Luk 12:16-21; 1 Tim 6:9-10,17

*13:30 *maar maak ... bymekaar*: Matt 3:12

*13:31 *mosterdsaadjie*: Matt 17:20; Luk 17:6

sodat die voëls van die hemel in sy takke kom nesmaak.*”

³³ *Hy het nog 'n gelykenis vir hulle vertel: “Die koninkryk van die hemele is soos suurdeeg wat 'n vrou geneem en in drie *saton*^d koringmeel ingewerk het, totdat dit heeltemal deursuur is.*”

Gebruik van gelykenisse

(Mark 4:33-34)

³⁴ Dit alles het Jesus deur gelykenisse aan die skare vertel, en sonder gelykenisse het Hy hulle niks vertel nie, ³⁵ sodat vervul sou word wat deur die profeet gesê is:

“Ek sal deur gelykenisse spreek;
Ek sal uitbasuin wat van die grondlegging
van die wêreld af verborge was.”^e

Verduideliking van die gelykenis van die onkruid

³⁶ Toe het Jesus die skare weggestuur en die huis binnegegaan. Sy dissipels het na Hom gekom en gesê: “Verklaar vir ons die gelykenis* van die onkruid in die saailand.” ³⁷ Hy het geantwoord: “Die een wat die goeie saad saai, is die •Seun van die Mens; ³⁸ die saailand is die wêreld; die goeie saad is die kinders^f van die •koninkryk; die onkruid is die

* **13:32** *voëls ... nesmaak*: Ps 104:12; 103:12 •Septuagint; Eseg 17:23; 31:6; Dan 4:12,21

* **13:33** Luk 13:20-21

^d**13:33** *saton*: 'n Inhoudsmaat vir droë materiaal; 3 *saton* was ongeveer 40 ℓ; •Inhoudsmate.

* **13:33** *suurdeeg ... deursuur is*: 1 Kor 5:6; Gal 5:9

^e**13:35** *Ek sal deur ... was*: Aanhaling uit Ps 78:2 as 'n uitspraak wat in Jesus Christus vervul is.

* **13:36** *Verklaar ... gelykenis*: Matt 15:15; Mark 4:10; 7:17; Luk 8:9

^f**13:38** *kinders*: Letterlik ‘seuns’.

kinders van die Bose;* ³⁹ die vyand wat dit gesaai het, is die Duiwel; die oes is die voleinding van die wêreld; en dié wat oes, is engele. ⁴⁰ Net soos die onkruid dan bymekaargemaak en in die vuur verbrand word,* so sal dit wees by die voleinding van die wêreld. ⁴¹ *Die Seun van die Mens sal sy engele stuur, en hulle sal uit sy koninkryk al die struikelblokke en dié wat wetteloosheid bedryf, bymekaarmaak ⁴² en hulle in die vuuroond gooi.* Daar sal 'n geween en 'n gekners van tande wees.* ⁴³ Dan sal die •regverdiges skyn soos die son* in die koninkryk van hulle Vader. Laat dié wat ore het, luister!*”

Nog drie gelykenisse

⁴⁴ “Die •koninkryk van die hemele is soos 'n skat wat in die veld begrawe lê.* 'n Man het dit ontdek en weer toegegooi. Uit blydschap gaan verkoop hy alles wat hy het en koop daardie grond.

⁴⁵ “Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n handelaar op soek na goeie pêrels. ⁴⁶ Toe hy een baie kosbare pêrel vind, het hy gegaan en alles wat hy gehad het, verkoop en dit gekoop.

⁴⁷ “Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n treknet wat in die see uitgewerp is en van elke soort vis gevang het. ⁴⁸ Toe dit vol was, het hulle dit op die strand getrek. Hulle het toe gaan sit en die goeies in houers bymekaargemaak, maar die slegtes uitgegooi. ⁴⁹ So sal dit wees by die voleinding van die wêreld: Die engele sal uitgaan, en hulle sal die bese

* **13:38** *kinders van die Bose:* Joh 8:44; 1 Joh 3:10

* **13:40** *bymekaargemaak ... word:* Matt 3:10; 7:19; Joh 15:6

* **13:41** Matt 24:31; Mark 13:27; Sef 1:3

* **13:42** *hulle ... gooi:* Dan 3:6; Matt 13:50

* **13:42** *Daar ... wees:* Matt 8:12; 13:50; 22:13; 24:51; 25:30; Luk 13:28

* **13:43** *sal die regverdiges ... son:* Dan 12:3

* **13:43** *Laat ... luister:* Matt 11:15; 13:9; Mark 4:23; Luk 14:35; Op 2:7; 13:9

* **13:44** *skat ... lê:* Spr 2:4

mense tussen die •regverdiges uithaal ⁵⁰ en hulle in die vuuroond gooi.*
Daar sal 'n geweene en 'n gekners van tande wees.*”

Nuwe en ou skatte

⁵¹ “Verstaan julle al hierdie dinge?” “Ja,” het hulle geantwoord. ⁵² En Hy het vir hulle gesê: “Daarom is elke skrifkenner wat 'n leerling in die •koninkryk van die hemele geword het, soos 'n huiseienaar wat nuwe en ou dinge uit sy skatkamer haal.”

⁵³ Toe Jesus hierdie gelykenisse voltooi het,⁸ het Hy daarvandaan weggegaan.

Jesus se verwerping in Nasaret

(Mark 6:1-6; Luk 4:16-24)

⁵⁴ Toe Jesus in sy tuisdorp aankom, het Hy hulle in hulle •sinagoge geleer, sodat hulle verstom was en gesê het: “Waar kom hy aan hierdie wysheid* en kragtige dade? ⁵⁵ Is hy nie die seun van die skrynwerker nie?* Staan sy moeder nie bekend as Maria en sy broers as Jakobus, Josef, Simon en Judas nie?* ⁵⁶ En woon sy susters dan nie almal hier onder ons nie? Waar kom hy dan aan al hierdie dinge?” ⁵⁷ En hulle het aan Hom aanstoot geneem.* Jesus het egter vir hulle gesê: “'n Profeet is nie sonder eer nie, behalwe in sy tuisdorp* en in sy huis.” ⁵⁸ Vanweë hulle ongeloof het Hy nie baie kragtige dade daar gedoen nie.

*13:50 hulle ... gooi: Dan 3:6; Matt 13:42

*13:50 Daar ... wees: Matt 8:12; 13:50; 22:13; 24:51; 25:30; Luk 13:28

⁸13:53 Toe ... voltooi het: Al vyf Jesus se redevoerings in Matteus word met dieselfde formule in Grieks afgesluit; vgl Matt 7:28; 11:1; 19:1; 26:1; Luk 7:1.

*13:54 sodat ... wysheid: Joh 7:15

*13:55 Is hy ... skrynwerker nie: Luk 3:23; Joh 6:42

*13:55 Staand ... Judas nie: Matt 12:46

*13:57 En hulle ... geneem: Matt 11:6; 26:31

*13:57 'n Profeet ... tuisdorp: Joh 4:44

Dood van Johannes die Doper

(Mark 6:14-29; Luk 9:7-9; 3:19-20)

¹ In daardie tyd het Herodes,^h die tetrarg,ⁱ die berigte omtrent Jesus gehoor. ² Hy het vir sy dienaars gesê: “Hierdie man is Johannes die Doper; hy is opgewek uit die dood, en daarom werk hierdie kragte in hom.” ³ *Herodes het Johannes immers gevange laat neem, hom laat boei en in die tronk laat sit,* en dit vanweë Herodias, die vrou van sy broer Filippus. ⁴ Want Johannes het herhaaldelik vir Herodes gesê: “U mag haar nie as vrou hê nie.”* ⁵ Hoewel Herodes hom wou doodmaak, was hy vir die skare bang, omdat hulle Johannes as 'n profeet beskou het.*

⁶ Tydens Herodes se verjaardagviering het die dogter van Herodias voor almal gedans, en sy het Herodes bekoor. ⁷ Daarom het hy met 'n eed beloof om wat sy ook al vra, aan haar te gee. ⁸ Aangehits deur haar moeder, het sy gesê: “Bring vir my hier, op 'n skinkbord, die kop van Johannes die Doper.” ⁹ En hoewel die koning hieroor ontsteld was, het hy, vanweë sy eed en hulle wat aangeleun het vir ete,^j beveel dat dit vir haar gebring moes word. ¹⁰ Hy het toe iemand gestuur en Johannes in die

^h**14:1 Herodes:** Herodes Antipas, een van •Herodes die Grote se seuns. Hy het oor Galilea en Perea regeer van 4 vC tot 39 nC.

ⁱ**14:1 tetrarg:** Die ampstitel van iemand wat oor ¼ van 'n voorheen groter gebied regeer het. In 'n later stadium kon dit egter bloot dui op 'n heerser oor 'n relatief klein gebied; •Romeinse ampsdraers.

***14:3** Luk 3:19-20

***14:3 Herodes ... gesit:** Matt 11:2; Joh 3:24

***14:3-4 Herodias ... hê nie:** Lev 18:16; 20:21

***14:5 omdat ... beskou het:** Matt 11:9; 21:26; Luk 1:76; 7:26

^j**14:9 aangeleun ... ete:** Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun het om te eet.

tronk laat onthoof. ¹¹ Sy kop is in 'n skottel gebring en vir die meisie gegee, en sy het dit na haar ma geneem. ¹² Sy dissipels het gekom, die liggaam geneem en hom begrawe; daarna het hulle dit vir Jesus gaan vertel.

Eerste vermeerdering van brood

(Mark 6:30-44; Luk 9:10-17; Joh 6:1-14)

¹³ Toe Jesus dit hoor, het Hy daarvandaan in 'n boot vertrek na 'n verlate plek om op sy eie te wees. Maar die skare het dit te hore gekom en Hom te voet uit die dorpe^k gevolg. ¹⁴ Toe Hy uitklim, het Hy die groot skare gesien, hulle innig jammer gekry* en hulle siekes gesond gemaak. ¹⁵ Toe dit laat begin word, kom die dissipels na Hom en sê: “Die plek is verlate, en dit is reeds laat. Stuur die skare weg na die dorpies om vir hulleself kos te gaan koop.*” ¹⁶ Maar Jesus het hulle geantwoord: “Hulle hoef nie weg te gaan nie; gee julle vir hulle iets te ete.” ¹⁷ *Hulle sê toe vir Hom: “Ons het hier net vyf brode en twee visse.” ¹⁸ Hy sê egter: “Bring dit hier vir My.” ¹⁹ *Nadat Hy die skare aangesê het om op die gras te gaan sit,¹ het Hy die vyf brode en twee visse geneem, na die hemel opgekyk en die seëngebed uitgespreek. Hy het dit toe gebreek, vir die dissipels gegee, en die dissipels weer vir die skare. ²⁰ *Almal het geëet en het versadig geword. Hulle het van die stukke wat oorgebly het, twaalf mandjies vol opgetel. ²¹ Afgesien van die vroue en kindertjies, was daar

^k**14:13 dorpe:** Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

***14:14** *het Hy ... gekry:* Matt 9:36; 15:32

***14:15** *Stuur ... koop:* Matt 15:32; Mark 8:3

***14:17** Matt 15:34; Mark 8:5

***14:19-22** Matt 15:35-39; Mark 8:6-10

¹**14:19** *te ... sit:* Letterlik ‘vir ete aanleun’; vgl Matt 8:11.

***14:20** 2 Kon 4:43-44

ongeveer vyfduisend mans wat geëet het.

Jesus loop op die water

(Mark 6:45-52; Joh 6:16-21)

²² En onmiddellik het Jesus sy dissipels verplig om in die boot te klim en solank voor Hom uit na die oorkant te vaar, terwyl Hy die skare wegstuur. ²³ Nadat Hy die skare weggestuur het, het Hy teen die berg opgegaan om in afsondering te bid.* Toe dit aand geword het, was Hy daar alleen. ²⁴ Die boot was reeds 'n hele aantal *stadion*^m weg van die land af, en is deur die golwe heen en weer geslinger, want die wind was teen hulle. ²⁵ In die vierde nagwaakⁿ het Hy na hulle toe aangeloop gekom op die see.^o ²⁶ Toe die dissipels Hom op die see sien loop, het hulle vreesbevange geraak en gesê, “Dit is 'n spook!”,* en van angs begin skreeu. ²⁷ Maar Jesus het dadelik vir hulle gesê: “Hou moed, dit is Ek; moenie langer bang wees nie.” ²⁸ •Petrus het Hom geantwoord: “Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom.” ²⁹ Hy het gesê: “Kom!” Petrus het van die boot afgeklim* en op die water geloop, en na Jesus begin gaan. ³⁰ Maar toe hy sien hoe sterk die wind was, het hy bang geword. Toe hy begin sink, skreeu hy: “Here, red my!” ³¹ Dadelik het Jesus sy hand uitgesteek, hom gegryp en vir hom gesê: “Kleingelowige,

***14:23** *het Hy ... te bid:* Luk 6:12; 9:28

^m**14:24** *stadion:* 'n Lengtemaat van ongeveer 185 m; •Lengtemate.

ⁿ**14:25** *vierde nagwaak:* Dit verwys na die vierde wagbeurt waarin die nag volgens die Romeinse tydsindeling verdeel is; volgens Westerse tydsbepaling dus tussen 03:00 en 06:00; •Tydsindeling.

^o**14:25** *see:* 'n Binnelandse meer, ook bekend as die •Meer van Gennesaret of •See van Tiberias.

***14:26** *het hulle ... spook:* Luk 24:37

***14:29** *Petrus ... afgeklim:* Joh 21:7

waarom het jy begin twyfel?”* ³² Toe hulle in die boot klim, het die wind gaan lê.* ³³ Dié in die boot het voor Hom neergeval en gesê: “Waarlik, U is die •Seun van God!”*

Genesing van mense in Gennesaret

(Mark 6:53-56; Joh 6:22-25)

³⁴ Nadat hulle na die oorkant gevaar het, het hulle aan wal gegaan by Gennesaret. ³⁵ Toe die manne van daardie plek Hom herken, het hulle daardie hele omgewing laat weet, en hulle het almal wat siek was, na Hom gebring ³⁶ en Hom gesmeek dat die siekes selfs net die soom van sy bokleed kon aanraak.* En almal wat dit aangeraak het, is genees.

15

Menslike tradisie

(Mark 7:1-23)

¹ Toe kom daar •Fariseërs en skrifkenners uit Jerusalem by Jesus aan en sê: ² “Hoekom oortree u dissipels die tradisie van die voorgeslagte? Want hulle was nie hulle hande wanneer hulle gaan eet nie.*” ³ Hy het hulle egter geantwoord: “Hoekom oortree ook julle die gebod van God met julle tradisie? ⁴ God het tog gesê, ‘Eer jou vader en moeder,’* en ‘Wie sy vader of moeder beledig, moet doodgemaak word.’* ⁵ Maar julle sê, ‘Wie

*14:31 Kleingelowige ... twyfel: Matt 8:26

*14:32 het ... lê: Mark 4:39

*14:33 Waarlik ... God: Matt 16:16; 26:63; 27:54; Mark 14:61; 15:39; Luk 22:70; Joh 1:49

*14:36 dat ... aanraak: Matt 9:20-21; Mark 5:27-28; Luk 8:44

*15:2 Want ... eet nie: Luk 11:38

*15:4 Eer ... moeder: Eks 20:12; Deut 5:16; Matt 19:19; Mark 10:19; Luk 18:20; Ef 6:2

*15:4 Wie ... word: Eks 21:17; Lev 20:9

vir sy vader of moeder sê, Watter voordeel u ook al van my sou kon ontvang, is 'n offergawe, ⁶ hoef sy vader hoegenaamd nie te eer nie.' So het julle deur julle tradisie die woord van God kragteloos gemaak.

⁷ Skynheiliges, Jesaja het tereg oor julle geprofeteer,

⁸ * “Hierdie volk eer My met die lippe,

maar hulle harte is ver van My af;

⁹ tevergeefs vereer hulle My,

want hulle onderrig as leerstellings

die voorskrifte van mense.’ ”

¹⁰ Jesus het die skare nader geroep en vir hulle gesê: “Luister en verstaan dan: ¹¹ Dit is nie wat by die mond ingaan wat 'n mens onrein maak nie; maar wat by die mond uitgaan, dit maak 'n mens onrein.*”

¹² Toe die dissipels nader kom, sê hulle vir Hom: “Weet U dat die Fariseërs aanstoot geneem het toe hulle dié uitspraak hoor?” ¹³ Hy het egter geantwoord: “Elke plant wat my hemelse Vader nie geplant het nie, sal met wortel en al uitgetrek word.* ¹⁴ Los hulle, hulle is blinde leiers van blindes;* en as 'n blinde 'n blinde lei, sal albei in die sloot val.*”

¹⁵ • Petrus het Hom gevra: “Verduidelik hierdie gelykenis vir ons.”* ¹⁶ Hy het gesê: “Is ook julle nog steeds sonder begrip? ¹⁷ Verstaan julle nie dat alles wat by die mond ingaan, in die maag beland en in die privaat^p

* **15:8-9** Jes 29:13 •Septuagint

* **15:11** *maar wat ... onrein:* Matt 12:34

* **15:13** *Elke ... word:* Joh 15:2

* **15:14** *hulle is ... blindes:* Matt 23:16,24; Luk 6:39; Rom 2:19

* **15:14** *en as ... val:* Luk 6:39

* **15:15** *Verduidelik ... ons:* Matt 13:36; Mark 4:10; 7:17; Luk 8:9

^p**15:17** *privaat:* Dit verwys na 'n soort toilet wat in die Bybelse tyd gebruik is.

uitgewerp word nie? ¹⁸ Maar wat by die mond uitgaan, kom uit die hart,* en daardie dinge maak die mens onrein. ¹⁹ *Uit die hart kom daar immers bose gedagtes, moord, owerspel, seksuele losbandigheid, diefstal, valse getuienis en lastering. ²⁰ Dit is die dinge wat 'n mens onrein maak; maar om met ongewaste hande te eet, maak die mens nie onrein nie.”

Geloof van die Kanaänitiese vrou

(Mark 7:24-30)

²¹ Jesus het daarvandaan vertrek en na die streke van Tirus en Sidon gegaan. ²² En skielik het 'n Kanaänitiese vrou uit daardie omgewing vorentoe gekom en hard uitgeroep: “Ontferm U oor my, Here, •Seun van Dawid!* My dogter word geweldig geteister deur 'n demoon.” ²³ Hy het haar egter glad nie geantwoord nie. Sy dissipels het nader gekom en Hom versoek: “Stuur haar weg, want sy hou aan skreeu agter ons aan.” ²⁴ Hy het geantwoord: “Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel.*” ²⁵ Sy het egter nader gekom, voor Hom neergeval en gesê: “Here, help my!” ²⁶ Hy het geantwoord: “Dit is nie mooi om die kinders se brood te neem en vir die hondjies te gooi nie.” ²⁷ Maar sy het gesê: “Ja, Here, en tog eet die hondjies van die krummels wat van hulle eenaars se tafel val.*” ²⁸ Toe het Jesus haar geantwoord: “Vrou, groot is jou geloof!* Laat dit vir jou wees soos jy wil hê.*” En haar dogter was van daardie oomblik af genees.

*15:18 *Maar ... hart:* Matt 12:34; Jak 3:6

*15:19 Rom 1:29-31; 1 Kor 5:10-11; 6:9-10; Gal 5:19-21; Ef 5:3-5; Kol 3:5,8; 1 Tim 1:9-10; 2 Tim 3:2-4; 1 Pet 4:3; Op 21:8; 22:15

*15:22 *Ontferm ... Dawid:* Matt 9:27; 20:30-31; Mark 10:47-48; Luk 18:38-39

*15:24 *net ... Israel:* Matt 10:6

*15:27 *eet ... val:* Luk 16:21

*15:28 *groot ... geloof:* Matt 8:10

*15:28 *Laat ... hê:* Matt 8:13; 9:29

Genesing van baie siekes

(Mark 7:31-37)

²⁹ Jesus het daarvandaan vertrek en al langs die See van Galilea^q geloop.* Daarna het Hy teen die berg opgegaan en daar gaan sit.* ³⁰ 'n Groot skare het na Hom gekom met verlamdes, blindes, kreupeles, doofstommes en baie ander saam met hulle. Hulle het dié mense by sy voete neergelê, en Hy het hulle gesond gemaak, ³¹ sodat die skare vol verwondering was toe hulle sien dat doofstommes praat, kreupeles gesond word, verlamdes loop en blindes sien.* En hulle het die God van Israel verheerlik.

Tweede vermeerdering van brood

(Mark 8:1-10)

³² Daarop het Jesus sy dissipels nader geroep en gesê: “Ek voel innig jammer vir die skare,* want hulle is reeds drie dae by My en het niks om te eet nie. Ek wil hulle nie honger wegstuur nie, anders kan hulle onderweg beswyk.” ³³ *Maar die dissipels sê vir Hom: “Waar kry ons in hierdie verlate plek genoeg brood om so 'n groot skare te voed?*” ³⁴ *Jesus sê vir hulle: “Hoeveel brode het julle?” Hulle antwoord: “Sewe, en 'n paar vissies.”

³⁵ En nadat Hy die skare beveel het om op die grond te gaan sit, ³⁶ het Hy die sewe brode en die visse geneem, gedank, dit gebreek en vir die

^q**15:29 See van Galilea:** 'n Binnelandse meer, ook bekend as die •Meer van Gennesaret of •See van Tiberias.

* **15:29** *Jesus ... geloop:* Mark 7:31

* **15:29** *Daarna ... sit:* Matt 5:1

* **15:31** *sodat ... blindes sien:* Mark 7:37

* **15:32** *Ek ... skare:* Matt 9:36; 14:14; Mark 6:34

* **15:33** Mark 6:37; Joh 6:5

* **15:32-33** *Ek wil ... voed:* Matt 14:15; Mark 6:36; Luk 9:12

* **15:34-37** Matt 14:17,19-20; Mark 6:38-43; Luk 9:13-17; Joh 6:9-13

dissipels gegee, en die dissipels weer vir die skare. ³⁷ Hulle het almal geëet en versadig geword. Hulle het van die stukke wat oorgebly het, sewe mandjies vol opgetel. ³⁸ *Afgesien van die vroue en kindertjies, was daar vierduisend mans wat geëet het. ³⁹ Nadat Hy die skare weggestuur het, het Hy in die boot geklim en na die gebied van Magadan^r gegaan.

16

Vraag vir 'n teken

(*Mark 8:11-13; Luk 12:54-56*)

¹ Die •Fariseërs en •Sadduseërs het toe nader gekom om Hom te toets,* en Hom gevra om vir hulle 'n teken uit die hemel te wys.* ² Daarop het Hy hulle geantwoord: “In die laat namiddag sê julle, ‘Dit sal mooi weer wees, want die hemel is rooi.’ ³ En vroegoggend, ‘Vandag is dit stormweer, want die hemel is rooi en dit raak betrokke.’ Julle weet dus hoe om die voorkoms van die hemel te beoordeel, maar nie die tekens van die tye nie? ⁴ 'n Bose en owerspelige geslag vra 'n teken, maar geen teken sal aan hulle gegee word nie, behalwe die teken van Jona.*” En Hy het hulle agtergelaat en weggegaan.

Suurdeeg van die Fariseërs en die Sadduseërs

(*Mark 8:14-21*)

⁵ Toe die dissipels na die oorkant vaar, het hulle vergeet om brood saam te neem. ⁶ Jesus het vir hulle gesê: “Pasop, en wees op julle hoede vir die suurdeeg van die •Fariseërs* en •Sadduseërs.” ⁷ Hulle het toe onder mekaar

*15:38 Matt 14:21; Mark 6:44

^r15:39 **Magadan**: Ook bekend as Dalmanuta; vgl Mark 8:10.

*16:1 *Die Fariseërs ... toets*: Matt 19:3

*16:1 *en Hom ... wys*: Matt 12:38; Luk 11:16; Joh 6:30; 1 Kor 1:22

*16:4 *'n Bose ... Jona*: Matt 12:39; Luk 11:29

*16:6 *Pasop ... Fariseërs*: Luk 12:1

bespiegel en gesê: “Ons het nie brood saamgebring nie.”⁸ Jesus het dit agtergekom en gesê: “Kleingelowiges, waarom redekawel julle daaroor dat julle nie brood het nie?”⁹ Verstaan julle nog steeds nie? Onthou julle nie die vyf brode vir die vyfduisend en hoeveel mandjies julle bymekaargemaak het nie?^{*}¹⁰ Of die sewe brode vir die vierduisend, en hoeveel mandjies julle bymekaargemaak het nie?^{*}¹¹ Hoe kan julle dan nie begryp dat Ek nie oor brood met julle gepraat het nie? Nee, wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs.”¹² Toe het hulle ingesien dat Hy nie bedoel het hulle moet vir die suurdeeg van brood op hulle hoede wees nie, maar vir die leer van die Fariseërs en Sadduseërs.

Petrus se belydenis

(Mark 8:27-30; Luk 9:18-21)

¹³ Toe Jesus in die gebied van Caesarea-Filippi kom, het Hy sy dissipels gevra: “Wie sê die mense is die •Seun van die Mens?”¹⁴ *Hulle het geantwoord: “Sommige sê Johannes die Doper, ander Elia, en ander weer Jeremia, of een van die profete.”¹⁵ Hy sê toe vir hulle: “Maar julle, wie sê julle is Ek?”¹⁶ Simon Petrus het geantwoord: “U is die •Christus, die •Seun van die lewende God.”^{*}¹⁷ Jesus antwoord hom: “Gelukkig is jy, Simon Barjona,[§] want vlees en bloed het dit nie aan jou bekend gemaak nie, maar my Vader in die hemele.[†]¹⁸ En Ek sê vir jou, jy is •Petrus,^{*} en

* **16:9** die vyf ... het nie: Matt 14:13-21; Mark 6:34-44; Luk 9:11-17; Joh 6:1-13

* **16:10** die sewe ... het nie: Matt 15:32-38; Mark 8:1-9

* **16:14** Mark 6:14-15; Luk 9:7-8

* **16:16** U ... God: Matt 26:63; Mark 14:61

§ **16:17 Barjona:** Dit beteken ‘seun van Jona’.

† **16:17 hemele:** Volgens die destydse wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterreheem en die derde hemel waar God woon.

* **16:17** vlees ... hemele: Matt 17:5; Gal 1:15-16

* **16:18** jy is Petrus: Joh 1:42

op hierdie rots^u sal Ek my •kerk bou,* en die poorte van Hades^v sal dit nie oorweldig nie. ¹⁹ Ek sal vir jou die sleutels van die •koninkryk van die hemele gee, en wat jy ook al op aarde toesluit, sal in die hemele toegesluit wees, en wat jy ook al op aarde vrylaat, sal in die hemele vrygelaat wees.*” ²⁰ *Daarop het Hy die dissipels beveel om vir niemand te vertel dat Hy die Christus^w is nie.

Eerste lydensaankondiging

(Mark 8:31-33; Luk 9:22)

²¹ Van toe af het Jesus begin om aan sy dissipels duidelik te maak dat Hy na Jerusalem moet gaan en baie moet ly deur die familiehoofde, leierpriesters en skrifkenners, en doodgemaak en op die derde dag opgewek moet word. ²² •Petrus het Hom eenkant geneem en Hom begin tereg wys: “Mag God dit verhoed, Here, dit sal beslis nie met U gebeur nie!” ²³ Maar Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: “Gaan weg agter My, Satan!^{x*} Jy is vir My 'n struikelblok, want jy bedink nie die dinge van God nie, maar die dinge van mense.”

^u16:18 *rots*: In Grieks *petra*, 'n woordspel op die naam “Petrus”.

* 16:18 *op ... bou*: Ef 2:20

^v16:18 *Hades*: Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

* 16:19 *wat jy ook ... toesluit ... vrygelaat wees*: Matt 18:18; Joh 20:23

* 16:20 Matt 17:9; Mark 9:9

^w16:20 *Christus*: Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’, en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

^x16:23 *Satan*: Die benaming “Satan” is afgelei van 'n Hebreeuse woord wat ‘teenstander’ of ‘aanklaer’ beteken.

* 16:23 *Gaan ... Satan*: Matt 4:10

Navolging van Jesus

(Mark 8:34 — 9:1; Luk 9:23-27)

²⁴ Toe het Jesus vir sy dissipels gesê: “As iemand My wil navolg, * moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg. ²⁵ *Want wie sy lewe wil red, sal dit verloor, maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit vind. ²⁶ Wat sal dit 'n mens dan baat as hy die hele wêreld as wins bekom, * maar sy lewe verloor? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy lewe? ²⁷ Want die •Seun van die Mens gaan saam met sy engele kom, beklee met die heerlikheid van sy Vader, * en dan sal Hy elkeen vergeld volgens wat hy gedoen het. * ²⁸ •Amen, Ek sê vir julle, sommige van dié wat hier staan, sal die dood beslis nie smaak voordat hulle die Seun van die Mens in sy koningsheerskappy sien kom het nie. *”

17

Verheerliking van Jesus

(Mark 9:2-13; Luk 9:28-36)

¹ Ses dae later het Jesus vir •Petrus en Jakobus en sy broer Johannes saamgeneem en hulle teen 'n hoë berg uitgelei, waar hulle alleen was. ² *Voor hulle het Hy van gedaante verander: Sy gesig het gestraal soos die son, en sy klere het skitterend wit geword soos die lig. ³ En kyk, Moses en Elia het aan hulle verskyn en was met Hom in gesprek. ⁴ Petrus reageer toe en sê vir Jesus: “Here, dit is goed dat ons hier is. As U wil, laat my toe

*16:24 As ... navolg: Matt 10:38; Luk 14:27

*16:25 Matt 10:39; Luk 17:33; Joh 12:25

*16:26 as hy ... bekom: Matt 4:8-9

*16:27 Want ... Vader: Dan 7:14; Matt 24:30; 25:31

*16:27 sal Hy ... gedoen het: Ps 28:4; 62:13; Spr 24:12; Sir 35:19; Rom 2:6; Op 22:12

*16:28 die Seun ... het nie: Matt 10:23; 20:21

*17:2 2 Pet 1:16-18

om hier drie hutte te bou, een vir U, een vir Moses en een vir Elia.”

⁵ Terwyl hy nog praat, het 'n helder wolk skielik 'n skaduwee oor hulle gegooi, en kyk, 'n stem uit die hemel sê: “Dit is my geliefde Seun, oor wie Ek My verheug.^y Luister na Hom.”^z ⁶ Toe die dissipels dit hoor, het hulle op hulle gesigte neergeval, oorval deur vrees. ⁷ Jesus het nader gekom, en nadat Hy hulle aangeraak het, sê Hy: “Staan op en moenie langer bang wees nie.” ⁸ Toe hulle opkyk, het hulle niemand gesien nie, behalwe net Jesus self.

⁹ Terwyl hulle van die berg af kom, het Jesus hulle beveel: “Julle moet vir niemand vertel wat julle gesien het voordat die •Seun van die Mens uit die dood opgewek is nie.”^{*} ¹⁰ Die dissipels het Hom gevra: “Waarom sê die skrifkenners dan dat Elia eers moet kom?” ¹¹ Hy het geantwoord: “Elia kom inderdaad, en hy sal alles herstel.^{*} ¹² Maar Ek sê vir julle, Elia het reeds gekom,^{*} en hulle het hom nie herken nie, maar met hom gemaak soos hulle wou. So moet ook die Seun van die Mens deur hulle toedoen ly.” ¹³ Toe het die dissipels begryp dat Hy met hulle oor Johannes die Doper gepraat het.^{*}

Genesing van 'n seun

(Mark 9:14-29; Luk 9:37-43a)

¹⁴ Toe hulle by die skare kom, het 'n man na Hom gekom, voor Hom

^y17:5 *Dit ... verheug*: Verwys na Ps 2:7 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 3:17; 12:18; Mark 1:11; Luk 3:22; 2 Pet 1:17.

^z17:5 *Luister na Hom*: Verwys na Deut 18:15 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Hand 3:22.

^{*}17:9 *Julle ... is nie*: Matt 16:20

^{*}17:10-11 *Elia eers ... herstel*: Mal 4:5-6

^{*}17:12 *Elia ... gekom*: Matt 11:14

^{*}17:13 *Hy ... gepraat het*: Luk 1:17

gekniel ¹⁵ en gesê: “Here, ontferm U oor my seun, want hy is maansiek^a en ly erg. Dikwels val hy in die vuur en dikwels in die water. ¹⁶ Ek het hom na u dissipels gebring, maar hulle kon hom nie gesond maak nie.” ¹⁷ Toe antwoord Jesus: “O ongelowige en ontaarde geslag,^{*} hoe lank moet Ek nog by julle bly? Hoe lank moet Ek julle nog verdra? Bring hom na My toe.” ¹⁸ Daarop het Jesus die demoon bestraf, en hy het uit hom uitgegaan. Van daardie oomblik af was die seun gesond.^{*} ¹⁹ Jesus se dissipels het toe eenkant na Hom gekom en gevra: “Waarom kon ons dan die demoon nie uitdryf nie?” ²⁰ Hy het hulle geantwoord: “Vanweë julle kleingeloof. •Amen, Ek sê vir julle: As julle geloof het soos 'n mosterdsaadjie, sal julle vir hierdie berg sê, ‘Verplaas jou hiervandaan daarheen,’ en hy sal soontoe verskuif.^{*} Ja, niks sal vir julle onmoontlik wees nie.”^b

Tweede lydensaankondiging

(Mark 9:30-32; Luk 9:43b-45)

²² Toe hulle in Galilea bymekaarkom, het Jesus vir hulle gesê: “Die •Seun van die Mens gaan oorgelewer word in die hande van mense. ²³ Hulle sal Hom doodmaak, maar op die derde dag sal Hy opgewek word.” En hulle het baie bedroef geword.

^a**17:15 maansiek:** Dit kan na 'n geestesiekte verwys wat met epileptiese aanvalle gepaardgaan.

^{*}**17:17 ongelowige ... geslag:** Deut 32:5,20

^{*}**17:18 Van ... gesond:** Matt 8:13; 9:22; 15:28; Joh 4:52-53

^{*}**17:20 As julle ... verskuif:** Matt 21:21; Mark 11:23; Luk 17:6; 1 Kor 13:2

^b**17:20 wees nie:** Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna ²¹ “Maar hierdie geslag gaan nie uit, behalwe deur gebed en vas nie.” Dit ontbreek egter in die •bronteks.

^{*}**17:23 Hulle ... opgewek word:** Matt 16:21

Vraag oor tempelbelasting

²⁴ Toe hulle in Kapernaum aankom, het diegene wat die dubbeldragme^c invorder, na •Petrus gekom en gevra: “Betaal julle leermeester nie die dubbeldragme nie?” ²⁵ Hy antwoord: “Ja, wel.” Toe hy in die huis kom, het Jesus eerste gepraat: “Wat dink jy, Simon? Van wie vorder die aardse konings hulle tolgeld of belasting in? Van hulle seuns^d of van vreemdelinge?”^e ²⁶ Toe hy antwoord, “van vreemdelinge”, het Jesus vir hom gesê: “Dan is die seuns mos vrygestel. ²⁷ Maar sodat ons hulle nie aanstoot gee nie, gaan see^f toe en gooi die hoek in. Vat die eerste vis wat jy uittrek, en as jy sy bek oopmaak, sal jy 'n stater^g vind. Neem dit en betaal dit aan hulle namens My en jou.”

18

Belangrikste in die koninkryk

(Mark 9:33-37; Luk 9:46-48)

¹ *In daardie tyd het die dissipels na Jesus gekom en gesê: “Wie is nou eintlik die belangrikste in die •koninkryk van die hemele?” ² *Hy het toe

^c**17:24 dubbeldragme:** Die tempelbelasting van 'n dubbeldragme was 2 dragme werd en was ongeveer gelyk aan 'n arbeider se loon vir 2 dae; vgl Eks 30:13; 38:26; •Geldeenhede.

^d**17:25 seuns:** Beteken hier ‘eie burgers’.

^e**17:25 vreemdelinge:** Dit is 'n persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. •Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

^f**17:27 see:** 'n Binnelandse meer, ook bekend as die •Meer van Gennesaret of •See van Tiberias.

^g**17:27 stater:** 'n Silwermuntstuk wat 4 dragma werd was; •Geldeenhede.

* **18:1** Luk 22:24

* **18:2-3** Matt 19:14; Mark 10:15; Luk 18:17

'n kindjie nader geroep, hom tussen hulle laat staan ³ en gesê: “•Amen, Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemele ingaan nie. ⁴ *Wie homself dus gering ag soos hierdie kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemele. ⁵ *En wie een so 'n kindjie in my Naam ontvang, ontvang My.”

Waarskuwing teen struikelblokke

(Mark 9:42-47; Luk 17:1-2)

⁶ “Wie een van hierdie kleintjies^h wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n maalklip van 'n donkieⁱ om sy nek gehang word en hy wegsink in die dieptes van die see. ⁷ Ellende wag op die wêreld as gevolg van die struikelblokke. Struikelblokke sal onvermydelik kom; nogtans wag ellende op die mens deur wie die struikelblok kom. ⁸ *As jou hand of jou voet jou laat struikel, kap dit af en gooi dit van jou weg! Dit is vir jou beter om vermink of kreupel die lewe in te gaan as om twee hande of voete te hê en in die ewige vuur gegooi te word. ⁹ En as jou oog jou laat struikel, ruk dit uit en gooi dit van jou weg; dit is vir jou beter om met een oog die lewe in te gaan as om twee oë te hê en in Gehenna^j met sy vuur gegooi te word.”

*18:4 Matt 20:26-27; Mark 10:43-44; Luk 22:26

*18:5 Matt 10:40; Luk 10:16; Joh 13:20

^h18:6 *kleintjies*: Kan ook vertaal word “geringes”, 'n benaming wat in Matteus vir dissipels van Jesus gebruik word; vgl Matt 10:42.

ⁱ18:6 *maalklip ... donkie*: Die boonste van twee •maalklippe, met 'n gat in die middel, wat deur 'n donkie in die rondte gedraai is.

*18:8-9 Matt 5:29-30

^j18:9 *Gehenna*: 'n Vergriekste vorm van die Hebreeuse uitdrukking *ge hinnom*, wat verwys na die Hinnomdal, wat volgens Jer 7:31-32; 19:6-7 'n plek van straf sou word. Word ook as "hel" vertaal.

Gelykenis van die verlore skaap

(Luk 15:3-7)

¹⁰ “Pasop dat julle nie neersien op een van hierdie kleintjies^k nie; want Ek sê vir julle dat hulle engele^{*} in die hemele^l voortdurend die aangesig van my Vader in die hemele aanskou.^m ¹² Wat dink julle? As iemand honderd skape het en een van hulle raak weg, sal hy nie die nege-en-negentig in die berge los, en die een wat weggeraak het, gaan soek nie? ¹³ En as dit hom geluk om hom te kry, •amen, Ek sê vir julle, dan is hy baie blyer oor hom as oor die nege-en-negentig wat nie weggeraak het nie. ¹⁴ So is dit nie die wil van julle Vader in die hemele dat een van hierdie geringes verlore raak nie.”

Liefdevolle uitreik na 'n sondaar

(Luk 17:3)

¹⁵ “* As jou broer teen jou sondig, moet jy hom tereg wys waar julle twee alleen is. As hy na jou luister, het jy jou broer teruggewen. ¹⁶ As hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke saak bevestig mag word.* ¹⁷ As hy weier om na hulle te luister, sê dit vir die •gemeente. En as hy ook weier om na die gemeente te luister, laat hy vir jou wees soos die heiden en die •tollenaar.

^k**18:10 kleintjies:** Kan ook vertaal word “geringes”, 'n benaming wat in Matteus vir dissipels van Jesus gebruik word; vgl Matt 10:42.

***18:10 hulle engele:** Hand 12:15; Heb 1:14

^l**18:10 hemele:** Volgens die destydse wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterreheemle en die derde hemel waar God woon.

^m**18:10 aanskou:** Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna ¹¹ “Die Seun van die Mens het gekom om te red wat verlore is.” Dit word aanvaar dat dit in Matteus nie deel van die •bronteks is nie, maar wel in die ooreenstemmende teks Luk 19:10.

***18:15** Lev 19:17; Luk 17:3

***18:16 in die ... word:** Deut 19:15; Joh 8:17; 2 Kor 13:1; 1 Tim 5:19

¹⁸ **“Amen, Ek sê vir julle: Wat julle ook al op aarde bind, sal in die hemel gebind wees, en wat julle ook al op aarde ontbind, sal in die hemel ontbind wees. ¹⁹ Verder, amen, — Ek sê vir julle: As twee van julle op aarde saamstem oor enigiets wat julle vra, sal my Vader in die hemeleⁿ dit aan julle toestaan. * ²⁰ Want waar twee of drie in my Naam byeen is, daar is Ek in hulle midde.*”*

Herhaaldelike vergifnis

²¹ Toe het •Petrus nader gekom en Hom gevra: “Here, hoeveel keer sal my broer teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe keer toe?”

²² Jesus antwoord hom: “Ek sê vir jou, nie tot sewe keer nie, maar tot sewentig maal sewe^o keer.*

²³ “Daarom is die •koninkryk van die hemele soos 'n koning wat rekenskap van sy slawe wou eis. ²⁴ Toe hy hulle skuld begin nagaan, is een wat tienduisend talent^p verskuldig was, na hom gebring. ²⁵ Omdat hy nie kon terugbetaal nie, het die heer beveel dat hy, asook sy vrou en kinders en alles wat hy besit, verkoop word en dat die skuld so terugbetaal moes word. ²⁶ Die slaaf het toe voor hom op die grond neergeval, laag voor hom gebuig en gesê, ‘Wees geduldig met my, en ek

***18:18** Matt 16:9; Joh 20:23

ⁿ**18:19 hemele:** Vgl die voetnoot in 18:10.

***18:19** As ... *toestaan:* Matt 7:7; 21:22; Mark 11:24; Joh 15:7; 16:23; Jak 1:5; 1 Joh 3:22; 5:14-15

***18:20** daar ... *midde:* Matt 28:20; Joh 14:23

^o**18:22 sewentig maal sewe:** Kan ook vertaal word “sewe-en-sewentig”.

***18:21-22** *hoeveel ... maal sewe keer:* Luk 17:3-4

^p**18:24 talent:** Die grootste geldeenheid, gelyk aan sowat 6 000 •denarius. 10 000 talent was dus baie geld en verteenwoordig hier die grootste bedrag denkbaar; •Geldeenhede.

sal u alles terugbetaal.’²⁷ *Die heer van daardie slaaf het hom innig jammer gekry, hom vrygelaat en sy skuld vir hom kwytgeskeld.²⁸ Maar toe daardie slaaf uitgaan, het hy een van sy medeslawe gekry wat hom honderd denarius^q geskuld het. Hy het hom aan die keel gegryp, gewurg en gesê, ‘Betaal terug wat jy skuld!’²⁹ Sy medeslaaf val toe neer en smeeek hom, ‘Wees geduldig met my, en ek sal jou terugbetaal.’³⁰ Maar hy wou nie — inteendeel, hy het weggegaan en hom in die tronk laat gooi, totdat hy die verskuldigde bedrag sou terugbetaal.

³¹ “Toe sy medeslawe sien wat gebeur het, was hulle baie ontsteld en het vir hulle heer alles gaan vertel wat gebeur het.³² Daarop ontbied sy heer hom en sê vir hom, ‘Jou slegte slaaf! Al daardie skuld het ek jou kwytgeskeld omdat jy my gesmeek het.³³ Moes jy nie ook jou medeslaaf begenadig soos ek jou begenadig het nie?’³⁴ En sy heer het kwaad geword en hom aan die folteraars oorgegee totdat hy al die skuld sou terugbetaal.*³⁵ *So sal my hemelse Vader ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie.”

19

Huwelik en egskeiding

(Mark 10:1-12)

¹ Toe Jesus sy redevoering voltooi het,^r het Hy van Galilea af vertrek en na die gebied van Judea oorkant die Jordaan gegaan.² 'n Groot skare het Hom gevolg, en Hy het hulle daar gesond gemaak.³ Die •Fariseërs het na

***18:27** Luk 7:42

^q**18:28** *denarius*: 'n Romeinse muntstuk wat ongeveer die dagloon van 'n arbeider werd was; •Geldeenhede.

***18:34** *hom ... terugbetaal*: Matt 5:25-26; Luk 12:58-59

***18:35** Matt 6:15; Mark 11:25; Ef 4:32; Kol 3:13

^r**19:1** *Toe ... voltooi het*: Al vyf Jesus se redevoerings in Matteus word met dieselfde formule in Grieks afgesluit; vgl Matt 7:28; 11:1; 13:53; 26:1.

Hom gekom, en om Hom te toets,* gevra: “Is dit toelaatbaar dat 'n man om enige rede van sy vrou skei?”⁴ Hy antwoord: “Het julle nie geles dat die Skepper hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie?”

⁵ Verder sê Hy: “ ‘Daarom sal 'n man sy pa en ma verlaat en aan sy vrou verbind word, en die twee sal een liggaam wees,’^{**} ⁶ sodat hulle nie meer twee is nie, maar een liggaam. Daarom, wat God saamgevoeg het, moet 'n mens nie skei nie.”⁷ Toe vra hulle Hom: “Waarom het Moses dan bepaal dat 'n man sy vrou 'n skeibrief moet gee om sodoende van haar te skei?”^{*} ⁸ Hy antwoord hulle: “Moses het julle weens julle harde harte toegelaat om van julle vroue te skei, maar van die begin af was dit nie so nie. ⁹ Ek sê vir julle dat wie van sy vrou skei, behalwe weens owerspel, en met 'n ander trou, egbreuk pleeg.”¹⁰ Sy dissipels sê toe vir Hom: “As dit die stand van sake tussen man en vrou is, is dit beter om nie te trou nie.”^{*} ¹¹ Hy het egter vir hulle gesê: “Nie almal kan hierdie saak begryp nie — slegs hulle aan wie dit gegee is.”^{*} ¹² Daar is inderdaad •eunugs wat so gebore is, daar is eunugs wat deur mense so gemaak is, en daar is eunugs wat hulleself so gemaak het ter wille van die •koninkryk van die hemele.^s Laat enigeen wat kan, dit begryp.”

* **19:3** Die Fariseërs ... toets: Matt 16:1

* **19:4** man ... het nie: Gen 1:27; 5:2

* **19:5** Daarom ... wees: Gen 2:24; Ef 5:31

* **19:5** en die twee ... wees: 1 Kor 6:16

* **19:7** dat ... skei: Deut 24:1; Matt 5:31

* **19:9** Matt 5:32; 1 Kor 7:10-11

* **19:10** is dit ... trou nie: 1 Kor 7:1-2,7-9

* **19:11** Nie ... gegee is: 1 Kor 7:7,9,17

^s**19:12** Daar is ... hemele: Omdat die woord “eunug” drie betekenisse in Matt 19:12 het, kan dit soos volg vertaal word: “Daar is inderdaad eunugs wat impotent gebore is, daar is eunugs wat deur mense gekastreer is, en daar is eunugs wat selibaat is ter wille van die koninkryk van die hemele.”

Kindertjies geseën

(Mark 10:13-16; Luk 18:15-17)

¹³ Toe is kindertjies na Jesus gebring, sodat Hy hulle die hande kon oplê en vir hulle bid. Maar die dissipels het hulle berispe. ¹⁴ Jesus het egter gesê: “Laat die kindertjies begaan, en moet hulle nie meer verhinder om na My te kom nie, want die •koninkryk van die hemele behoort aan mense soos hulle.”* ¹⁵ Hy het hulle toe die hande opgelê en daarvandaan vertrek.

Die ryk jong man

(Mark 10:17-31; Luk 18:18-30)

¹⁶ En kyk, iemand het na Jesus gekom en gevra: “Meester,^t watter goeie ding moet ek doen sodat ek die ewige lewe kan verkry?”* ¹⁷ Hy het hom geantwoord: “Hoekom vra jy My uit oor wat goed is? Daar is net Een wat goed is. As jy die lewe wil binnegaan, moet jy die gebooie nakom.*” ¹⁸ Hy vra Hom: “Watter?” Jesus antwoord: “Jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie vals getuig nie, ¹⁹ eer jou vader en jou moeder,”* en “jy moet jou naaste liefhê soos jouself.*” ²⁰ Die jong man sê vir Hom: “Dit alles het ek nagekom; wat kom ek dan nog kort?” ²¹ Jesus het vir hom gesê: “As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou besittings en gee dit vir die armes,* en jy sal 'n skat in

*19:14 Laat ... soos hulle: Matt 18:2-3

^t19:16 **Meester:** Die Griekse woord *didaskale* verwys na die Joodse rabbi, dit is 'n leermeester. “Meester” is die aanspreekvorm vir “Leermeester” in Afrikaans.

*19:16 **Meester ... verkry:** Matt 19:29; Luk 10:25

*19:17 **moet ... nakom:** Lev 18:5; Luk 10:28

*19:18-19 **Jy mag nie moord ... moeder:** Eks 20:12-16; Deut 5:16-20; Rom 13:9

*19:19 **jy moet ... jouself:** Lev 19:18; Matt 5:43; 22:39; Luk 10:27; Rom 13:9

*19:21 **gaan ... armes:** Mark 14:5; Luk 12:33; Joh 12:5; Hand 2:45; 4:34-37

die hemele^u hê.* En jy, kom hier, volg My.”²² Toe die jong man egter hierdie antwoord hoor, het hy bedroef weggegaan, want hy het baie besittings gehad.*

²³ Jesus het toe vir sy dissipels gesê: “•Amen, Ek sê vir julle: 'n Ryke sal moeilik in die •koninkryk van die hemele ingaan. ²⁴ Ek sê weer vir julle, dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk mens om in die •koninkryk van God in te gaan.”²⁵ Toe die dissipels dit hoor, was hulle heeltemal uit die veld geslaan en het gesê: “Wie kan dan gered word?”²⁶ Maar Jesus het stip na hulle gekyk en vir hulle gesê: “By mense is dit onmoontlik, maar by God is alles moontlik.”*²⁷ Toe vra •Petrus Hom: “Kyk, ons het alles agtergelaat en U gevolg. Wat sal ons dan daarvoor kry?”²⁸ Jesus het vir hulle gesê: “•Amen, Ek sê vir julle: In die nuwe bedeling, wanneer die •Seun van die Mens op sy glansryke troon sit,* sal julle wat My gevolg het, ook op twaalf trone sit* en oor die twaalf stamme van Israel regspreek.*²⁹ En elkeen wat huise of broers of susters of pa of ma of kinders of grond agterlaat ter wille van my Naam, sal honderd maal soveel ontvang, en die ewige lewe erf.*³⁰ Maar baie wat eerste is, sal laaste wees, en wat laaste is, eerste.”

^u**19:21 hemele:** Volgens die destydse wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterreheemel en die derde hemel waar God woon.

***19:21 en jy ... hê:** Matt 6:20

***19:22 het hy ... gehad:** Ps 62:10

***19:26 maar by ... moontlik:** Gen 18:14; Job 42:2; Sag 8:6 •Septuagint

***19:28 wanneer ... troon sit:** Dan 7:9-10; Matt 25:31

***19:28 wanneer ... twaalf trone sit:** Matt 20:21; Mark 10:37; Op 3:21

***19:28 sal julle ... regspreek:** Luk 22:30

***19:29 ewige lewe erf:** Matt 19:16; Luk 10:25

***19:30** Matt 20:16; Luk 13:30

Gelykenis van arbeiders in die wingerd

¹ “Die •koninkryk van die hemele is soos 'n grondeienaar wat reeds vroegoggend uitgegaan het om arbeiders vir sy wingerd te huur.* ² Nadat hy met die arbeiders op 'n denarius^v per dag ooreengekom het,* het hy hulle na sy wingerd gestuur. ³ Teen die derde uur^w het hy uitgegaan en ander op die markplein gesien wat ledig staan, ⁴ en vir hulle gesê, ‘Gaan julle ook na die wingerd, en ek sal julle 'n billike loon betaal.’ ⁵ En hulle het gegaan. Teen die sesde en die negende uur^x het hy weer uitgegaan en dieselfde gedoen. ⁶ Teen die elfde uur^y het hy uitgegaan en ander gekry wat rondstaan, en vir hulle gesê, ‘Waarom staan julle die hele dag hier ledig rond?’ ⁷ Hulle antwoord hom, ‘Omdat niemand ons gehuur het nie.’ Hy sê toe vir hulle, ‘Gaan julle ook na die wingerd.’ ⁸ Teen die aand sê die eienaar van die wingerd vir sy voorman, ‘Roep die arbeiders en betaal hulle die loon;* begin by die laastes, tot by die eerstes.’ ⁹ Dié wat teen die elfde uur gehuur is, het gekom en elk 'n denarius gekry. ¹⁰ Toe die eerstes kom, het hulle gedink dat hulle meer sal kry, maar ook hulle het elk 'n denarius gekry. ¹¹ Hulle het dit geneem, maar by die grondeienaar gaan mor, ¹² ‘Hierdie laastes het een uur gewerk, en u het hulle dieselfde behandel as ons, ons wat die dag se werkklas en die hitte moes verduur.’

***20:1 grondeienaar ... huur:** Matt 21:28,33

^v**20:2 denarius:** 'n Romeinse muntstuk wat ongeveer die dagloon van 'n arbeider werd was; •Geldeenhede.

***20:2 Nadat ... ooreengekom het:** Tob 5:15

^w**20:3 derde uur:** Volgens Westerse tydsbepaling 09:00; •Tydsindeling.

^x**20:5 die sesde en die negende uur:** Volgens Westerse tydsbepaling 12:00 en 15:00; •Tydsindeling.

^y**20:6 elfde uur:** Volgens Westerse tydsbepaling 17:00; •Tydsindeling.

***20:8 Teen ... loon:** Lev 19:13; Deut 24:15

¹³ Maar hy het een van hulle geantwoord, ‘Vriend, ek doen jou nie 'n onreg aan nie. Het jy nie met my op 'n denarius ooreengekom nie?

¹⁴ Neem wat joune is en gaan. Ek verkies om vir hierdie laaste een dieselfde te gee as vir jou. ¹⁵ Mag ek nie met my goed maak wat ek wil nie? Of is jy afgunstig omdat ek goed is? ¹⁶ *So sal die laastes eerste wees, en die eerstes laaste.”^z

Derde lydensaankondiging

(Mark 10:32-34; Luk 18:31-34)

¹⁷ Jesus het opgegaan na Jerusalem. Onderweg het Hy die twaalf dissipels opsy geneem en vir hulle gesê: ¹⁸ **“Kyk, ons gaan op na Jerusalem, en die •Seun van die Mens sal oorgelewer word aan die leierpriesters en skrifkenners. Hulle sal Hom ter dood veroordeel, ¹⁹ en Hom aan die heidene oorlewer om Hom te bespot, te gesel en te kruisig; maar op die derde dag sal Hy opgewek word.”**

Versoek oor Jakobus en Johannes

(Mark 10:35-45; Luk 22:24-27)

²⁰ Toe het die ma van die seuns van Sebedeus met haar seuns na Hom gekom. Sy het gekniel om Hom iets te vra. ²¹ Hy het vir haar gevra: “Wat wil jy dan hê?” Sy antwoord Hom: “Beveel dat in u •koninkryk hierdie twee seuns van my, een aan u regterhand^a en een aan u linkerhand, sal

***20:15** *is jy ... goed is:* Matt 6:23; Mark 7:22

***20:16** Matt 19:30; Mark 10:31; Luk 13:30

^z**20:16** Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna “Baie is immers geroep, maar min is uitgekies.” Dit word aanvaar dat dit hier nie deel van die •bronteks is nie; vgl egter Matt 22:14 waar dit wel deel van die bronteks is.

***20:18** Matt 16:21; 17:22-23; Luk 9:22

***20:19** *maar ... word:* Matt 16:21; 17:23; Luk 9:22; 24:7,46; Hand 10:40; 1 Kor 15:4

^a**20:21** *regterhand:* 'n Posisie aan die •regterhand van 'n persoon is gesien as 'n posisie van voorrang.

sit.”* ²² Jesus het geantwoord: “Julle besef nie wat julle vra nie. Kan julle die beker drink wat Ek moet drink?*” Hulle antwoord Hom: “Ons kan.” ²³ Hy sê vir hulle: “Julle sal inderdaad my beker drink, maar om aan my regterhand en my linkerhand te sit, is nie vir My om te beskik nie. Daardie plekke behoort aan hulle vir wie my Vader dit voorberei het.” ²⁴ Toe die tien hiervan te hore kom, was hulle verontwaardig oor die twee broers. ²⁵ *Maar Jesus het hulle nader geroep en gesê: “Julle weet dat die heersers van die nasies oor hulle baasspeel, en die maghebbers oor hulle gesag uitoefen. ²⁶ *So mag dit nie by julle wees nie; maar wie belangrik onder julle wil wees, moet julle dienaar wees, ²⁷ en wie eerste onder julle wil wees, moet julle slaaf wees. ²⁸ *Net so het die •Seun van die Mens nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien* en sy lewe as losprys vir baie te gee.*”

Genesing van twee blindes

(Mark 10:46-52; Luk 18:35-43)

²⁹ *Toe hulle uit Jerigo uitgaan, het 'n groot skare Hom gevolg. ³⁰ En kyk, daar het twee blindes langs die pad gesit, en toe hulle hoor dat Jesus verbygaan, het hulle begin uitroep: “Ontferm U oor ons, Here, •Seun van Dawid!”* ³¹ Die skare het hulle berispe om stil te bly, maar hulle het nog harder uitgeroep: “Ontferm U oor ons, Here, Seun van Dawid!” ³² Toe

*20:21 *in u ... sit*: Matt 19:28; Luk 22:30

*20:22 *die beker ... moet drink*: Matt 26:39; Joh 18:11

*20:25-26 Luk 22:25-26

*20:26 Matt 23:11; Mark 9:35; Luk 9:48

*20:28 Luk 22:27

*20:28 *het die ... dien*: Fil 2:7

*20:28 *sy lewe ... gee*: 1 Tim 2:6

*20:29-30 Matt 9:27

*20:30 *Ontferm ... Dawid*: Matt 15:22

gaan staan Jesus, roep hulle en vra: “Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?” ³³ Hulle antwoord Hom: “Here, dat ons oë geopen mag word.”

³⁴ Jesus het hulle innig jammer gekry en hulle oë aangeraak. En hulle kon onmiddellik sien^{b*} en het Hom gevolg.

21

Intog in Jerusalem

(*Mark 11:1-11; Luk 19:28-38; Joh 12:12-19*)

¹ Toe hulle Jerusalem nader en by Betfage teen die Olyfberg kom, stuur Jesus twee dissipels ² met die opdrag: “Gaan na die dorpie daar voor julle, en julle sal dadelik 'n vasgemaakte donkie vind met 'n vul by haar. Maak haar los en bring hulle vir My. ³ En as iemand vir julle iets sê, moet julle antwoord, ‘Die Here het hulle nodig’. Dan sal hy sal hulle dadelik laat gaan.” ⁴ Dit het gebeur, sodat vervul sou word wat deur die profeet gesê is:

⁵ “Sê vir die dogter van Sion:^c

Kyk,^d jou Koning kom na jou toe:

Hy is sagmoedig en Hy sit op 'n donkie,

en op 'n jong donkie, die vul van 'n pakkier.”^e

⁶ Die dissipels het vertrek en gemaak soos Jesus hulle beveel het. ⁷ Hulle het die donkie en die vul geneem, boklere op hulle neergesit, en Hy het daarop gaan sit. ⁸ Die groot skare het hulle boklere op die pad

^b20:34 *sien*: Die Griekse woord beteken ‘sien’ of ‘weer sien’.

^{*}20:34 *Jesus ... sien*: Matt 9:29-30

^c21:5 *dogter ... Sion*: In die enkelvoud 'n poëtiese personifikasie van Jerusalem.

^d21:5 *Sê ... Kyk*: Aanhaling uit Jes 62:11 as heenwysing na Jesus Christus.

^e21:5 *Kyk ... pakkier*: Aanhaling uit Sag 9:9 as heenwysing na Jesus Christus.

oopgesprei, en ander weer het takke van die bome afgekap en op die pad oopgesprei. ⁹ Die skare wat voor Hom uit geloop en dié wat gevolg het, het uitgeroep:

“Hosanna^f vir die •Seun van Dawid!*

Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!⁸

Hosanna in die hoogste!”

¹⁰ Toe Hy Jerusalem binnegaan, was die hele stad in rep en roer, en hulle het gevra: “Wie is hierdie man?” ¹¹ Die skare het gesê: “Dit is die profeet Jesus, die Een van Nasaret, in Galilea.”

Reiniging van die tempel terrein

(Mark 11:15-17; Luk 19:45-46; Joh 2:13-16)

¹² Jesus het die tempel terrein^h binnegegaan en almal wat op die tempel terrein aan die koop en verkoop was, uitgejaag. Hy het die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers omgegooi ¹³ en vir hulle gesê: “Daar staan geskryf, ‘My huis sal 'n huis van gebed genoem word’;* maar julle maak daarvan 'n rowerspelonk!.*”

¹⁴ Blindes en verlamdes het daar op die tempel terrein na Hom gekom, en Hy het hulle gesond gemaak. ¹⁵ Toe die leierpriesters en skrifkenners

^f**21:9 Hosanna:** Die Hebreeuse woord wat in Ps 118:25 met “verlos ons tog” vertaal is, word uitgespreek *hosji-a na*. Dit het die uitroep “•Hosanna” geword.

***21:9 Hosanna ... Dawid:** Matt 21:15

⁸**21:9 Hosanna ... Here:** Aanhaling uit Ps 118:25-26 as heenwysing na Jesus Christus; Mark 11:9; Joh 12:13.

^h**21:12 tempel terrein:** Dit verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem, met al die geboue, stoorkamers en voorhowe.

***21:13 My ... word:** Jes 56:7; 60:7

***21:13 rowerspelonk:** Jer 7:11

die wonderbaarlike dinge sien wat Hy doen, en ook die kinders wat op die tempelterrein uitroep: “Hosannaⁱ vir die •Seun van Dawid!”,^{*} was hulle verontwaardig¹⁶ en het vir Hom gesê: “Hoor jy wat sê hierdie kinders?” Maar Jesus antwoord hulle: “Ja, het julle nog nooit gelees nie, ‘Uit die mond van kleuters en suigelingte het U lof vir U laat opklink?’”^{*}
¹⁷ Hy het hulle verlaat, uit die stad uit na Betanië gegaan, en daar oornag.

Vervloeking van die vyeboom

(Mark 11:12-14,20-24)

¹⁸ Vroegoggend, op pad terug na die stad, het Hy honger geword.¹⁹ Toe Hy 'n enkele vyeboom langs die pad sien, het Hy daarheen geloop, maar niks daaraan gevind nie, net blare.^{*} Toe sê Hy vir die vyeboom: “Mag jy tot in ewigheid nooit weer vrug dra nie!” Die vyeboom het onmiddellik verdroog.²⁰ Toe die dissipels dit sien, was hulle verbaas en vra: “Hoe het die vyeboom so skielik verdroog?”²¹ ^{*} Jesus het hulle geantwoord: “•Amen, Ek sê vir julle, as julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle nie net kan doen wat met die vyeboom gebeur het nie, maar selfs as julle vir hierdie berg sê, ‘Tel jouself op en werp jou in die see!’, sal dit gebeur.
²² ^{*} Alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo.”

Vraag oor Jesus se gesag

(Mark 11:27-33; Luk 20:1-8)

²³ Hy het na die tempelterrein^j gegaan, en terwyl Hy besig was om onderrig te gee, het die leierpriesters en die familiehoofde van die volk

ⁱ21:15 *Hosanna*: Vgl die voetnoot in 21:9.

^{*}21:15 *Hosanna ... Dawid*: Matt 21:9

^{*}21:16 *Uit ... opklink*: Ps 8:3 •Septuagint

^{*}21:19 *Toe ... blare*: Luk 13:6

^{*}21:21 Matt 17:20; Luk 17:6; 1 Kor 13:2

^{*}21:22 Matt 7:7-11; 18:19; Joh 14:13-14

^j21:23 *tempelterrein*: Vgl die voetnoot in 21:12.

na Hom gekom en gevra: “Op watter gesag doen jy hierdie dinge? En wie het aan jou hierdie gesag gegee?”²⁴ Jesus het hulle geantwoord: “Ook Ek sal julle net een vraag vra, en as julle My kan antwoord, sal Ek op my beurt vir julle sê op watter gesag Ek hierdie dinge doen:²⁵ Die doop van Johannes, waar het dit vandaan gekom? Van die hemel of van mense?”* Hulle het toe onder mekaar geredeneer: “As ons sê, ‘van die hemel’, sal Hy vir ons sê, ‘Waarom het julle hom dan nie geglo nie?’*²⁶ Maar as ons sê, ‘van mense ...’ — ons is bang vir die skare, want almal beskou Johannes as 'n profeet.*”²⁷ Hulle het Jesus geantwoord: “Ons weet nie.” Toe sê Hy vir hulle: “Dan sê Ek ook nie vir julle met watter gesag Ek hierdie dinge doen nie.”

Gelykenis van twee kinders

²⁸ “Wat dink julle? 'n Man het twee kinders gehad.* Hy gaan toe na die eerste een en sê, ‘My kind, gaan werk vandag in die wingerd.’*²⁹ Maar hy antwoord, ‘Nee, ek wil nie.’ Later het hy egter spyt gekry en tog gegaan.³⁰ Die man het toe na die ander kind gegaan en dieselfde gesê. Hy het geantwoord, ‘Ek sal, heer,’ maar hy het nie gegaan nie.³¹ Wie van die twee het die wil van hulle pa gedoen?” Hulle sê: “Die eerste een.” Jesus sê vir hulle: “•Amen, Ek sê vir julle, die •tollenaars en prostitute sal voor julle in die •koninkryk van God ingaan.³² Want Johannes het na julle gekom met die pad van •geregtigheid, en julle het hom nie geglo nie,* maar die tollenaars en prostitute het hom geglo.* En hoewel julle dit

*21:25 Die doop ... mense: Joh 1:6,33

*21:25 Waarom ... geglo nie: Matt 21:32; Luk 7:30

*21:26 ons is ... profeet: Matt 14:5; 21:46

*21:28 'n Man ... gehad: Luk 15:11

*21:28 gaan werk ... wingerd: Matt 20:1

*21:32 en julle het ... geglo nie: Matt 21:25; Luk 7:30

*21:32 tollenaars ... geglo: Luk 3:12; 7:29

gesien het, het julle tog nie later berou gekry en hom geglo nie.*”

Gelykenis van die huurders

(Mark 12:1-12; Luk 20:9-19)

³³ “Luister na 'n ander gelykenis. Daar was 'n grondeienaar wat 'n wingerd aangeplant het. Hy het dit omhein, 'n parskuip daarin gegrawe en 'n wagtoring^k gebou.* Toe het hy dit aan landbouers verhuur en op reis gegaan. ³⁴ Toe die oestyd aanbreek, het hy sy slawe na die landbouers gestuur om sy opbrengs te ontvang. ³⁵ Maar die landbouers het sy slawe gegryp, een afgeransel, 'n ander een doodgemaak,* en nog een gestenig. ³⁶ Hy het weer ander slawe gestuur, nog meer as die eerstes, en hulle het dieselfde met hulle gedoen. ³⁷ Uiteindelik het hy sy seun na hulle gestuur, met die gedagte, 'Hulle sal my seun met respek behandel.' ³⁸ Maar toe die landbouers die seun sien, het hulle onder mekaar gesê, ‘Dit is die erfgenaam dié! Kom ons maak hom dood en kry sy erfdeel in die hande.’ ³⁹ *Hulle het hom toe gegryp, uit die wingerd uitgegooi en doodgemaak. ⁴⁰ Wanneer die eienaar van die wingerd kom, wat sal hy met daardie landbouers maak?” ⁴¹ Hulle sê vir Hom: “Hy sal daardie slegte mense 'n aaklige dood laat sterf, en die wingerd aan ander landbouers verhuur wat aan hom die opbrengs op die regte tyd sal lewer.” ⁴² Jesus sê vir hulle: “Het julle nog nooit in die Skrifte gelees nie:

“ ‘Die klip wat die bouers afgekeur het,

*21:32 *En hoewel ... geglo nie:* Luk 7:30

^k21:33 **wagtoring:** 'n Hoë uitkykpunt vanwaar mense kan sien of vyande of diere aankom.

*21:33 *aangeplant ... gebou:* Jes 5:1-2

*21:35 *landbouers ... doodgemaak:* Matt 22:6

*21:39 Heb 13:12

juis dit het die hoeksteen geword.*

Van die Here het dit gekom,
en dit is wonderlik in ons oë.¹

⁴³ “Daarom sê Ek vir julle: Die •koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal lewer.

⁴⁴ *Wie op hierdie klip val, sal verpletter word; en as dit op iemand val, sal dit hom vergruis.”

⁴⁵ Toe die leierpriesters en die •Fariseërs Jesus se gelykenisse hoor, het hulle besef dat Hy van hulle praat. ⁴⁶ Hulle wou Hom gevange neem, maar was bang vir die skare, omdat dié Hom as 'n profeet beskou het.*

22

Gelykenis van die bruilofsfees

(Luk 14:16-24)

¹ Jesus het weer met hulle deur gelykenisse gepraat en gesê: ² “Die •koninkryk van die hemele is soos 'n koning wat 'n bruilofsfees vir sy seun voorberei het. ³ Hy het toe sy slawe gestuur om dié wat na die bruilofsfees genooi is, te roep,^m maar hulle wou nie kom nie. ⁴ Nog 'n keer het hy ander slawe gestuur, met die opdrag, ‘Sê vir die genooies: Kyk, ek het my feesmaal gereedgemaak. My beeste en die vetgemaakte vee is geslag, en alles is gereed — kom na die bruilofsfees!’ ⁵ Maar hulle het hulle nie daaraan gesteur nie en weggegaan, die een na sy stuk grond, die ander na

*21:42 *Die klip ... geword:* Hand 4:11; 1 Pet 2:7

¹21:42 *Die klip ... oë:* Aanhaling deur Jesus uit Ps 118:22-23 as heenwysing na Homself; Mark 12:10-11; Luk 20:17; vgl Hand 4:11; 1 Pet 2:4,7.

*21:44 Dan 2:34-35,44-45

*21:46 *was ... het:* Matt 14:5; 21:26; *omdat ... het:* Matt 16:14; 21:11; Luk 7:16; 24:19; Joh 4:19; 9:17

^m22:3 *roep:* Dit was destyds die gebruik om wanneer die fees gereed is, die genooies in kennis te stel.

sy besigheid. ⁶ *Die res van hulle het sy slawe gegryp, hulle sleg behandel en doodgemaak. ⁷ Die koning het kwaad geword; hy het sy soldate gestuur, daardie moordenaars om die lewe gebring en hulle stad afgebrand. ⁸ Toe sê hy vir sy slawe, ‘Die bruilofsfees is gereed, maar die genooies was dit nie waardig nie. ⁹ Gaan dan uit na die kruispaaie en nooi soveel mense na die bruilofsfees as wat julle kan vind.’ ¹⁰ Toe het daardie slawe uitgegaan na die paaie en almal bymekaargemaak wat hulle teengekom het, slegtes sowel as goeies. En die bruilofsaal het vol gasteⁿ geword. ¹¹ Toe die koning ingaan om die gaste te sien, sien hy daar 'n man sonder 'n bruilofskleed aan. ¹² En hy vra hom, ‘Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed?’ Hy was sprakeloos. ¹³ Toe sê die koning vir die dienaars, ‘Bind sy voete en hande vas en gooi hom uit in die duisternis daarbuite.’* Daar sal 'n geweene en 'n gekners van tande wees.* ¹⁴ Baie is immers geroep, maar min is uitgekies.”

Vraag oor belasting

(Mark 12:13-17; Luk 20:20-26)

¹⁵ Toe het die •Fariseërs gegaan en 'n plan beraam om Hom in 'n strik te laat beland oor wat Hy sê. ¹⁶ Hulle stuur toe hulle dissipels saam met die Herodiane^o na Hom* en sê: “Meester,^p ons weet dat u opreg is en God se

*22:6 Matt 21:35

ⁿ22:10 **gaste:** Letterlik ‘mense wat aanleun om te eet’ volgens die destydse gebruik by feesmaalte.

*22:13 gooi ... *daarbuite:* Matt 8:12; 25:30

*22:13 Daar ... *wees:* Matt 8:12; 13:42,50; 24:51; 25:30; Luk 13:28

^o22:16 **Herodiane:** Ondersteuners van die huis van •Herodes die Grote, 'n politieke party, nie 'n godsdienstige nie. Hulle het met die •Fariseërs 'n bondgenootskap aangegaan teen Jesus.

*22:16 Hulle ... *Hom:* Mark 3:6

^p22:16 **Meester:** Die Griekse woord *didaskale* verwys na die Joodse rabbi, dit is 'n leermeester. “Meester” is die aanspreekvorm vir “Leermeester” in Afrikaans.

weg waarheidsgetrou leer en u aan niemand steur nie, want u neem nie die aansien van persone in aanmerking nie. ¹⁷ Sê dan vir ons wat is u opinie: Is dit toelaatbaar om aan die keiser belasting te betaal of nie?”

¹⁸ Omdat Jesus egter hulle bese bedoeling geken het, het Hy gesê: “Waarom toets julle My, julle skynheiliges? ¹⁹ Wys vir My die munt waarmee julle belasting betaal.” Hulle het vir Hom 'n denarius^q gebring. ²⁰ Hy vra hulle toe: “Wie se afbeelding en inskripsie is dit dié?” ²¹ En hulle sê vir Hom: “Die keiser s'n.” Daarop sê Hy vir hulle: “Gee dan aan die keiser wat hom toekom en aan God wat Hom toekom.”* ²² Toe hulle dit hoor, was hulle verbaas. Hulle het Hom daar agtergelaat en weggegaan.

Vraag oor die opstanding

(Mark 12:18-27; Luk 20:27-39)

²³ Daardie selfde dag kom die •Sadduseërs, hulle wat sê dat daar nie 'n opstanding is nie,* na Hom en vra: ²⁴ “Meester,^r Moses het gesê, ‘As iemand sonder kinders sterf, moet sy broer met die vrou trou* en 'n nageslag vir sy broer verwek.’* ²⁵ By ons was daar sewe broers. Die eerste het getrou en gesterf, en sy vrou vir sy broer agtergelaat, omdat hy nie self 'n nageslag gehad het nie. ²⁶ Dieselfde het gebeur met die tweede en die derde broer tot by die sewende een. ²⁷ Laaste van almal het die vrou gesterf. ²⁸ By die opstanding, wie van die sewe se vrou sal sy dan wees? Almal het haar immers as vrou gehad.” ²⁹ Jesus het hulle egter geantwoord: “Julle dwaal, omdat julle die Skrifte nie ken nie, en ook nie die krag van God nie. ³⁰ By

^q22:19 *denarius*: 'n Romeinse muntstuk wat ongeveer die dagloon van 'n arbeider werd was; •Geldeenhede.

*22:21 *Gee ... Hom toekom*: Rom 13:7

*22:23 *Sadduseërs ... is nie*: Hand 23:8

^r22:24 *Meester*: Vgl die voetnoot in 22:16.

*22:24 *As ... trou*: Deut 25:5

*22:24 *moet ... verwek*: Gen 38:8

die opstanding tree hulle nie in die huwelik nie en word hulle ook nie in die huwelik uitgegee nie,^s maar hulle is soos engele in die hemel.³¹ En wat die opstanding van die dooies betref, het julle nie gelees wat God aan julle gesê het nie,³² *'Ek is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob.'? * Hy is nie die God van dooies nie, maar van lewendes.”³³ *Toe die skare dit hoor, was hulle verstom oor sy lering.

Vraag oor die belangrikste gebod

(Mark 12:28-31; Luk 10:25-28)

³⁴ Toe die •Fariseërs hoor dat Hy die •Sadduseërs die swye opgelê het, het hulle bymekaargekom.³⁵ Een van hulle, 'n wetskenner,^t het vervolgens 'n vraag gestel om Hom te toets:³⁶ “Meester,^u wat is die belangrikste gebod in die Wet?”³⁷ Hy het vir hom gesê: “ ‘Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel^v en met jou hele verstand.’^{w*} ³⁸ Dit is die belangrikste en die eerste gebod. ³⁹ En die tweede wat hieraan gelyk staan, is, ‘Jy moet jou naaste liefhê soos

^s**22:30 tree ... uitgegee nie:** Verteenwoordig die destydse Joodse siening: Mans trou en vroue word deur hulle vaders uitgegee om te trou.

***22:32 4 Mak 7:19** •Pseudepigrawe

***22:32 Ek ... Jakob:** Eks 3:6; 4:5; 6:2; 1 Kon 18:36; Hand 7:32

***22:33** Matt 7:28; 13:54; Mark 11:18

^t**22:35 wetskenner:** Volgens die manuskripgetuienis is dit nie heeltemal seker of hierdie woord oorspronklik deel van die •bronteks was nie.

^u**22:36 Meester:** Vgl die voetnoot in 22:16.

^v**22:37 siel:** Die mens se gemoed met sy emosies en stemmings. Saam met “hart” en “verstand” word ons totale menswees bedoel.

^w**22:37 hart ... verstand:** Dit dui op die mens in sy totaliteit.

***22:37 Jy ... verstand:** Deut 6:5; Jos 22:5

jouself.’*⁴⁰ *Op hierdie twee gebooue berus die hele Wet en die Profete.*”^x

Vraag oor die Seun van Dawid

(Mark 12:35-37; Luk 20:41-44)

⁴¹ Toe die •Fariseërs bymekaar was, het Jesus hulle gevra: ⁴² *”Wat sê julle van die Christus?^y Wie se Seun is Hy?” Hulle antwoord Hom: “Dawid s'n.” ⁴³ Hy vra hulle toe: “Hoe kan Dawid Hom dan, deur die werking van die Gees, * ‘Here’ noem, as hy sê,

⁴⁴ z” “Die Here het vir my Here gesê:

Sit aan my regterhand,^a

totdat Ek u vyande

onder u voete geplaas het.’?”^b

⁴⁵ “As Dawid Hom dan ‘Here’ noem, hoe kan Hy sy Seun wees?”

⁴⁶ Niemand kon Hom 'n woord antwoord nie; en van daardie dag af het

***22:39** Jy ... *jouself*: Lev 19:18; Matt 5:43; 19:19; Rom 13:9; Gal 5:14; Jak 2:8

***22:40** Rom 13:10

***22:40** *hele ... Profete*: Matt 7:12

^x**22:40** *Wet ... Profete*: Dit dien as aanduiding van die geskrifte van die Ou Testament wat in Jesus se tyd deur die Jode as gesaghebbend aanvaar is.

***22:42** Joh 7:42

^y**22:42** *Christus*: Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

***22:43** *Dawid Hom ... Gees*: 2 Sam 23:2

^z**22:44** Aanhaling deur Jesus uit Ps 110:1 as heenwysing na Homself; Mark 14:62; Luk 20:42-43; vgl Hand 2:34-35; 1 Kor 15:25; Heb 1:13.

^a**22:44** *regterhand*: 'n Posisie aan die •regterhand van 'n persoon is gesien as 'n posisie van voorrang.

^b**22:44** *vyande ... geplaas het*: Dit dui op die onderwerping van die vyand.

niemand ooit weer gewaag om Hom te ondervra nie.*

23

Waarskuwing teen die skrifkenners en Fariseërs

(Mark 12:37-39; Luk 20:45-46)

¹ Toe het Jesus vir die skare en vir sy dissipels gesê: ² “Die skrifkenners en •Fariseërs sit op die stoel van Moses. ³ *Doen en onderhou dan alles wat hulle vir julle sê. Maar moenie doen wat hulle doen nie, want hulle praat net en doen nie. ⁴ Hulle bind swaar vragte saam, ja, moeilik om te dra,^c en lê dit op die mense se skouers, maar self is hulle nie bereid om met 'n vinger aan die vrag te raak nie. ⁵ Al hulle daad is bedoel om deur die mense gesien te word.* Hulle maak immers hulle gebedsrieme breër en die tassels langer.^d ⁶ Hulle hou van die ereplek by feesmaaltye* en die voorste sitplekke in die •sinagoges, ⁷ om op die markpleine begroet en om deur die mense as ‘rabbi’^e aangespreek te word. ⁸ Maar julle, julle moet julle nie as ‘rabbi’ laat aanspreek nie; want net Een is julle Leermeester, en julle is almal broers. ⁹ En moet niemand op aarde as julle ‘vader’ aanspreek nie; want julle het net een Vader, Hy wat in die hemel is. ¹⁰ Julle moet julle ook nie as leraars laat aanspreek nie, omdat net Een

*22:46 *En van ... ondervra nie:* Mark 12:34; Luk 20:40

*23:3 Mal 2:7-8

^c23:4 *ja, moeilik ... dra:* Volgens die manuskripgetuigenis is dit nie heeltemal seker of hierdie gedeelte oorspronklik deel van die •bronteks was nie.

*23:5 *Al ... word:* Matt 6:1,5

^d23:5 *breër ... langer:* Gebedsrieme en tassels was simbole om mense se toewyding aan God te demonstreer; vgl Eks 13:9; Deut 6:8; 11:18; Num 15:38-39.

*23:6 *Hulle ... feesmaaltye:* Luk 14:7

^e23:7 *rabbi:* 'n Eerbiedige aanspreekvorm in Hebreeus en Aramees wat ‘my •Meester’ beteken.

julle Leraar is, naamlik die •Christus. ¹¹ *Die belangrikste onder julle moet julle dienaar wees. ¹² *Wie homself verhef, sal verneder word, en wie homself verneder, sal verhef word.”

Jesus se sewe oordele

(Luk 11:39-52)

¹³ “Ellende wag op julle, skrifkenners en •Fariseërs, skynheiliges! Want julle sluit die mense uit die •koninkryk van die hemele uit. Self gaan julle nie in nie, en boonop laat julle die mense wat probeer ingaan, nie toe om in te gaan nie.^f

¹⁵ “Ellende wag op julle, skrifkenners en Fariseërs, skynheiliges! Want julle deurkruis land en see om 'n enkele proseliet^g te werf, en wanneer dit gebeur, maak julle hom 'n kind van Gehenna,^h dubbel so erg as julleself.

¹⁶ “Ellende wag op julle, blinde leiers!* Julle sê, ‘Wie by die heiligdom van die •tempel sweer — dit beteken niks nie; maar wie sweer by die goud van die heiligdom, is gebonde.’ ¹⁷ Dwase en blindes! Wat is belangriker, die goud of die heiligdom wat die goud heilig? ¹⁸ Verder sê julle, ‘Wie by die altaar sweer — dit beteken niks nie; maar wie sweer by

***23:11** Matt 20:26-27; Mark 9:35; 10:43-44; Luk 9:48; 22:26

***23:12** Job 22:29; Spr 29:23; Eseg 21:26; Luk 14:11; 18:14

^f**23:13** Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna ¹⁴ “Ellende wag op julle, skrifkenners en Fariseërs, skynheiliges, want julle verslind die huise van die weduwees en sê vir die skyn lang gebede op. Daarom sal julle oordeel erger wees.” Dit ontbreek egter in die •bronteks.

^g**23:15** *proseliet*: Anders as 'n •godvresende was 'n proseliet 'n nie-Jood wat ten volle tot die Jodedom oorgegaan het.

^h**23:15** *Gehenna*: 'n Vergriekste vorm van die Hebreuse uitdrukking *ge hinnom*, wat verwys na die Hinnomdal, wat volgens Jer 7:31-32; 19:6-7 'n plek van straf sou word. Word ook as "hel" vertaal.

***23:16** *blinde leiers*: Matt 15:14; 23:24; Rom 2:19

die offergawe daarop, is gebonde.’¹⁹ Blindes! Wat is belangriker, die offergawe of die altaar wat die offergawe heilig? *²⁰ Wie dan sweer by die altaar, sweer daarby en by alles daarop. ²¹ *Wie sweer by die heiligdom, sweer daarby en by Hom wat dit bewoon. ²² *En wie by die hemel sweer, sweer by die troon van God en by Hom wat daarop sit.

²³ “Ellende wag op julle, skrifkenners en Fariseërs, skynheiliges! Want julle gee tiendes van kruisement* en vinkel en komyn, maar julle het die gewigtigste van die wet nagelaat — die reg en die barmhartigheid en die trou.* Hierdie dinge moes julle gedoen het, sonder om die ander na te laat. ²⁴ Blinde leiers!* Julle sif die muggie uit, maar sluk die kameel in.

²⁵ “Ellende wag op julle, skrifkenners en Fariseërs, skynheiliges! Want julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon,* maar binnekant is dit vol roofsug en onbeheersdheid. ²⁶ Blinde Fariseër!* Maak eers die binnekant van die beker skoon, dan sal ook die buitekant skoon wees.

²⁷ “Ellende wag op julle, skrifkenners en Fariseërs, skynheiliges! Want julle is soos witgekalkte grafte* wat van buite pragtig lyk, maar van binne is julle vol doodsbeendere en elke vorm van onreinheid. ²⁸ *So lyk julle inderdaad ook van buite vir die mense regverdig, maar van binne is julle vol skynheiligheid en wetteloosheid.

* **23:19** *altaar ... heilig*: Eks 29:37

* **23:21** 1 Kon 8:13; Ps 26:8

* **23:22** Jes 66:1; Matt 5:34; Hand 7:49

* **23:23** *gee tiendes van kruisement*: Lev 27:30

* **23:23** *die gewigtigste ... trou*: Miga 6:8

* **23:24** *Blinde leiers*: Matt 15:14; 23:16; Rom 2:19

* **23:25** *julle maak ... skoon*: Mark 7:4

* **23:26** *Blinde Fariseër*: Joh 9:40

* **23:27** *witgekalkte grafte*: Hand 23:3

* **23:28** Luk 16:15

²⁹ “Ellende wag op julle, skrifkenners en Fariseërs, skynheiliges! Want julle bou die grafte vir die profete en versier die grafmonumente van die •regverdiges. ³⁰ En julle sê, ‘As ons in die dae van ons vaders geleef het, sou ons nie saam met hulle deel gehad het aan die bloed van die profete nie.’ ³¹ Daarmee getuig julle teen julleself dat julle kinders is van hulle wat die profete vermoor het.* ³² Maak julle dan maar die maat van julle vaders vol. ³³ Slange, addergeslag!* Hoe sal julle die oordeel van die Gehenna ontvlug? ³⁴ *Daarom, kyk, Ek stuur vir julle profete en wyses en skrifkenners. Julle sal sommige van hulle doodmaak en kruisig, en julle sal sommige van hulle in julle •sinagoges gesel en hulle van dorpⁱ tot dorp vervolg.* ³⁵ So sal alle regverdige bloed wat op aarde vergiet is, vir julle toegereken word, van die bloed van Abel,* die regverdige, tot by die bloed van Sagaria, die seun van Beregja,* wat julle tussen die heiligdom en die altaar vermoor het.* ³⁶ •Amen, Ek sê vir julle: Al hierdie dinge sal op hierdie geslag neerkom.”

Jesus se klag oor Jerusalem

(Luk 13:34-35)

³⁷ “Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en dié stenig wat na jou gestuur is!* Hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak

*23:31 *julle kinders ... het*: Hand 7:52

*23:33 *addergeslag*: Matt 3:7; 12:34; Luk 3:7

*23:34 Hand 7:52; 1 Thess 2:15

ⁱ23:34 *dorp*: Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

*23:34 *Julle sal ... vervolg*: Matt 10:23

*23:35 *die bloed van Abel*: Gen 4:8; Heb 11:4

*23:35 *Sagaria ... Beregja*: Sag 1:1

*23:35 *die bloed van Sagaria ... vermoor het*: 2 Kron 24:20-21

*23:37 *dié ... gestuur is*: Hand 7:59; 1 Thess 2:15

soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak, maar julle wou nie. ³⁸ *Kyk, julle huis word vir julle verwoes agtergelaat. ³⁹ Want Ek sê vir julle, van nou af sal julle My beslis nie weer sien nie, totdat julle sal sê, ‘Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here.’ ^j

24

Profetiese rede: Afbreek van die tempel

(Mark 13:1-2; Luk 21:5-6)

¹ Jesus het uitgegaan en was besig om van die tempelsterrein^k weg te beweeg. Sy dissipels het nader gekom om sy aandag op die tempelgeboue^l te vestig. ² Maar Hy sê vir hulle: “Sien julle al hierdie geboue? •Amen, Ek sê vir julle: Hier sal beslis nie een klip op 'n ander gelaat word nie — alles sal afgebreek word.”*

Profetiese rede: Begin van die eindtyd

(Mark 13:3-13; Luk 21:7-19)

³ Terwyl Jesus op die Olyfberg gesit het, het die dissipels afsonderlik na Hom gekom. “Sê vir ons,” het hulle gevra, “wanneer sal hierdie dinge plaasvind, en wat is die teken van u koms* en van die voleinding van die wêreld?” ⁴ Jesus het hulle geantwoord: “Pasop dat niemand julle mislei

* **23:38** 1 Kon 9:7-8; Jer 12:7; 22:5; Tob 14:4

^j**23:39** *Geseënd ... Here:* Aanhaling deur Jesus uit Ps 118:26 as heenwysing na Homself; Luk 13:35; vgl Luk 19:38.

^k**24:1** *tempelsterrein:* Dit verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhowe.

^l**24:1** *tempelgeboue:* Dit verwys na die hele terrein van die tempel in Jerusalem, met al die geboue, stoorkamers en voorhowe.

* **24:2** *Hier sal ... afgebreek word:* Luk 19:44

* **24:3** *wat ... koms:* Matt 24:27,37,39

* **24:3** *voleinding ... wêreld:* Matt 13:39-40,49; 28:20

nie. ⁵ *Want baie mense sal in my Naam na vore tree en sê, ‘Ek is die Christus!’^m en hulle sal baie mense mislei. ⁶ Julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pasop, moenie verskrik raak nie. Want hierdie dinge moet gebeur,^{*} maar dit is nog nie die einde nie. ⁷ Een nasie sal immers teen 'n ander nasie^{*} optrek en een koninkryk teen 'n ander koninkryk,^{*} en daar sal hongersnood wees en aardbewings op een plek ná die ander. ⁸ Al hierdie dinge is die begin van die geboortepyne.ⁿ ⁹ Dan sal hulle julle oorlewer om verdruk te word^{*} en julle doodmaak,^{*} en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam.^{*} ¹⁰ Dan sal baie tot 'n val kom,^{*} mekaar oorlewer en mekaar haat. ¹¹ *Baie vals profete sal verskyn en hulle sal baie mense mislei. ¹² En omdat die wetteloosheid sal toeneem, sal baie se liefde afkoel. ¹³ *Wie egter volhard tot aan die einde, dié sal verlos word. ¹⁴ Hierdie evangelie van die koninkryk sal oor die hele wêreld verkondig word as getuienis vir al die nasies.^{*} En dan sal die einde kom.”

***24:5** Matt 24:11,23-24; Joh 5:43; 1 Joh 2:18

^m**24:5** *Christus*: Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

***24:6** *Want ... gebeur*: Dan 2:28-29; Dan 2:45 •Theodotion

***24:7** *Een nasie ... nasie*: 2 Kron 15:6

***24:7** *koninkryk ... koninkryk*: Jes 19:2

ⁿ**24:8** *geboortepyne*: 'n Tegniese term waarmee verwys word na die aanbreek van die einde van hierdie bedeling.

***24:9** *sal hulle ... te word*: Matt 10:17,23

***24:9** *julle doodmaak*: Joh 16:2

***24:9** *julle sal deur ... Naam*: Matt 10:22; Joh 15:18

***24:10** *sal ... kom*: Dan 11:41

***24:11** Matt 24:5,24

***24:13** Matt 10:22

***24:14** *Hierdie ... nasies*: Matt 28:19; *tot ... nasies*: Matt 10:18

Profetiese rede: Die groot verdrukking

(Mark 13:14-20; Luk 21:20-24)

¹⁵ “Daarom, wanneer julle die gruwel van verwoesting waarvan die profeet Daniël praat, op die heilige plek sien staan* — laat dié wat dit lees, goed begryp — ¹⁶ dan moet hulle wat in Judea is, na die berge vlug, ¹⁷ *en wie op die dakstoep^o is, moet nie ondertoe gaan om besittings uit sy huis te gaan haal nie; ¹⁸ en wie op die landerye is, moet nie terugdraai om sy bokleed te gaan haal nie. ¹⁹ Ellende wag op hulle wat in daardie dae swanger is en borsvoed! ²⁰ Bid dat julle nie in die winter en op die Sabbat sal moet vlug nie. ²¹ *Want dan sal daar groot verdrukking* wees, soos daar sedert die begin van die wêreld tot nou toe nog nie was nie, en beslis ook nie weer sal wees nie. ²² As daardie dae nie ingekort word nie, sou geen mens gered word nie. Maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae ingekort word.”

Profetiese rede: Koms van die Seun van die Mens

(Mark 13:21-27; Luk 17:23-24,37b; 21:25-28)

²³ * “As iemand dan vir julle sê, ‘Kyk, hier is die Christus!’,^p of, ‘Hier is Hy!’, moet julle dit nie glo nie. ²⁴ *Want vals christusse en vals profete sal na vore tree, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, indien moontlik, selfs die uitverkorenes te mislei. ²⁵ Kyk, Ek het dit vooruit vir

*24:15 *gruwel ... staan*: Dan 9:27; 11:31; 12:11; 1 Mak 1:54; 6:7

*24:17-18 Luk 17:31

^o24:17 *dakstoep*: Die ruimte bo-op die plat dak van 'n huis, gewoonlik van klei en plantmateriaal, wat met 'n leer of kliptrap bereik kon word.

*24:21 Dan 12:1; Joël 2:2

*24:21 *groot verdrukking*: Op 7:14

*24:23-24 Matt 24:5,11; 1 Joh 2:18

^p24:23 *Christus*: Vgl die voetnoot in 24:5.

*24:24 Deut 13:1-3; 2 Thess 2:9-10; Op 13:13-14

julle gesê. ²⁶ *As hulle dan vir julle sê, ‘Kyk, Hy is in die woestyn!’,^q moenie daarheen gaan nie, of, ‘Kyk, Hy is in die •binneste kamers!’ , moet dit nie glo nie. ²⁷ Want net soos die weerlig uitslaan in die ooste en skyn tot in die weste, so sal die koms van die •Seun van die Mens wees.*

²⁸ *Waar die karkas lê, daar sal die aasvoëls versamel.

²⁹ “Onmiddellik ná die verdrukking van daardie dae

“ ‘sal die son verduister word,
en die maan sal sy lig nie gee nie,*
en die sterre sal van die hemel val,
en die kragte van die hemele^r sal geskud word.’* ”

³⁰ “Dan sal die teken van die Seun van die Mens in die hemelruim verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rouklaag,* en hulle sal die Seun van die Mens sien kom op die wolke van die hemel met krag en groot heerlikheid.^s ³¹ Hy sal sy engele stuur* met luide trompetgeskal,* en

*24:26-27 Luk 17:23-24

^q24:26 *woestyn*: Dit is 'n verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

*24:27 *die koms ... wees*: Matt 24:37,39; 1 Kor 15:23; 1 Thess 2:19; 3:13; 4:15; 5:23; 2 Thess 2:1,8; Jak 5:7-8; 2 Pet 3:4,12; 1 Joh 2:28

*24:28 Luk 17:37

*24:29 *sal die ... gee nie*: Jes 13:10; Eseg 32:7; Joël 2:10,31; 3:15; Op 6:12

^r24:29 *hemele*: Volgens die destydse wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterrehemel en die derde hemel waar God woon.

*24:29 *die kragte ... word*: Jes 34:4; Hag 2:6,21; Op 6:13

*24:30 *sal al ... rouklaag*: Sag 12:10,14; Op 1:7

^s24:30 *die Seun van die Mens sien ... heerlikheid*: Aanhaling deur Jesus uit Dan 7:13-14 as heenwysing na Homself; vgl Matt 16:27; 26:64; Mark 14:62; Luk 21:27.

*24:31 *Hy ... stuur*: Matt 13:41

*24:31 *met ... trompetgeskal*: Jes 27:13; 1 Kor 15:52; 1 Thess 4:16

hulle sal sy uitverkorenes uit die vier windrigtings versamel, van die een uithoek van die hemele tot by die ander.*”

Profetiese rede: Les van die vyeboom

(Mark 13:28-31; Luk 21:29-33)

³² “Leer hierdie les van die vyeboom: Sodra sy takke begin sag word en blare uitstoot, weet julle dat die somer naby is. ³³ So moet julle ook, wanneer julle al hierdie dinge sien, weet dat dit naby is, voor die deur. ³⁴ *•Amen, Ek sê vir julle: Hierdie geslag sal beslis nie tot 'n einde kom voordat al hierdie dinge gebeur het nie. ³⁵ *Die hemel en die aarde sal tot 'n einde kom, maar my woorde sal beslis nie tot 'n einde kom nie.”

Profetiese rede: Waaksaamheid

(Mark 13:32,35; Luk 17:26-27,30,34-35; 12:39-40)

³⁶ * “Van daardie dag en uur dra niemand kennis nie, selfs nie die engele van die hemele^t nie, en ook nie die Seun nie, net die Vader alleen. ³⁷ Want net soos in die dae van Noag,* so sal die koms van die •Seun van die Mens wees.* ³⁸ Soos hulle immers in daardie dae voor die vloed besig was om te eet en te drink, om in die huwelik te tree en in die huwelik uit te gee,^u tot op die dag dat Noag die ark binnegegaan het, ³⁹ en hulle niks

*24:31 hulle ... ander: Deut 30:4; Sag 2:6

*24:34 Matt 16:28

*24:35 Matt 5:18; Luk 16:17

*24:36 Hand 1:7; 1 Thess 5:1-2

^t24:36 **hemele:** Volgens die destydse wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterrehemel en die derde hemel waar God woon.

*24:37 in die ... Noag: Gen 6:9-12

*24:37 die koms ... wees: Matt 24:27,39; 1 Kor 15:23; 1 Thess 2:19; 3:13; 4:15; 5:23; 2 Thess 2:1,8; Jak 5:7-8; 2 Pet 3:4,12; 1 Joh 2:28

^u24:38 in die ... gee: Verteenwoordig die destydse Joodse siening: Mans trou en vroue word deur hulle vaders uitgegee om te trou.

vermoed het totdat die vloed gekom en almal meegesleur het nie,* só sal ook die koms van die Seun van die Mens wees.*

⁴⁰ “Dan sal daar twee op die land wees;
een sal saamgeneem en die ander agtergelaat word.

⁴¹ Twee sal by die meule maal;
een sal saamgeneem en die ander agtergelaat word.

⁴² * “Bly daarom waaksaam, omdat julle nie weet op watter dag julle Here kom nie. ⁴³ *Dit moet julle weet: As die huiseienaar geweet het tydens watter nagwaak^v die dief kom,* sou hy gewaak het en nie by sy huis laat inbreek het nie. ⁴⁴ Daarom moet julle gereed wees, want die Seun van die Mens kom op 'n tyd wanneer julle dit nie verwag nie.”

Profetiese rede: Getroue en ontroue slawe

(Luk 12:42-46)

⁴⁵ “Wie is dan die betroubare en verstandige slaaf vir wie die eienaar aangestel het oor sy huishouding om vir hulle op tyd kos te gee?

⁴⁶ Gelukkig is daardie slaaf wie se eienaar hom so aan die werk sal vind wanneer hy kom. ⁴⁷ •Amen, Ek sê vir julle: Hy sal hom oor al sy besittings

***24:38-39** Noag ... *het nie*: Gen 6:13 — 7:24; 2 Pet 3:6

***24:39** *die koms ... wees*: Matt 24:37,39; 1 Kor 15:23; 1 Thess 2:19; 3:13; 4:15; 5:23; 2 Thess 2:1,8; Jak 5:7-8; 2 Pet 3:4,12; 1 Joh 2:28

***24:42** Matt 25:13; Mark 13:33,35

***24:43-44** Luk 12:39-40

^v**24:43** *nagwaak*: Dit verwys na een van die vier wagbeurte waarin die nag volgens die Romeinse tydsindeling verdeel is. Volgens ander verwys dit na die drie wagbeurte waarin die nag volgens die Jode en Grieke vroeër verdeel is; •Tydsindeling.

***24:43** *tydens ... kom*: 1 Thess 5:2; 2 Pet 3:10; Op 3:3; 16:15

aanstel.* ⁴⁸ As die slegte slaaf egter in sy hart sê, ‘My heer talm,’ ⁴⁹ en hy begin sy medeslawe slaan, en hy eet en drink saam met die dronkes, ⁵⁰ sal die eienaar van daardie slaaf op 'n dag kom wat hy nie verwag nie en op 'n uur wat hy nie weet nie. ⁵¹ Hy sal hom middeldeer laat kap^w en hom laat deel in die lot van die skynheiliges. Daar sal 'n geween wees en 'n gekners van tande.*”

25

Profetiese rede: Gelykenis van die tien meisies

¹ “Dan sal die •koninkryk van die hemele wees soos tien jongmeisies wat hulle lampe geneem het om die bruidegom tegemoet te gaan.* ² Vyf van hulle was dwaas en vyf was verstandig. ³ Die dwases het hulle lampe gevat, maar nie olyfolie met hulle saamgeneem nie; ⁴ die verstandiges het egter, saam met hulle lampe, ook olyfolie in houers geneem. ⁵ En omdat die bruidegom getalm het, het almal vaak geword en aan die slaap geraak. ⁶ In die middel van die nag was daar 'n geroep, ‘Kyk, hier is die bruidegom! Gaan hom tegemoet!’ ⁷ Toe het al daardie jongmeisies opgestaan en hulle lampe gereedgemaak. ⁸ Die dwases het vir die verstandiges gesê, ‘Gee vir ons van julle olyfolie, want ons lampe is besig om dood te gaan.’ ⁹ Die verstandiges het egter geantwoord, ‘Dalk sal daar nie genoeg wees vir ons én vir julle nie. Gaan eerder na die verkopers en koop julle eie.’ ¹⁰ Terwyl hulle die olyfolie gaan koop het, het die bruidegom opgedaag, en dié wat gereed was, het saam met hom binnegegaan na die bruilofsfees,* en die deur is gesluit. ¹¹ *Later kom die

*24:47 Hy ... aanstel: Matt 25:21,23

^w24:51 *middeldeer ... kap*: Kan ook figuurlik verstaan word as ‘swaar straf’.

*24:51 Daar ... tande: Matt 8:12; 13:42,50; 22:13; 25:30; Luk 13:28

*25:1 tien ... gaan: Luk 12:35-36

*25:10 *het die bruidegom ... bruilofsfees*: Op 19:7,9

*25:11-12 Luk 13:25,27

ander jongmeisies toe ook daar aan en roep, ‘Meneer, Meneer, maak vir ons oop!’¹² *Maar hy antwoord, ‘•Amen, Ek sê vir julle: Ek ken julle beslis nie.’¹³ *Wees dan waaksaam, omdat julle die dag en die uur nie ken nie.”

Profetiese rede: Gelykenis van die muntstukke

(Luk 19:11-27)

¹⁴ * “Want dit is net soos 'n man wat op reis gaan en sy slawe roep en sy besittings aan hulle toevertrou. ¹⁵ Vir een het hy vyf talent^x gegee, vir 'n ander een twee, en vir nog 'n ander, een — vir elkeen volgens eie vermoë. Daarop het hy vertrek. Onmiddellik ¹⁶ het die man wat die vyf talent ontvang het, met hulle gaan woeker en 'n wins van nog vyf gemaak. ¹⁷ Net so het die man met die twee nog twee wins gemaak. ¹⁸ Maar die man wat een ontvang het, het 'n gat in die grond gaan grawe en sy eienaar se geld weggesteek. ¹⁹ Ná 'n lang tyd kom die eienaar van daardie slawe terug en eis rekenskap van hulle. * ²⁰ Die man wat die vyf talent ontvang het, het gekom en nog vyf gebring. Hy sê toe, ‘Meneer, u het my vyf talent gegee, en kyk, ek het 'n wins van nog vyf talent gemaak.’ ²¹ Die eienaar het vir hom gesê, ‘Mooi so, goeie en getroue slaaf, oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel.* Deel in jou eienaar se vreugde!’ ²² Die man met die twee talent het gekom en gesê, ‘Meneer, twee talent het u vir my gegee, en kyk, ek het 'n wins van nog twee talent gemaak.’ ²³ Sy eienaar het vir hom gesê, ‘Mooi so, goeie en

*25:12 Matt 7:23

*25:13 Matt 24:42; Mark 13:35; Luk 12:40

*25:14 Mark 13:34; Luk 19:12-13

^x25:15 **talent**: Die grootste geldeenheid, gelyk aan sowat 6 000 •denarius; •Geldeenhede.

*25:19 *kom ... hulle*: Matt 18:23

*25:21 *oor min ... aanstel*: Matt 25:23; Luk 16:10; *oor baie ... aanstel*: Matt 24:47

getroue slaaf, oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel.* Deel in jou eienaar se vreugde!’²⁴ Die man wat die een talent ontvang het, het ook gekom en gesê, ‘Meneer, ek ken u; u is 'n hardvotige man wat maai waar u nie gesaai het nie en wat oes waar u nie saad uitgestrooi het nie.*²⁵ Omdat ek bang was, het ek u talent in die grond gaan wegsteek. Hier is wat aan u behoort.’²⁶ Maar sy eienaar antwoord hom, ‘Jou slegte en lui slaaf! Jy het geweet dat ek maai waar ek nie gesaai het nie en oes waar ek nie saad uitgestrooi het nie.’²⁷ Daarom moes jy my geld by die bankiers belê het, en met my terugkeer sou ek wat myne is, met rente teruggekry het.²⁸ Vat dan die talent by hom en gee dit vir die een wat die tien talent het.²⁹ *Want aan elkeen wat het, sal gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar wie nie het nie, van hom sal ook wat hy het, weggeneem word.³⁰ En gooi die nuttelose slaaf uit in die duisternis daarbuite. Daar sal 'n geweene wees en 'n gekners van tande.’ ”*

Profetiese rede: Skeiding by die oordeel

³¹ “Wanneer die •Seun van die Mens in sy heerlikheid kom, en al die engele saam met Hom,* sal Hy op sy glansryke troon gaan sit.*³² Al die nasies sal voor Hom byeengebring word, en Hy sal hulle van mekaar skei soos 'n herder die skape van die bokke skei.*³³ *Die skape sal Hy aan sy

*25:23 oor min ... aanstel: Matt 25:21; Luk 16:10; oor baie ... aanstel: Matt 24:47

*25:24 wat maai ... uitgestrooi het nie: Joh 4:37

*25:29 Matt 13:12; Mark 4:25; Luk 8:18

*25:30 gooi ... tande: Matt 8:12; 22:13; Daar ... tande: Matt 13:42,50; 22:13; 24:51; Luk 13:28

*25:31 Wanneer ... Hom: Deut 33:2-3 •Septuagint; Sag 14:5; Matt 16:27; Jud vs 14

*25:31 sal Hy ... sit: Matt 19:28; Op 3:21; 20:11

*25:32 soos ... skei: Eseg 34:17

*25:33-34 Luk 12:32

regterhand^y laat staan en die bokke aan sy linkerhand. ³⁴ Dan sal die Koning vir dié aan sy regterhand sê, ‘Julle, geseëndes van my Vader, kom beërf die koninkryk, wat vir julle gereedgemaak is* van die grondlegging van die wêreld af. ³⁵ Want Ek was honger, en julle het vir My iets te ete gegee; Ek was dors, en julle het vir My iets te drinke gegee; Ek was 'n •vreemdeling, en julle het My as 'n gas verwelkom; ³⁶ Ek was nakend, en julle het My geklee;* Ek was siek, en julle het My versorg; Ek was in die tronk, en julle het My besoek.’ ³⁷ Dan sal die •regverdige Hom antwoord, ‘Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed, of dors en iets te drinke gegee? ³⁸ En wanneer het ons U as 'n vreemdeling^z gesien, en as gas verwelkom, of nakend, en U geklee? ³⁹ En wanneer het ons U siek of in die tronk gesien, en U besoek?’ ⁴⁰ Maar die Koning sal vir hulle sê, ‘•Amen, Ek sê vir julle: Wat julle ook al vir een van hierdie geringste broers^a van My gedoen het, het julle vir My gedoen.’*

⁴¹ “Dan sal Hy vir dié aan sy linkerhand sê, ‘Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur,* wat gereedgemaak is vir die Duiwel en sy engele. ⁴² Want Ek was honger, en julle het My nie iets te ete gegee nie, dors, en julle het My nie iets te drinke gegee nie. ⁴³ Ek was 'n vreemdeling, en julle het My nie as gas verwelkom nie, nakend, en julle het My nie geklee nie, siek en in die tronk, en julle het My nie besoek

^y**25:33 regterhand:** 'n Posisie aan die •regterhand van 'n persoon is gesien as 'n posisie van voorrang.

***25:34 kom ... is:** Luk 22:30

***25:35-36 Ek was honger ... My geklee:** Jes 58:7

^z**25:38 vreemdeling:** Dit is 'n persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. •Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

^a**25:40 broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

***25:40 Wat julle ... vir My gedoen:** Spr 19:17; Matt 10:42; 18:5; Mark 9:41

***25:41 Dan ... vuur:** Matt 7:23; ewige vuur: Mark 9:48; Jud vs 7; Op 20:10

nie.’⁴⁴ Dan sal hulle antwoord, ‘Here, wanneer het ons U honger gesien, of dors, of as 'n vreemdeling, of nakend, of siek, of in die tronk, en U nie versorg nie?’⁴⁵ Dan sal Hy hulle antwoord, ‘Amen, Ek sê vir julle: Wat julle vir een van hierdie geringstes nie gedoen het nie, het julle ook nie vir My gedoen nie.’⁴⁶ *Hierdie mense sal weggaan na die ewige straf, maar die regverdiges na die ewige lewe.”

26

Sameswering teen Jesus

(*Mark 14:1-2; Luk 22:1-2; Joh 11:47-53*)

¹ Toe Jesus al sy redevoerings voltooi het,^b het Hy vir sy dissipels gesê:
² “Julle is bewus daarvan dat die Pasga^c oor twee dae plaasvind, en dat die •Seun van die Mens oorgelewer gaan word om gekruisig te word.*”
³ In daardie tyd het die leierpriesters en die familiehoofde van die volk in die ampswoning van die hoëpriester, met die naam Kajafas, vergader.
⁴ Hulle het saam planne beraam om Jesus op 'n slinkse manier gevange te neem en dood te maak.
⁵ Hulle het egter gesê: “Nie tydens die fees nie, sodat daar nie 'n oproer onder die volk ontstaan nie.”

***25:46** Dan 12:2; Joh 5:29

^b**26:1** *Toe ... voltooi het:* Al vyf Jesus se redevoerings in Matteus word met dieselfde formule in Grieks afgesluit; vgl Matt 7:28; 11:1; 13:53; 19:1.

^c**26:2** *Pasga:* Die fees wanneer elke gesin in Israel 'n lam moes slag en dit moes eet saam met bitter kruie en ongesuurde brood. Hulle moes die fees vier op 14 •Nisan, tydens die volmaannag in Maart-April; •Feeste.

***26:2** *die Seun ... te word:* Matt 20:18-19; 27:26; Mark 15:15; Luk 24:7,20; Joh 19:16

Salwing in Betanië

(Mark 14:3-9; Joh 12:1-8)

⁶ Toe Jesus in Betanië in die huis van Simon die Melaatse^d was, ⁷ *het 'n vrou na Hom gekom met 'n albasterfles baie kosbare reukolie, en dit oor sy kop uitgegiet terwyl Hy vir ete aangeleun het.^e ⁸ Toe die dissipels dit sien, was hulle verontwaardig en vra: “Waarom hierdie verkwisting?” ⁹ Hierdie olie kon 'n mens vir baie geld verkoop het, wat aan die armes gegee kon word.” ¹⁰ Toe Jesus dit merk, sê Hy vir hulle: “Waarom maak julle dit vir haar moeilik? Sy het immers 'n goeie daad aan My gedoen. ¹¹ Die armes het julle altyd by julle,* maar vir My het julle nie altyd nie. ¹² Toe sy hierdie geurige olie oor my liggaam uitgegooi het, het sy dit gedoen met die oog op my begrafnis. ¹³ •Amen, Ek sê vir julle: Waar in die hele wêreld ook al hierdie evangelie verkondig word, sal daar, ter herinnering aan haar, vertel word van wat sy gedoen het.”

Judas se plan vir verraad

(Mark 14:10-11; Luk 22:3-6)

¹⁴ Toe het een van die twaalf, met die naam Judas Iskariot, na die leierpriesters gegaan ¹⁵ en gesê: “Wat is u bereid om my te betaal as ek Hom aan u oorlewer?”* Hulle het met hom op dertig silwerstukke^f

^d**26:6 Melaatse:** Die Griekse term sluit 'n verskeidenheid velsiektes in, waarvan sommige as ongeneeslik beskou is. •Melaatses is as kulties •onrein beskou.

***26:7** Luk 7:36-38

^e**26:7 vir ete ... het:** Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

***26:11 Die armes ... by julle:** Deut 15:11

***26:14-15 het een ... oorlewer:** Joh 11:57

^f**26:15 silwerstukke:** Een silwer geldstuk of denarius was ongeveer die dagloon van 'n arbeider werd; •Geldeenhede.

ooreengekom.* ¹⁶ Van toe af het hy 'n gepaste geleentheid gesoek om Hom oor te lewer.

Pasga

(Mark 14:12-25; Luk 22:7-14,21-23; Joh 13:21-26)

¹⁷ Op die eerste dag van die Fees van die Ongesuurde Brood^g het die dissipels na Jesus gekom en gevra: “Waar wil U hê moet ons vir U voorbereidings tref om die Pasga^h te eet?” ¹⁸ Hy het gesê: “Gaan in die stad na 'n sekere persoon en sê vir hom, ‘Die Leermeester sê: My tyd is naby; Ek wil die Pasga met my dissipels by jou vier.’ ” ¹⁹ Die dissipels het gemaak soos Jesus hulle beveel het, en die Pasga voorberei. ²⁰ Teen die aand het Hy saam met die twaalf vir ete aangeleun.ⁱ ²¹ Terwyl hulle geëet het, het Hy gesê: “•Amen, Ek sê vir julle: Een van julle sal My verraaï.” ²² Hulle was baie ontsteld, en een ná die ander het Hom begin vra: “Dit is seker nie ek nie, Here?” ²³ Hy het geantwoord: “Die een wat saam met My sy hand in die skottel insteek, hy sal My verraaï.* ²⁴ Die •Seun van die Mens gaan wel heen, soos daar oor Hom geskryf staan,^j maar ellende wag op daardie man deur wie die Seun van die Mens verraaï word. Dit sou vir

***26:15** Hulle ... ooreengekom: Sag 11:12; Eks 21:32

^g**26:17 Fees ... Brood:** 'n Fees wat begin het met die •Pasga en wat sewe dae lank aangehou het, van 14 tot 21 •Nisan. In daardie sewe dae moes die Israeliete brood eet wat nie suurdeeg in het nie; •Feeste.

^h**26:17 Pasga:** Die fees wanneer elke gesin in Israel 'n lam moes slag en dit moes eet saam met bitter kruie en ongesuurde brood. Hulle moes die fees vier op 14 •Nisan, tydens die volmaannag in Maart-April; •Feeste.

ⁱ**26:20 vir ete aangeleun:** Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

***26:23 Die een ... verraaï:** Ps 41:10

^j**26:24 Die Seun ... staan:** Verwys na Ps 22:8-9,17-19; Jes 53:9 as heenwysings na Jesus Christus.

hom beter gewees het as hy nooit gebore was nie.”²⁵ Judas, sy verraaier, sê toe daarop: “Dit is seker nie ek nie, Rabbi?”^k Hy antwoord hom: “Jý het dit gesê.”

Instelling van die Nagmaal

(Mark 14:22-26; Luk 22:18-20; 1 Kor 11:23-25)

²⁶ Terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem, en nadat Hy die seëngebed uitgespreek het, breek Hy dit, gee dit vir die dissipels* en sê: “Neem, eet, dit is my liggaam.”²⁷ Toe het Hy die beker geneem, gedank, dit vir hulle gegee en gesê: “Drink almal daaruit,²⁸ want dit is my bloed,* die bloed van die verbond* wat vir baie uitgegiet word tot vergewing van sondes.²⁹ Ek sê vir julle: Van nou af sal Ek beslis nie weer van hierdie vrug van die druiwestok drink nie tot daardie dag wanneer Ek dit nuut saam met julle sal drink in die •koninkryk van my Vader.”³⁰ Nadat hulle die lofsang gesing het,* het hulle na die Olyfberg vertrek.*

Waarskuwing aan Petrus

(Mark 14:27-31; Luk 22:31-34; Joh 13:36-38)

³¹ Toe sê Jesus vir hulle: “Julle sal almal in hierdie nag van My afvallig raak. Daar staan immers geskryf,

“ ‘Ek sal die herder neerverel,
en die skape van die kudde

^k**26:25 Rabbi:** 'n Eerbiedige aanspreekvorm in Hebreeus en Aramees wat ‘my •Meester’ beteken.

***26:26** *het Jesus ... dissipels:* Matt 14:19; 15:36; Mark 6:41; 8:6; Luk 9:16

***26:26-28** *het Jesus ... my bloed:* 1 Kor 10:16

***26:28** *dit is ... verbond:* Eks 24:8; Jer 31:31; Sag 9:11; Heb 9:20

***26:30** *Nadat ... gesing het:* Ps 113 — 118

***26:30** *het hulle ... vertrek:* Luk 22:39

sal uitmekaar gejaag word.¹

³² * “Maar nadat Ek opgewek is, sal Ek voor julle uit gaan na Galilea.”

³³ • Petrus het egter vir Hom gesê: “Selfs al sal almal van U afvallig raak, ek sal nooit afvallig raak nie.” ³⁴ Jesus het hom geantwoord: “•Amen, Ek sê vir jou, jy sal My in hierdie nag, voor 'n haan kraai, drie maal verloën.*” ³⁵ Petrus sê toe vir Hom: “Selfs al moet ek saam met U sterf,* ek sal U beslis nie verloën nie.” Al die dissipels het dieselfde gesê.

Jesus in Getsemane

(Mark 14:32-42; Luk 22:39-46)

³⁶ Toe gaan Jesus saam met hulle na 'n plek wat Getsemane genoem word,* en Hy sê vir die dissipels: “Bly hier sit totdat Ek klaar gaan bid het.” ³⁷ Hy neem toe vir •Petrus en die twee seuns van Sebedeus saam.* En Hy het bedroef en beangs begin word. ³⁸ Toe sê Hy vir hulle: “My siel^m is diep bedroef,* tot die dood toe.* Bly hier en waak saam met My.” ³⁹ *Hy het toe 'n entjie verder gegaan, met sy gesig teen die grond neergeval en gebid: “My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan. Nogtans, nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.” ⁴⁰ Hy kom toe

¹26:31 **Ek ... word:** Aanhaling deur Jesus uit Sag 13:7 toegepas op die gebeure by sy optrede; vgl Matt 26:56; Joh 16:32.

*26:32 Matt 28:7,16

*26:34 *jy sal ... verloën:* Matt 26:69-75; Mark 14:66-72; Luk 22:56-62; Joh 18:25-27

*26:35 *Selfs ... sterf:* Joh 11:16

*26:36 *gaan ... genoem word:* Joh 18:1

*26:37 *Hy ... saam:* Matt 17:1; Mark 5:37; 14:33; Luk 8:51; 9:28

^m26:38 **siel:** Die mens se gemoed met sy emosies en stemmings.

*26:38 *My ... bedroef:* Ps 42:6,12; 43:5; Joh 12:27

*26:38 *My ... toe:* Jona 4:9

*26:39 Heb 5:7-8

by die dissipels en vind hulle aan die slaap, en Hy sê vir Petrus: “Was julle dan nie in staat om een uur lank saam met My te waak nie? ⁴¹ Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie.* Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.” ⁴² Hy het vir 'n tweede keer weggegaan en gebid: “My Vader, as dit nie moontlik is dat hierdie beker verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied.*” ⁴³ Toe Hy terugkom, vind Hy hulle weer aan die slaap, want hulle oë was swaar van die slaap. ⁴⁴ Hy het hulle toe daar agtergelaat, weer teruggegaan en vir die derde keer gebid,* en dieselfde woorde herhaal. ⁴⁵ Toe kom Hy by die dissipels en sê vir hulle: “Julle slaap en rus nog steeds?ⁿ Kyk, die uur het aangebreek,* en die •Seun van die Mens word in die hande van sondaars oorgelewer.* ⁴⁶ Staan op, laat ons gaan.* Kyk, die een wat My verrai, is naby.”

Jesus gevange geneem

(Mark 14:43-50; Luk 22:47-53; Joh 18:3-11)

⁴⁷ Jesus was nog besig om te praat, toe Judas, een van die twaalf, skielik daar opdaag. Saam met hom was daar 'n groot menigte met swaarde en knuppels, gestuur deur die leierpriesters en familiehoofde van die volk. ⁴⁸ Sy verraaier het vir hulle 'n teken gegee: “Die een wat ek soen, dit is hy. Gryp hom.” ⁴⁹ Hy het dadelik na Jesus gegaan en gesê, “Gegroet, Rabbi!”,^o en Hom gesoen. ⁵⁰ Jesus het vir hom gesê: “Vriend, doen

*26:41 *bid ... kom nie*: Matt 6:13; Luk 11:4

*26:42 *laat ... geskied*: Matt 6:10

*26:44 *vir ... gebid*: 2 Kor 12:8

ⁿ26:45 *Julle slaap ... steeds*: Of: “Slaap en rus verder!”

*26:45 *die uur ... aangebreek*: Joh 12:23; 13:1; 17:1

*26:45 *die Seun ... oorgelewer*: Matt 17:22; Mark 9:31; 10:33; Luk 9:44; 24:7

*26:46 *Staan ... gaan*: Joh 14:31

^o26:49 *Rabbi*: 'n Eerbiedige aanspreekvorm in Hebreeus en Aramees wat ‘my •Meester’ beteken.

waarvoor jy hier is.”^p Toe het hulle nader gekom, Jesus gegryp en Hom gevange geneem. ⁵¹ *En skielik het een van dié saam met Jesus na sy swaard gegryp en dit uitgetrek. Hy het die slaaf van die hoëpriester getref en sy oor^q afgekap. ⁵² Toe sê Jesus vir hom: “Bêre jou swaard op sy plek. Want almal wat die swaard opneem, sal deur die swaard omkom.* ⁵³ Of dink jy nie Ek kan maar net my Vader vra, en Hy sal dadelik meer as twaalf legioene^r engele tot My beskikking stel nie? ⁵⁴ Maar hoe sal die Skrifte dan vervul word wat sê dat dit so moet gebeur?” ⁵⁵ Op daardie oomblik het Jesus vir die menigte gevra: “Het julle soos teen 'n rower uitgetrek met swaarde en knuppels om My gevange te neem?^s Dag ná dag het Ek op die tempelsterrein^t gesit en onderrig gee,* en julle het My nie gevange geneem nie. ⁵⁶ Maar dit alles het gebeur, sodat die Skrifte van die profete vervul sou word.” Daarop het al die dissipels Hom in die steek gelaat en gevlug.*

Jesus voor die Sanhedrin

(Mark 14:53-65; Luk 22:54-55,63-71; Joh 18:13-14,19-24)

⁵⁷ Die mense wat Jesus gevange geneem het, het Hom weggelei na

^p26:50 *doen ... is:* Of “waarvoor is jy hier?”

*26:51 Joh 18:26

^q26:51 *oor:* Die Grieks gebruik hier 'n verkleinwoord (oortjie) wat daarop kan dui dat dit net 'n deel van die oor was.

*26:52 *Want ... omkom:* Gen 9:6; Op 13:10

^r26:53 *legioene:* 'n Romeinse militêre eenheid van 6 000 voetsoldate en 'n berede mag. Die woord dui hier 'n groot getal aan; •Militêre terme.

^s26:55 *Het julle ... neem:* Of “Julle het soos teen 'n rower uitgetrek met swaarde en knuppels om My gevange te neem.”

^t26:55 *tempelsterrein:* Dit verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhowe.

*26:55 *Dag ... gegee:* Luk 19:47; 21:37; Joh 18:20

*26:56 *Daarop ... gevlug:* Sag 13:7; Matt 26:31; Joh 16:32

Kajafas, die hoëpriester, waar die skrifkenners en die familiehoofde vergader het.⁵⁸ • Petrus het Hom op 'n afstand gevolg, tot in die voorhof van die hoëpriester. Hy het na binne gegaan en by die dienspersoneel gaan sit om te sien hoe dit sou afloop.⁵⁹ Die leierpriesters en die hele Sanhedrin^u het vals getuienis teen Jesus gesoek, sodat hulle Hom kon doodmaak.⁶⁰ Hulle kon egter niks vind nie, hoewel baie vals getuies na vore gekom het. Later het twee egter na vore gekom⁶¹ en gesê: “Hierdie man het gesê, ‘Ek kan die •tempel van God afbreek en binne drie dae weer opbou.’ ”*⁶² Daarop het die hoëpriester opgestaan en vir Hom gesê: “Antwoord jy dan niks op wat hierdie mense teen jou getuig nie?”⁶³ Maar Jesus het stilgebly.^v Die hoëpriester sê toe vir Hom: “Ek besweer jou by die lewende God dat jy vir ons moet sê of jy die Christus,^w die •Seun van God is.”*⁶⁴ Jesus antwoord hom: “Ú het dit gesê. Maar Ek sê vir julle:

“Van nou af sal julle
die •Seun van die Mens sien sit
aan die regterhand^{xy} van die Magtige,

^u**26:59 Sanhedrin:** Die Joodse Raad, die hoogste hof van die Jode. Dit het bestaan uit 71 lede, afkomstig uit die •Sadduseërs, die vernaamste Joodse families en die skrifkenners. Die dienende hoëpriester was die voorsitter.

***26:61 Hierdie ... opbou:** Matt 27:40; Joh 2:19; Hand 6:14

^v**26:63 Maar ... stilgebly:** Verwys na Jes 53:7 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 27:12,14; Luk 23:9; Joh 19:9

^w**26:63 Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

***26:63 Ek besweer ... God is:** Matt 16:16-17

^x**26:64 regterhand:** 'n Posisie aan die •regterhand van 'n persoon is gesien as 'n posisie van voorrang.

^y**26:64 die Seun ... regterhand:** Aanhaling deur Jesus uit Ps 110:1 as heenwysing na Homself.

en Hom op die wolke van die hemel sien kom.”^z

⁶⁵ Toe het die hoëpriester sy boklere geskeur* en gesê: “Hy het gelaster! Waarom het ons nog getuies nodig? Waarlik, nou het julle die lastering gehoor. ⁶⁶ Wat is julle bevinding?” Hulle het geantwoord: “Hy verdien die dood.”^{* 67} Toe het hulle in sy gesig gespoeg en Hom met die vuig geslaan. Sommige het Hom geklap^{a 68} en gesê: “Profeteer vir ons, o Christus, wie is dit wat u geslaan het?”

Verloëning deur Petrus

(Mark 14:66-72; Luk 22:56-62; Joh 18:15-18,25-27)

⁶⁹ •Petrus het buite gesit, in die binnehof. 'n Sekere diensmeisie het na hom gekom en gesê: “Jy was ook saam met Jesus die Galileër.” ⁷⁰ Hy het dit egter voor almal ontken: “Ek weet nie waarvan jy praat nie.” ⁷¹ En 'n ander diensmeisie het hom na die poort sien loop, en sê toe vir die mense daar: “Hierdie man was saam met Jesus die Nasarener.” ⁷² Weer het hy dit ontken, met 'n eed: “Ek ken die man nie.” ⁷³ Ná 'n rukkie het die omstanders nader gekom en vir Petrus gesê: “Jy is beslis ook een van hulle; trouens, jou uitspraak verklap jou.” ⁷⁴ Daarop begin hy vloek, en sweer: “Ek ken die man nie!” En onmiddellik het 'n haan gekraai. ⁷⁵ Toe het Petrus die woorde onthou wat Jesus gesê het: “Voordat 'n haan kraai, sal jy My drie maal verloën.”^{*} En hy het na buite gegaan en bitterlik begin huil.

^z26:64 *die Seun ... kom:* Aanhaling deur Jesus uit Dan 7:13 as heenwysing na Homself; vgl Matt 24:30; Mark 14:62; Luk 21:27.

^{*}26:65 *het ... geskeur:* Num 14:6; 2 Sam 13:19; Esra 9:3; Job 1:20; 2:12; Jer 36:24; Hand 14:14

^{*}26:65-66 *Hy het gelaster ... die dood:* Lev 24:16; Joh 19:7

^a26:67 *het hulle ... geklap:* Verwys na Jes 50:6; 53:5 as heenwysings na Jesus Christus.

^{*}26:75 *het Petrus ... verloën:* Matt 26:34; Mark 14:30; Luk 22:34; Joh 13:38

Uitlewering van Jesus aan Pilatus

(Mark 15:1; Luk 23:1; Joh 18:28)

¹ Teen dagbreek het al die leierpriesters en die familiehoofde van die volk teen Jesus 'n besluit geneem* om Hom dood te maak.* ² Hulle het Hom toe geboei, weggelei en aan •Pilatus, die prokurator,^b uitgelewer.

Dood van Judas

(Hand 1:18-19)

³ Toe Judas, sy verraaier, sien dat Hy veroordeel is, het hy berou gekry. Hy het toe die dertig silwerstukke^c na die leierpriesters en familiehoofde teruggeneem* ⁴ en gesê: “Ek het gesondig, want ek het onskuldige bloed verrai.” Hulle het egter gesê: “Wat het dit met ons te doen? Jy moet maar self omsien.*” ⁵ *Hy het toe die silwerstukke in die •tempel neergegooi, weggegaan en homself gaan ophang. ⁶ Die leierpriesters het die silwerstukke geneem en gesê: “Dit is nie toelaatbaar om dit in die skatkis te gooi nie, aangesien dit bloedgeld is.” ⁷ Hulle het toe 'n besluit geneem, en met die geld die grond van die pottebakker aangekoop as 'n begraafplaas vir •vreemdelinge. ⁸ Daarom word daardie grond tot vandag toe Bloedgrond genoem. ⁹ Toe is die uitspraak van die profeet Jeremia

*27:1 Teen dagbreek ... geneem: Luk 22:66

*27:1 'n besluit ... maak: Matt 12:14; Mark 3:6

^b27:2 **prokurator**: Amptenaar wat namens die keiser in beheer was oor 'n Romeinse provinsie; •Romeinse ampsdraers.

^c27:3 **silwerstukke**: Een silwer geldstuk of denarius was ongeveer die dagloon van 'n arbeider werd; •Geldeenhede.

*27:3 Hy het toe ... teruggeneem: Matt 26:14-15

*27:4 Jy ... omsien: Matt 27:24

*27:5-10 Hand 1:18-19

vervul: “Hulle het die dertig silwerstukke, die prys waarteen Hy deur die kinders van Israel gewaardeer is, geneem ¹⁰ en dit vir die grond van die pottebakker gegee, net soos die Here my beveel het.”^d

Jesus voor Pilatus

(Mark 15:2-5; Luk 23:3-5; Joh 18:33,37-38)

¹¹ Jesus het voor die prokurator^e verskyn, en die prokurator het Hom ondervra: “Is u die koning van die Jode?”^{*} Jesus sê toe: “U sê dit.” ¹² Die hele tyd wat Hy deur die leierpriesters en familiehoofde beskuldig is, het Hy niks geantwoord nie.^f ¹³ Daarop sê •Pilatus vir Hom: “Hoor u nie wat hulle alles teen u getuig nie?” ¹⁴ Hy het hom egter op geen enkele woord geantwoord nie,^g sodat die prokurator uitermate verwonderd was.

Jesus ter dood veroordeel

(Mark 15:6-15; Luk 23:13-25; Joh 18:39-40; 19:6,14-16a)

¹⁵ By elke fees het die prokurator^h die gebruik gehad om vir die skare een gevangene van hulle eie keuse vry te laat. ¹⁶ Hulle het in daardie stadium 'n berugte gevangene aangehou met die naam Jesusⁱ Barabbas.

^d27:9-10 *Hulle ... beveel het*: Matteus verwys na Jeremia (vgl Jer 18:2-3; 32:6-9), maar haal aan uit Sag 11:12-13.

^e27:11 *prokurator*: Amptenaar wat namens die keiser in beheer was oor 'n Romeinse provinsie; •Romeinse ampsdraers.

^{*}27:11 *koning ... Jode*: Matt 2:2; 27:29,37; Mark 15:9,12,18,26; Luk 23:37-38; Joh 18:39; 19:3,19,21

^f27:12 *het Hy ... geantwoord nie*: Verwys na Jes 53:7 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 26:63; 27:14; Luk 23:9; Joh 19:9.

^g27:14 *Hy het ... geantwoord nie*: Vgl die voetnoot in 27:12.

^h27:15 *prokurator*: Amptenaar wat namens die keiser in beheer was oor 'n Romeinse provinsie; •Romeinse ampsdraers.

ⁱ27:16 *Jesus*: Volgens die manuskripgetuigenis is dit nie heeltemal seker of hierdie woord oorspronklik deel van die •bronteks was nie.

¹⁷ Toe die skare byeen was, het •Pilatus vir hulle gevra: “Wie wil julle hê moet ek vir julle vrylaat, Jesus^j Barabbas of Jesus wat as Christus^k bekend staan?” ¹⁸ Want hy het geweet dat hulle Hom uit naywer oorgelewer het. ¹⁹ Terwyl hy op die regterstoel sit, het sy vrou 'n boodskap na hom gestuur: “Jy moet niks te doen hê met daardie •regverdige man nie, want ek het vannag in 'n droom baie oor hom verduur.” ²⁰ Die leierpriesters en die familiehoofde het die skare egter oorreed dat hulle op Barabbas moes aandring, en dat hulle Jesus moes laat doodmaak. ²¹ *Die prokurator het hulle weer gevra: “Wie van die twee wil julle hê moet ek vir julle vrylaat?” Hulle het geroep: “Barabbas!” ²² *Pilatus vra hulle toe: “Wat moet ek dan maak met Jesus wat as Christus bekend staan?” Hulle roep toe almal uit: “Laat Hy gekruisig word!” ²³ Hy het gevra: “Maar watter kwaad het hy dan gedoen?” Hulle het egter nog harder geskreeu: “Laat Hy gekruisig word!” ²⁴ Toe Pilatus sien dat hy niks bereik nie, maar dat daar eerder 'n oproer kom, het hy water geneem en voor die skare sy hande gewas en gesê: “Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie man.** Julle moet maar self omsien.*” ²⁵ Die hele volk het geantwoord: “Laat sy bloed op ons en ons kinders kom!”* ²⁶ Daarop het hy Barabbas vir hulle vrygelaat, maar Jesus het hy laat gesel, en toe oorgelewer om gekruisig te word.

^j**27:17 Jesus:** Vgl Matt 27:16.

^k**27:17 Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

***27:21** Hand 3:14

***27:22-23** Hand 3:13; 13:28

***27:24** *het hy ... man:* Deut 21:6-9; Ps 26:6

***27:24** *Ek ... man:* Hand 18:6; 20:26

***27:24** *Julle ... omsien:* Matt 27:4

***27:25** *Laat ... kom:* Eseg 33:5; Hand 5:38

Bespotting van Jesus

(Mark 15:16-20; Joh 19:2-3)

²⁷ Toe het die soldate van die prokurator^l vir Jesus na die pretorium^m saamgeneem, en die hele kohort soldateⁿ by Hom byeengebring. ²⁸ *Hulle het sy klere uitgetrek en 'n helderrooi mantel om Hom gehang. ²⁹ Nadat hulle 'n kroon van doringtakies gevleg het, het hulle dit op sy kop gesit, en 'n riet in sy regterhand. Hulle het voor Hom gekniel en met Hom die spot gedryf: “Gegroet, koning van die Jode!”* ³⁰ °Hulle het op Hom gespoeg en die riet geneem, en Hom herhaaldelik op sy kop geslaan. ³¹ Nadat hulle met Hom gespot het, het hulle die mantel afgehaal, sy boklere vir Hom aangetrek en Hom weggelei om Hom te kruisig.

Kruisiging van Jesus

(Mark 15:21-32; Luk 23:26,32-39; Joh 19:17-19,24,39)

³² Op pad na buite het hulle 'n man van Sirene met die naam Simon teengekom. Hulle het hierdie man gedwing om Jesus se kruis te dra. ³³ Toe hulle by 'n plek kom met die naam Golgota, wat ‘Kopbeenplek’^p

^l27:27 *prokurator*: Amptenaar wat namens die keiser in beheer was oor 'n Romeinse provinsie; •Romeinse ampsdraers.

^m27:27 *pretorium*: Die •bronteks lui *praitorion*. Hier verwys dit na die vesting Antonia, waar die soldate gestasioneer was en die prokurator gedurende feestye tuisgegaan het.

ⁿ27:27 *kohort soldate*: 'n Afdeling Romeinse soldate, wat uit 200 tot 1 000, maar gewoonlik 600 man, bestaan het; •Militêre terme.

*27:28-30 Luk 23:11

*27:29 *koning ... Jode*: Matt 2:2; 27:29,37; Mark 15:9,12,18,26; Luk 23:37-38; Joh 18:39; 19:3,19,21

°27:30 Verwys na Jes 50:6 as heenwysing na Jesus Christus.

^p27:33 *Kopbeenplek*: 'n Heuwel buite Jerusalem waar teregstellings plaasgevind het.

beteken,³⁴ het hulle vir Hom wyn, gemeng met 'n giftige kruid,^q gegee om te drink.^r En toe Hy dit proe, wou Hy dit nie drink nie.³⁵ Nadat hulle Hom gekruisig het, het hulle sy boklere verdeel deur daaroor te loot.^s

³⁶ Daarna het hulle daar gaan sit en Hom bewaak.³⁷ Bo sy kop het hulle die aanklag teen Hom aangebring, wat lui: “Hy is Jesus, die koning van die Jode.”³⁸ †Toe is twee rowers saam met Hom gekruisig, een aan sy regterhand en een aan sy linkerhand.³⁹ Die verbygangers het Hom gelaster, terwyl hulle hulle koppe skud^u ⁴⁰ en sê: “Jy wat die •tempel afbreek en in drie dae opbou* — as jy die •Seun van God is,* red jousef, en kom af van die kruis!”

⁴¹ Net so het ook die leierpriesters saam met die skrifkenners en familiehoofde die spot gedryf en gesê: ⁴² “Ander het hy gered, homself kan hy nie red nie. Hy is die koning van Israel,* laat hy nou afkom van die kruis, en ons sal in hom glo. ⁴³ Hy het op God vertrou, laat Hy hom nou red as Hy wil.^v Hy het immers gesê: Ek is die Seun van God.”⁴⁴ Op dieselfde

^q**27:34 giftige kruid:** Waarskynlik giftige kerwel, wat die sentrale senuweestelsel verdoof. Word ook vertaal “gal” op grond van Grieks *chole* wat ‘gal’ of ‘gif’ beteken.

^r**27:34 het hulle ... drink:** Verwys na Ps 69:22 as heenwysing na Jesus Christus.

^s**27:35 het hulle ... loot:** Verwys na Ps 22:19 as heenwysing na Jesus Christus.

^{*}**27:37 die koning ... Jode:** Matt 2:2; 27:11,29; Mark 15:9,12,18,26; Luk 23:37-38; Joh 18:39; 19:3,19,21

[†]**27:38** Verwys na Jes 53:12 as heenwysing na Jesus Christus.

^u**27:39 terwyl ... skud:** Verwys na Ps 22:8; 109:25; Klaagl 2:15 as heenwysings na Jesus Christus.

^{*}**27:40 Jy ... opbou:** Matt 26:61; Mark 14:58; Joh 2:19-20

^{*}**27:40 as ... is:** Matt 4:3,6; 26:63; Luk 4:3,9

^{*}**27:42 koning van Israel:** Joh 1:49; 12:13

^v**27:43 Hy het op ... wil:** Verwys na Ps 22:9 as heenwysing na Jesus Christus.

^{*}**27:43 laat Hy ... van God:** Wys 2:18-20 *Hy het immers ... van God:* Joh 5:18; 10:36; 19:7

manier het ook die rowers wat saam met Hom gekruisig is, Hom beledig.

Jesus sterf

(Mark 15:33-41; Luk 23:44-49; Joh 19:25,28-30)

⁴⁵ *Vanaf die sesde tot die negende uur^w het daar duisternis oor die hele aarde^x toegesak. ⁴⁶ Teen ongeveer die negende uur het Jesus met 'n harde stem uitgeroep: “*Eli, Eli, lemá sabagtáni?*”^y Dit beteken ‘My God, my God, waarom het U My verlaat?’^z ⁴⁷ Toe sommige van dié wat daar staan, dit hoor, het hulle gesê: “Hy roep na Elia.” ⁴⁸ *Dadelik het een van hulle nader gehardloop, 'n spons geneem, dit in suur wyn geweek, op 'n riet gesit, en vir Hom gegee om te drink. ⁴⁹ Maar die ander het gesê: “Wag, laat ons sien of Elia hom kom red.” ⁵⁰ Toe het Jesus weer met 'n harde stem uitgeroep en sy asem uitgeblaas.^a ⁵¹ En kyk, die tempelgordyn in die heiligdom* is van bo tot onder in twee geskeur, die aarde is geskud en die rotse is oopgebreek. ⁵² Die grafte is geopen en baie liggame van •ontslape •heiliges is opgewek. ⁵³ Hulle het ná sy opstanding uit die grafte gekom,* in die Heilige Stad* ingegaan en aan baie verskyn. ⁵⁴ Toe die *hekatontarg*^b en dié wat Jesus saam met hom bewaak het, die skudding en die dinge

*27:45 Am 8:9

^w27:45 *sesde ... negende uur*: Volgens Westerse tydsbepaling van 12:00 tot 15:00; •Tydsindeling.

^x27:45 *hele aarde*: Kan ook vertaal word “hele land”.

^y27:46 *Eli ... sabagtáni*: Aramese aanhaling deur Jesus uit Ps 22:2 as 'n uitspraak wat in Homself vervul is; vgl Mark 5:34.

^z27:46 *My God ... verlaat*: Griekse vertaling in die •bronteks van die Aramees.

*27:48 Ps 69:22

^a27:50 *asem uitgeblaas*: Letterlik ‘die gees gegee’.

*27:51 *tempelgordyn ... heiligdom*: Eks 26:31-35; Heb 10:20

*27:52-53 *baie liggame ... grafte gekom*: Eseg 37:12

*27:53 *die Heilige Stad*: Matt 4:5; Op 11:2; 21:2,10; 22:19

^b27:54 *hekatontarg*: 'n Griekse benaming vir 'n bevelvoerder oor 100; •Romeinse ampsdraers.

wat gebeur, sien, was hulle vreesbevange en het gesê: “Hy was werklik •Seun van God.”⁵⁵ *Daar was baie vroue teenwoordig wat van ver af toegekyk het. Dit was vroue wat Jesus van Galilea af gevolg en Hom gedien het.⁵⁶ Onder hulle was Maria Magdalena,^c Maria, die ma van Jakobus en Josef, en die ma van die seuns van Sebedeus.*

Jesus in die graf

(Mark 15:42-47; Luk 23:50-56; Joh 19:38-42)

⁵⁷ *Toe dit laat geword het, het 'n ryk man van Arimatea, met die naam Josef, daar aangekom. Ook hy was 'n dissipel van Jesus.⁵⁸ Dié man het •Pilatus genader en die liggaam van Jesus gevra. Toe het Pilatus beveel dat dit gegee word.⁵⁹ Josef het die liggaam geneem, dit toegedraai in 'n skoon linnedoek,⁶⁰ en neergelê in die nuwe graf* wat hy vir homself in die rots laat uitkap het. Hy het toe 'n groot klip voor die ingang van die graf gerol* en weggegaan.⁶¹ Maria Magdalena was daar, ook die ander Maria,* en hulle het teenoor die graf bly sit.

Bewaking van Jesus se graf

⁶² Die volgende dag — dit is die dag ná Voorbereidingsdag^d — het die

*27:55-56 Luk 8:2-3

^c27:56 **Maria Magdalena:** Die bronteks noem haar deurgaans “Maria, die Magdaleense vrou,” dws ‘Maria, die vrou afkomstig uit Magdala’. Magdala is 'n dorpie aan die wesoewer van die •See van Galilea.

*27:56 en die ma ... Sebedeus: Matt 20:20

*27:57-58 Deut 21:22-23

*27:59-60 Josef ... graf: Mark 6:29; Hand 13:29

*27:60 Hy het ... gerol: Matt 28:2; Mark 16:3-4; Luk 24:2; Joh 20:1

*27:61 Maria ... ander Maria: Matt 27:56; 28:1; Mark 15:40,47; 16:1; Luk 24:10; Joh 19:25

^d27:62 **Voorbereidingsdag:** 'n Dag van voorbereiding voor 'n feesdag (in hierdie geval die Sabbat). Hierdie Voorbereidingsdag het dus op 'n Vrydag geval.

leierpriesters en die •Fariseërs by •Pilatus byeengekom ⁶³ en gesê: “Meneer, ons het onthou dat toe hy nog geleef het, daardie bedrieër gesê het, ‘Ná drie dae sal Ek weer opgewek word.’” ⁶⁴ Beveel dan dat die graf tot op die derde dag beveilig word, sodat sy dissipels hom nie gaan steel en vir die volk sê, ‘Hy is opgewek uit die dood!’ nie. Die laaste dwaling sal erger wees as die eerste.” ⁶⁵ Pilatus het vir hulle gesê: “Julle kry 'n wag van soldate. Gaan beveilig die graf soos julle goeddink.” ⁶⁶ Hulle het toe gegaan en die graf beveilig deur die klip te verseël en die wagte daar te plaas.

28

Opwekking van Jesus

(Mark 16:2-11; Luk 24:1-11; Joh 20:1-2,14-18)

¹ Ná die Sabbat, teen dagbreek op die eerste dag van die week,^e het Maria Magdalena^f en die ander Maria^{*} gegaan om na die graf te kyk. ² Skielik was daar 'n groot aardbewing,^{*} want 'n engel van die Here het uit die hemel neergedaal, nadergegaan, die steen weggerol^{*} en daarop gaan sit. ³ Sy voorkoms was soos weerlig en sy klere wit soos sneeu.^{*} ⁴ Uit

***27:63** *Ná ... word:* Matt 12:40; 16:21; 17:23; 20:19; Mark 8:31; 9:31; 10:34; Luk 9:22; 18:33; 24:7

***27:64** *Die laaste ... eerste:* Matt 12:45; Luk 11:26; 2 Pet 2:20

^e**28:1** *eerste ... week:* Letterlik ‘op die eerste van die Sabbatte’, dws Sondag; •Tydsindeling; vgl Matt 27:56,61; Mark 15:40,47; Joh 19:25.

^f**28:1** *Maria Magdalena:* Die •bronteks noem haar deurgaans “Maria, die Magdaleense vrou,” dws ‘Maria, die vrou afkomstig uit Magdala’. Magdala is 'n dorpie aan die wesoewer van die •See van Galilea.

***28:1** *Maria ... ander Maria:* Matt 27:56,61; Mark 15:40,47; Joh 19:25

***28:2** *Skielik ... aardbewing:* Matt 27:51

***28:2** *die steen weggerol:* Matt 27:60; Mark 15:46

***28:3** *sy klere ... sneeu:* Matt 17:2; Mark 9:3; Luk 9:29; Hand 1:10

vrees vir hom het dié wat die graf bewaak, gebewe en soos dooies geword. ⁵ Toe antwoord die engel die vroue en sê: “Moenie langer bang wees nie, want ek weet julle soek Jesus, die gekruisigde. ⁶ Hy is nie hier nie, want Hy is opgewek, soos Hy gesê het.* Kom kyk na die plek waar Hy gelê het; ⁷ en haas julle en gaan sê vir sy dissipels, ‘Hy is opgewek uit die dood! Kyk, Hy gaan voor julle uit na Galilea;* daar sal julle Hom sien.* Dit het ek vir julle gesê.’ ” ⁸ Met vrees en groot blydschap het hulle haastig van die graf af weggegaan en gehardloop om die boodskap aan sy dissipels oor te dra. ⁹ Onverwags het Jesus hulle tegemoet gekom en gesê: “Gegroet!” Hulle gaan toe nader, gryp sy voete en aanbid Hom. ¹⁰ Daarop sê Jesus vir hulle: “Moenie langer bang wees nie. Gaan sê vir my broers* dat hulle na Galilea moet gaan; daar sal hulle My sien.*”

Die wagte se leuen

¹¹ Terwyl die vroue op pad was, het enkele van die wagte na die stad gegaan en alles wat gebeur het, aan die leierpriesters berig. ¹² Die leierpriesters[§] het toe met die familiehoofde bymekaargekom, en 'n besluit geneem om 'n groot som geld aan die soldate te gee, ¹³ met die opdrag: “Sê, ‘Sy dissipels het in die nag gekom en hom gesteel* terwyl ons geslaap het.’ ¹⁴ En as die prokurator^h daarvan te hore kom, sal ons

* **28:6** want Hy ... gesê het: Matt 12:40; 16:21; 17:23; 20:19; Mark 8:31; 9:31; 10:34; Luk 9:22; 18:33; 24:7

* **28:7** Hy is ... Galilea: Matt 26:32; Mark 14:28

* **28:7** Hy gaan ... sien: Matt 28:10,16; Joh 21:1-23

* **28:10** Gaan ... broers: Joh 20:17

* **28:10** Gaan ... sien: Matt 26:32; 28:7,16; Mark 14:28; Joh 21:1-23

§ **28:12** Die leierpriesters: Die •bronteks lui “hulle”.

* **28:13** Sê ... gesteel: Matt 27:64

^h**28:14** prokurator: Amptenaar wat namens die keiser in beheer was oor 'n Romeinse provinsie; •Romeinse ampsdraers.

hom gerusstel en sorg dat julle nie in die moeilikheid beland nie.”

¹⁵ Hulle het die geld toe geneem en gemaak soos hulle voorgesê is.

Hierdie storie word tot vandag toe onder die Jode versprei.

Jesus se laaste opdrag

(Mark 16:15; Luk 24:46-48; Joh 20:21; Hand 1:8)

¹⁶ *Die elf dissipels het na Galilea gegaan, na die berg waarheen Jesus hulle ontbied het. ¹⁷ Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, maar sommige het getwyfel. ¹⁸ Jesus het nader gekom en vir hulle gesê: “Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde.ⁱ ¹⁹ Gaan dan en maak dissipels van al die nasies, * deur hulle te doop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees, ²⁰ en hulle te leer om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle^j al die dae, tot aan die voleinding van die wêreld.*”

***28:16** Matt 26:32; 28:7,10

ⁱ**28:18** *Aan ... aarde:* Verwys na Dan 7:14 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 11:27; Joh 3:35; 13:3; 17:2; Ef 1:20-22; Fil 2:9-10.

***28:19** *Gaan ... nasies:* Hand 1:8

^j**28:20** *Ek is met julle:* Verwys na Hag 1:13 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 18:20; Joh 14:23.

***28:20** *voleinding ... wêreld:* Matt 13:39,49; 24:3